Digitized by the Internet Archive
in 2016 with funding from
South African National Biodiversity Institute Libraries

https://archive.org/details/faunafloraoftran2030unse

MARY GUNN LIBRARY
NATIONAL BOTANICAL INSTITUTE
PRIVATE BAG X 101
PRETORIA 0001
REPUBLIC [illegible] AFRICA

MARY GUNN LIBRARY
0000030098
South African National
Biodiversity Institute

fauna & flora

Maart 1970 Nommer 20

fauna & flora

TRANSVAALSE AFDELING
NATUURBEWARING

MAART 1970 NOMMER 20

INHOUD

Bourke's Luck Kolkgate 1
Hoogvat 2
Visserybestuur in Transvaal 6
Loskop 8
Dit Kan Gedoen Word 10
Voëls En Hulle Nessies 11
Die Wonder Van Water 12
Veldbrokkies 13
Bloukurper 14

VOORBLAD: 'n Pasgebore njala-lammetjie afgeneem in die Loskopdam-natuurreservaat deur R. N. Grafton.

TRANSVAALSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE AFDELING NATUURBEWARING

Voorsitter van Adviesraad: A. J. Koen
Direkteur: S. S. du Plessis
Assistent Direkteur, Bestuur: W. K. Kettlitz
Asst. Dir. Navorsing & Voorligting: S. M. Hirst

FAUNA & FLORA

Redakteur: Roger N. Grafton
Kunstenares: Aleida van der Merwe

Fauna & Flora is 'n amptelike publikasie van die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring en word gepubliseer vanaf die Hoofkantoor van die Afdeling, Kerkstraat, Pretoria.

Intekening is gratis. Skriftelike aansoeke moet gerig word aan: Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 209, Pretoria, Transvaal, Republiek van Suid-Afrika.

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika
deur Heer Drukkers (Edms) Bpk, Pretoria

ons nuwe tydskrif

Dit is die eerste uitgawe van die veranderde Fauna & Flora tydskrif en daar word vertrou dat hierdie nuwe uitgawe 'n nuttige skakel sal vorm tussen ons, die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring, en u, die leser. Die nuwe Fauna & Flora, wat na verwagting kwartaalliks sal verskyn, vervang die semi-wetenskaplike tydskrif wat jaarliks gepubliseer is. Die bestaande lys van intekenaars sal behou word en u word daarop gewys dat die tydskrif in Engels of Afrikaans beskikbaar is.

Alhoewel Fauna & Flora in formaat verander het, het die oorspronklike naam behoue gebly. Ons het werklik probeer om 'n nuwe naam te vind, maar dit het gou geblyk dat daar nie 'n beter naam vir die tydskrif is nie. Fauna & Flora behels alle lewe in sowel die diere- as die planteryk. Die diereryk kan strek vanaf erdwurms, insekte, visse, paddas, slange en muise tot by die verskillende boksoorte. Die planteryk dek net so 'n wye veld - ligene, mosse, grassoorte, lelies, madeliefies, struike en groot bome. Al hierdie verskillende lewensvorms, tesame met grond, water, lig en lug, vorm die samestelling van die natuur, die onskatbare bron waarsonder ons wêreld 'n leë, somber gebied sou wees.

Daar is 'n groot verskil tussen die natuurbewaringsbegrippe van vandag en dié van twee of drie dekades gelede. Die verskil lê daarin dat ons vandag 'n baie groter biologiese kennis tot ons beskikking het as voorheen, en ook dat die indringing van die snel-ontwikkelende beskawing tot gevolg het dat daar op die gebied van natuurbewaring soveel meer gedoen moet word. Natuurbewarings-afdelings is daar om die regte rigting aan te wys, maar dit is nogtans die man in die straat, op die plaas, of in die fabriek wat direk verantwoordelik is vir die beskerming en heropbouing van ons natuurlike hulpbronne. Daarom is dit belangrik dat almal bewus moet wees van die dreigende probleme en gevare, asook die beste manier om die gevare effektief te bekamp.

Met die artikels wat in Fauna & Flora gepubliseer word, sal dus gepoog word om nie slegs die leser te vermaak nie, maar ook om sy belangstelling te prikkel en hom informasie te bied. 'n Belangstelling in natuurbewaring en die buitelewe is prysenswaardig, maar die publiek se belangstelling neig om té passief te wees. Om die natuur ten volle te geniet, moet 'n mens deel hê in, en ook bydra tot die natuur. Maar wat van die talle mense wat hulle lewe slyt in die beton-oerwoude van ons stede? Ons kan nie daarop aandring dat hulle na buite kom om die vars lug, die statige bome en die sprankelende waterstroom te geniet nie. Maar ons kan hulle wel vra om die natuur te help bewaar.

Die chemiese-ingenieur, die verkoopsman met sy insekdoders, die mense wat die land ontwikkel en die paaie bou, die motoris en die rommelvark - hulle almal, is reeds besig om elk op sy eie manier die natuur te beïnvloed. Deur te dink voordat hulle doen, kan diesulkes die slegte gevolge van hulle dade verminder. Met oordenking kan hulle selfs waardevolle ondersteuners van natuurbewaring word.

Dit is voorwaar nie 'n maklike taak wat aan die veldwagter, die visserybestuurder en die bioloog, opgedra is nie. Maar dit is selfs nog moeiliker vir die man in die straat om sy deel by te dra. Dit is ons wens en voorneme dat die bladsye van Fauna & Flora sal help om die gaping tussen die vakkundige en die leek te oorbrug, sodat al hoe meer mense ons ongerepte natuur kan geniet sonder die knaende kommer dàt dit binnekort nie meer daar sal wees om te geniet nie. R.N.G.

bourke's luck kolkgate

DEPT. VAN LANDBOU EN VISSERYE
NAVORSINGSINSTITUUT VIR PLANTKUNDE
BOTANICAL RESEARCH INSTITUTE
DEPT. OF AGRICULTURE AND FISHERIES

In Oos-Transvaal, by die samevloeiing van die Blyde- en Treurriviere, is daar van die mooiste spoelgate wat in ons land gevind kan word. Daar is egter geen risiko vir die motoris aan hulle verbonde nie, want hulle is nie in die pad nie, maar wel in 'n klipperige rivierbedding aan die rand van die Blyderivierspoort.

Dit is die krag van spoelende water wat die gladde, silindervormige kolkgate uit die rotse geslyt het. Vir ontelbare jare reeds het die Blyde- en Treurriviere deur die rotsagtige kloof gestroom en met slegs millimeters op 'n keer, die platorand van die Drakensberg weggeslyt. In die rivierwater was daar ronde klippe, wat so glad geslyt was as gevolg van die wrywing tussen die klippe onderling en die water. Wanneer een van dié spoelklippe in 'n holte op die rotsbodem beland het, het die maalproses begin wat uiteindelik 'n kolkgat sou word.

Die draaiende beweging van die water het die klip om en om laat spoel, en sodoende die holte in die rots al dieper laat word. Al hoe meer spoelklippe het gaandeweg in die holte gevang geraak en sodoende die maalproses versnel - maar dit was nogtans 'n baie langdurige proses. Duisende jare en tallose somervloede het so verbygegaan. Die oorspronklike klippe het natuurlik tot niet gegaan, maar ander groteres het weer hulle plek ingeneem. As gevolg van die malende draaikolk het dié klippe ook spoedig glad en rond geword, al was hulle oorspronklik skerp en hoekig.

Die Treurrivier vloei reghoekig in die Blyderivier in en as die riviere in vloed is, is daar 'n sterk draaikolk in die water - 'n moontlike rede waarom daar so baie spoelgate by hulle samevloeiing is. Die kolkgate is meestal vyf tot tien voet diep, en net soveel voet in deursnee. Sommige spoelgate is twintig of meer voet diep, maar dit is die oudste gate en meestal het hulle kante al begin verbrokkel. In ander gevalle weer, het die water 'n geut in die rand van die gat gespoel, sodat die water direk oorvloei na die middel van 'n tweede kolkgat laer af. In een geval het die malende klippe onder in die kolkgat 'n deurbraak gemaak na 'n aangrensende kolkgat - waarin die water nou met 'n draaiende beweging van onder af boontoe opstoot.

'n Paar honderd tree vanaf die kolkgate is daar 'n verlate goudmyn. Daaruit is werklik goud ontgin, nie lank na die wilde goud-stormloop, wat in die vorige eeu in die omgewing van Pelgrimsrus plaasgevind het nie. Die Bourke's Luck kolkgate is vernoem na 'n vroeëre myner met die naam van Bourke wat dit gelukkig getref het, en baie geld gemaak het uit sy myn. Die twee riviere het weer hulle name ontvang van die Potgieter Trek - wat 'n aantal manne op 'n verkenningstog na die laeveld gestuur het. Toe die manne nie op datum terugkom nie, het die trekkers die rivier waarlangs hulle gekamp het, die Treurrivier genoem. Hulle het verder getrek, en langs die oewers van 'n tweede rivier die vermiste verkenners gevind, veilig en ongedeerd. In hulle blydskap het die trekkers die rivier die „Blyde" gedoop.

Vanaf die kolkgate val die rivier skielik 2,000 voet na die skilderagtige prag van die Blyderivierspoort. Dit vorm alles deel van 'n natuurreservaat van 26,450 morg groot, wat deur die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring beheer word. Hierdie reservaat strek vanaf die poort in die noorde, al langs die platorand van die Drakensberg tot amper by Graskop in die suide. 'n Groot ruskamp, met 'n pragtige uitsig oor die laeveld, nader tans voltooiing. Huisvesting en ander geriewe sal egter eers laat in 1970 vir die publiek gereed wees. Die teerpad wat toegang verleen na die kamp kom vanaf naby die Strydomtonnel tot by die poort en gaan dan verder tot by die kolkgate. Hiervandaan gaan gruispaaie verder na beide Graskop en Pelgrimsrus. Die kolkgate kan op hulle beste besigtig word vanaf die voetgangersbruggies wat oor hulle opgerig is. Fotograwe sal baie mooi foto's kan neem van die kleurvolle resultate van eeue se rotserosie. ☐

hoogvat

deur R. N. Grafton

As gevolg van moderne immobiliseringsmiddels is dit deesdae relatief maklik om wild te vang maar baie min mense besef hoe moeilik dit was om die regte vang-metodes te ontwikkel. Vóór die ontwikkeling van die middels moes die wild òf in hokke òf met nette en strikke gevang word. Maar hierdie metodes was stadig en onbetroubaar en boonop gevaarlik vir beide die gevangde en die vanger. Vir kameelperde, wat so lank en sterk is, was immobiliseringsmiddels eintlik die enigste oplossing vir die probleem.

Die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring het, voor die koms van die sterk chemiese middels, altyd die kameelperde met die hand gevang. Die vlugtende kameelperde was gejaag deur vasbeslote veldwagters te perd. As hulle gelukkig genoeg was dat takke en bosse hulle nie van hulle perde afgevee het nie, en indien hulle vinnig genoeg kon jaag, het hulle die kameelperd ingejaag en hom aan sy stert gevang! Dit was egter 'n baie gevaarlike prosedure en boonop selde heeltemal suksesvol.

Toe kom die oorskakeling na verdowingsmiddels en inspuitpyltjies. Die nuwe middel was M99, die pyltjie was 'n delikate, handgemaakte meganisme, en die skietkrag was verskaf deur 'n sterk, moderne kruisboog. Maar daar het nogtans probleme opgeduik. Sodra die M99 begin werk het, het die kameelperd begin waggel en slinger en dan hard op die grond neergeslaan. Sy lang bene, langer nek en die nog langer afstand na die grond was te veel vir die dier en beserings was onvermydelik. 'n Verminderde hoeveelheid van die middel was getoets in die hoop dat die kameelperd nog op sy voete sou bly, maar mak genoeg sou wees om te vang.

In die begin het alles goed gegaan, en drie kameelperde is met hierdie metode gevang - grootliks egter omdat die omgewing, gelyke grond en lae struike, gunstig was. Die volgende twee kameelperde wat ingespuit was, het egter in ongelyke grond met digte bosse beweeg. Namate die verlammiddel begin werk het, het hulle soos gewoonlik hulle ore platgetrek en op 'n struikelende draffie weggehardloop. Die verwagtinge van die veeartse en veldwagters is weer eens verydel deurdat die kameelperde hulle balans verloor en geval het. Dit was nou duidelik dat die kameelperde gevang moes word voordat hulle té ver kon hardloop.

Kon die hardlopende kameelperd nie dalk gekeer word deur 'n swaar tou wat in sy pad gespan word nie? Sy vlug was maar redelik stadig en as gevolg van die uitwerking van die middel, sou hy nie kon uitswenk nie. As die veldwagters net vóór die dier kon kom, dan sou hy hom sekerlik in die tou vashardloop. Wat dan daarna sou gebeur kon 'n mens alleen maar raai. Want al is hy verdoof, bly die hoewe van 'n kameelperd nogtans iets om met respek te behandel!

Nadat 'n tou van 70 vt. lank en twee duim dik in gereedheid gebring is, is nog 'n kameelperd ingespuit. Hy het geskrik vir die prik van die naald, 'n paar tree gehardloop en daarna bly stilstaan. Vir hom het alles veilig gelyk, behalwe net 'n verlammende gevoel wat deur sy spiere versprei het. Presies op tyd, drie minute na die inspuiting, het hy sy ore platgetrek en begin hardloop. Die vangspan het hom versigtig in 'n bakkie gevolg, maar tot groot konsternasie, het hy nou in die rigting van 'n klipperige sloot begin hardloop. Sou hy moontlik reageer op 'n poging om hom weg te keer? Met 'n skielike versnelling van spoed het die bakkie tussen hom en die sloot inbeweeg, en hom gelukkig laat wegdraai na veiligheid.

Terug op gelyke grond, was dit duidelik tyd om die tou te probeer gebruik. Met weereens 'n spoedversnelling was die bakkie nou gelyk met die vlugtende

Hierdie kameelperde, wat met reusetreë hardloop, is 'n ideale grootte om te vang en te vervoer.

vanweë hulle lengte en hulle fyn liggaamsbou is kameelperde van die moeilikste diere om te vang

kameelperd. Die verlammingsmiddel se uitwerking het die kameelperd nou heelwat stadiger laat hardloop. In en uit tussen die bome en struike, het die bakkie nou effens vinniger as die kameelperd beweeg. Die vangspan het van die bewegende voertuig afgespring, en met die tou op armhoogte gehou, het hulle voor die kameelperd ingehardloop. Dit was 'n spannende oomblik - wat sou nou gebeur?

Met verdoofde vasberadenheid het die kameelperd blindelings aanhou hardloop - vas in die tou. Die skielike ruk het sommige veldwagters van hulle voete afgeruk, maar die ander het gehou. Nou was dit 'n tou-trekkery om die dier tot stilstand te dwing. Met kalm spanwerk het hulle dit tog eindelik reggekry. Vinnig het hulle die tou nog 'n maal om die kameelperd gedraai, en kon die vangspan nader kom. Nadat hulle die inspuitpyl verwyder het, het hulle hom met 'n goeie stoot op sy sy gekeer. Uiteindelik geslaag!

Met sy lang nek gestut, en sy kop in die beskermende arms van James van Rooyen, die leier van die vangspan, het hulle nou 'n blinddoek en 'n halter om sy kop geplaas. Daarna het hulle die kameelperd met die teenmiddel vir M99 ingespuit. Binne 60 sekondes was die kameelperd se spiere weer reg, en het sy kop ook helderder gevoel. Met 'n stewige hou-vas op die twee haltertoue het die veldwagters nou teruggestaan, terwyl hulle gevangene tot sy volle lengte herrys het - ewe fris en gesond. Vanweë die blinddoek, kon hy nou slegs sy vangers ruik en hoor. Hulle het hom stadig in die rondte gelei terwyl hulle op die vervoerlorrie gewag het.

Dit is nie 'n maklike taak om 'n kameelperd in 'n hoë krat te kry nie. Eerder as om die krat van die bak af te neem, ry die lorrie in trurat in 'n sloot totdat die bakoppervlakte gelyk met die grond is. Die agterklap word neergelaat en toegemaak met grond, om die kameelperd te flous. Hoog langs die kante van die krat is planke waarop die helpers kan beweeg, en hoog bo die kajuit van die lorrie is daar 'n sitplek vir die persoon wat die kameelperd se kop sal vashou.

'n Injeksie-spuit vol immobiliseringsmiddel word voorberei om in die pyl gelaai te word.

Die pyl, gevul met die verlammingsmiddel, word na die kameelperd geskiet deur middel van 'n kruisboog.



Enkele oomblikke nadat die teenmiddel toegedien is, staan die kameelperd op - nog effens wankelrig op sy voete.

Met spanwerk en in stilte word die geblinddoekte gevangene na die krat gelei waarin hy vervoer sal word.

As almal in stilte gereed is, word die niksvermoedende kameelperd kalm na die oop hok gelei. As hy skrik met die eerste probeerslag, word hy weer nader gebring, nou net effens vinniger. Met versnelde pas word hy oor die agterklap gelei, binne-in die krat. Nou moet daar vinnig opgetree word om te verhoed dat hy retireer of gaan sit! Die glydeur van die krat word vinnig in posisie geplaas en die kameelperd word in 'n gemaklike staande houding vasgegéspe. Nou word hy ingespuit met antibiotika, en is hy gereed vir sy reis na 'n nuwe tuiste.

Kameelperde is nie 'n skaars of bedreigde wildsoort nie - waarom dan word so baie energie en vindingrykheid aan die dag gelê om hulle te vang? Die groot rede is dat die kameelperd nou in 'n baie beperkte gebied in Suid-Afrika voorkom, en natuurbewaarders sou verkies dat hulle oor 'n wyer gebied versprei moet wees. In die Nasionale Krugerwildtuin is daar tans meer as 3,000 kameelperde, maar dit is te gevaarlik om al 'n mens se eiers in één mandjie te pak! Buite die grense van die Park is die aantal kameelperde baie beperk en enkele jare gelede was daar geen ander natuurreservaat in die land wat kameelperde besit het nie.

Die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring is besig om, deur middel van die kameelperd-vang projek, die verspreiding van dié diersoort te verbeter. Ons uiteindelike doelwit is om kameelperde te verskaf aan alle provinsiale natuurreservate wat oor 'n geskikte habitat beskik. In die toekoms, eers wanneer genoeg teeltroppe daargestel is, sal kameelperde selfs aan die publiek beskikbaar gestel kan word - op voorwaarde dat hulle 'n groot genoeg plaas het, met geskikte habitat. As daar nie bek- en klouseer beperkings was nie, sou kameelperde vanaf die Krugerwildtuin versprei kon word. Om die verspreiding van bek- en klouseer egter te beperk, moet kameelperde en ander wild van bronne buite die kwarantyn gebied verkry word.

Die Afdeling se grootste teeltrop is in die Hans Merensky-natuurreservaat. Hier is daar alreeds 60 of meer kameelperde gevestig - wat almal òf daarheen gebring is, òf daar gebore is. Kleiner troppe is gevestig by Loskopdam- en Langjanreservate en ook by Tshipise, Warmbad en Thabazimbi.

Vir vyftig jaar was kameelperde alleenlik beskikbaar in verafgeleë plekke, maar vandag is hulle maklik te sien - selfs minder as 'n uur per motor, vanaf Pretoria!

Stadig maar seker is ons besig om dit vir ons kinders moontlik te maak om die langste dier ter wêreld te besigtig - nie as 'n aardigheid in 'n dieretuin nie, maar as 'n pragtige en grasieuse dier wat wei waar daar wilde bosveld in die Transvaal gevind kan word. ☐

Die begin van die reis na 'n nuwe tuiste!

Hierdie groot babas verwelkom te enige tyd 'n bottel melk! Normaalweg bestaan hulle dieet uit vars groen blare en lusern.

Ná loslating in die Loskopdam-natuurreservaat, hou die trotse ouers 'n wakende ogie oor hul eerste spruit.



visserybestuur in transvaal

Varswater hengelary is sonder twyfel een van die vernaamste vorms van buitelug ontspanning in Transvaal. Verlede seisoen is daar 92,000 hengellisensies in die provinsie verkoop, maar as kinders en die eienaars van hengelwaters hierby ingesluit word, dan is die getal aktiewe hengelaars nader aan 120,000.

Die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring is verantwoordelik vir die beheer en bevordering van sporthengelary in die provinsie en 'n groot gedeelte van die Afdeling se personeel wy hulle aandag aan hierdie taak. Visserybestuur behels baie meer as net die blote teel van vis. In die eerste plek moet die hengelwater ontleed word om die fisiese, chemiese en biologiese samestelling daarvan te bepaal. Bioloë besluit hiervolgens of die waterhabitat of die betrokke vispopulasie self verbeter moet word. Bestuurspersoneel is dan verantwoordelik vir die uitvoering van die veranderings. Voorbeelde hiervan sluit die volgende in: uitskakeling van waterbesoedeling, wysiging van die fisiese kenmerke van die habitat, die herstel van óorbevolking van 'n sekere vissoort deur gebruik van 'n roofvis, en die loslating van een of meer bestaande of nuwe soorte.

'n Interessante aspek van visserybestuur is dat die hengelaar self doeltreffende bestuur kan uitoefen. 'n Wanbalans tussen die getalle roofvis en prooivis kan byvoorbeeld herstel word as hengelaars konsentreer op die getalrykste soort. Dit is dus in die langtermyn belang van die hengelaar om hom by daardie hengelregulasies neer te lê wat deel uitmaak van 'n bestuursprogram.

Dit is interessant om daarop te let dat alhoewel Transvaalse hengelaars jaarliks slegs sowat R96,000 vir hengellisensies betaal, hulle totale kapitale uitleg in die beoefening van hulle sport ongeveer R12 miljoen per jaar beloop. Die inkomste verhaal uit die verkoop van lisensies kom ook nie naby die uitgawe van die Afdeling ten opsigte van visserybestuur nie. Verlede jaar het die drie provinsiale visteelstasies 227,000 vingerlinge van 11 vissoorte geproduseer vir loslating in publieke waters en vir verkoop aan eienaars van privaat hengelwaters. Op die Lydenburgse stasie, wat in die teel van forelle spesialiseer, is ook nog 154,000 foreleiers geproduseer.

Opname van die rivier - die eerste stap.

Ongeveer twee-derdes van die vingerlinge wat geteel is, behoort aan warmwater vissoorte. Die ander derde het bestaan uit forelle vir die koue hengelwaters van die oostelike Transvaalse hoëveld. Forelle teel nie in stilstaande water van damme nie, gevolglik moet hierdie waters met gereëlde tussenposes van vis voorsien word. Van die warmwater soorte is baars in die grootste getalle geproduseer, daarna kurpers, geelvisse en karp. Hierdie soorte vis is geteel vir loslating waar hulle nie voorheen voorgekom het nie (soos byvoorbeeld die vestiging van 'n uitheemse soort), om wanbalanse in bestaande visbevolkings te bestry, of vir hervestiging in waters wat aan oormatige hengeldruk blootgestel was of wat weens besoedeling, vloedwater of droogte agteruitgang getoon het.

By die visteelstasie naby Marble Hall word navorsing gedoen op visboerdery as 'n metode om hoë kwaliteit proteïne voedsel te produseer teen 'n lae koste. Indien dit behoorlik ontwerp word kan die gewone plaasdam gebruik word vir voedselproduksie sowel as vir hengelontspanning. Trouens, die kleiner damme pas by uitstek in die veelvoudige gebruiksgedagte van natuurbewaring. Afgesien daarvan dat vis vir voedsel of sport geproduseer word, dien die dam ook as toevlugsoord vir watervoëls, as drinkplek vir 'n verskeidenheid wilde diere, as 'n private plek vir bootvaar, swem en piekniekhou, as 'n wateropgaarplek vir besproeiing en as 'n suiping vir vee.

Dit is dikwels vir hengelaars moeilik om toegang tot hengelwaters te verkry. Daarom moedig die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring die bou van plaasdamme aan, sowel as die beskikbaarstelling van private waters aan uitgesoekte buitestaanders, en die ontwikkeling van openbare hengelgebiede. Die Afdeling het onlangs die magtiging verkry om damme op staatsgrond te bou vir publieke ontspanning. Dit verteenwoordig 'n belangrike ontwikkeling wat die toekoms van hengelary as 'n bloeiende sport in die Transvaal behoort te verseker.

hengel-lisensies

Gedurende die afgelope tien jaar het die aantal gelisensieerde hengelaars in die Transvaal met meer as 30,000 gestyg tot 91,976. Hengel is blykbaar die vorm van ontspanning in ons land wat die vinnigste besig is om te ontwikkel, maar verlede jaar se statistieke wys dat dit amper uitsluitlik die mans se vorm van sport is. Slegs 2.3% van die lisensies is aan vrouens verkoop. Dit is moeilik om te oordeel of die fout lê by die mans wat hulle eggenotes tuis laat, of die eggenotes wat weier om te gaan hengel! Toe nou, dames dink net wat u nie alles misloop nie - heerlike vars lug en bykomende visreukies!

In 1968-69 was slegs 3.9% van alle gelisensieerde hengelaars nie-blankes; 2.4% Bantoes en 1.5% Asiate. In Natal is een uit elke vyf binnelandse hengelaars 'n Indiër en alhoewel hulle dikwels groot visse vang, verrig hulle ook 'n baie nuttige funksie deurdat hulle ook die te groot getalle klein vissies verminder.

Daar is ook groter getalle forelhengelaars in Natal, maar heelparty nuwe forelwaters word tans in die hoëveld van die Oostelike Transvaal ontwikkel en verlede seisoen het alreeds 1,838 (2%) hengelaars forel-lisensies uitgeneem.

Elkeen van hierdie broeiflesse kan ongeveer 20,000 eiers van die kleinbek geelvis bevat. 'n Aanhoudende stroom water kom die fles van onder af binne, en vloei weer bo uit. Gevolglik word die eiers aanhoudend in beweging gehou. Na 'n week broei die eiers uit en die klein vissies word dan oorgeplaas na 'n grootmaaktenk.





Waterbesoedeling maak almal dood - groot en klein.

Tot watter mate visse in proefnemingsdamme groei, word vasgestel deur hulle op 'n elektriese weegskaal te weeg.

vissery-literatuur

Vis Uit die Plaas Dam is 'n handige pamflet vir boere wat belangstel om 'n plaasdam te bou en te voorsien van visse. Daar is illustrasies van sewe populêre hengel-vissoorte en handige wenke word gegee oor hoe om 'n visdam te ontwerp en met welke soorte vis die dam voorsien kan word.

Vir diegene wat belangstel in grootskaalse visboerdery, is daar nog 'n paar honderd kopieë beskikbaar van *Fauna & Flora Nr. 10* van 1959. Hierdie ryklik geïllustreerde boekie gee volledige informasie oor alle aspekte van visboerdery - vanaf die bou van die damme tot die bemarking van die vis.

Bogenoemde publikasies is gratis beskikbaar. Aansoeke moet gerig word aan Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 209, Pretoria.

loskop

veelvuldige gebruik van 'n natuurbron

'n Weinig meer as dertig jaar gelede het die Olifants- en Wilgeriviere ongehinderd vanaf die hoëveld naby Witbank en Bronkhorstspruit, deur die groen deinende heuwels na Groblersdal gevloei. Die egalige vloei van die riviere was slegs onderbreek deur somer-vloede wat van korte duur was. Die kliprantjies het rustig gesluimer onder 'n kleed van bruin en groen struikgewas. Mense het gekom en baanbrekerswerk verrig in hierdie landstreek. Sommige het gebly, maar die meeste het egter verder getrek. Diere-lewe het amper geheel-en-al verdwyn, slegs die taaiste en skaamste diersoorte het oorgebly.

Toe word Loskopdam gebou, met die gepaardgaande standhoudende watervoorraad, besproeiingskanale, mense en landbou-ontwikkeling. Die vloedwaters is mak gemaak, gestoor en gebruik. Die beskawing het oorgeneem en gevolglik sou alle plant- en dierelewe skade ly. Natuurbewaarders het dinge egter anders ingesien en in 1940 is die ruwe terrein om die dam tot 'n natuurreservaat verklaar. Hier was dus nou 'n waarborg van 14,900 morg grond wat gebruik kon word vir die oprig van 'n natuurmonument en 'n studieterrein vir die publiek. Dit was die begin van die Loskopdam-natuurreservaat.

Die idee van veelvuldige gebruik van 'n natuurbron is goed toegepas by Loskop. Besoekers kan vandag 'n wye verskeidenheid buitemuurste aktiwiteite geniet, soos besigtiging van wild, staptoere, hengel, uitkamp, swem en seiljag sport. 'n Plesierboot van 36 voet lank, genaamd die „Impala", onderneem ritte op die dam wat ongeveer een uur duur. Daartydens kan gesien word hoe die wild water drink aan die oewers van die dam, terwyl visarende hoog bo in die lug sweef. Privaatbote kan te water gelaat word vanaf beton-landingsbrûe, en behalwe vir die gedeelte na-aan die damwal, is die res van die wateroppervlakte oopgestel vir die gebruik van booteienaars.

Met 'n uitsig oor die dam, is daar 'n groot en aantreklike ruskamp aangelê. Die akkommodasie wissel vanaf volledig toegeruste familie-hutte tot twee-bed hutte. Die geboue is goed versprei en pragtig omring met grasperke en inheemse skadubome. Terwille van die natuurskoon is al die elektriesekabels ondergronds gelê. Kampeerders en mense met karavane sal ook alle geriewe tot hulle beskikking vind, en saans vul die heerlike geur van braaivleis die omgewing - wat alles bydra tot die heerlike ontspanne atmosfeer wat daar heers.

Groepe skoolkinders besoek ook dikwels Loskop. In die groot jeugkamp is daar 'n gesamentlike eetsaal asook 'n groot ontspanningsaal waar films oor die plant- en dierelewe gewys word en voorligtingspraatjies gelewer word. In die middel van die ontspanningsoord is daar twee tennisbane, 'n swembad en 'n klein restourant. Vir die kleuters is daar swaaie, wip-planke, glybane en selfs 'n vlak swemdammetjie.

Die natuurlike plantegroei in die kamp is 'n aantrekkingskrag vir baie kleurvolle voëls, soos houtkappers, lysters, suikerbekkies en vlieëvangers. Gedurende die somer-maande maak die paradys-vlieëvanger dikwels sy nessie na-aan die hutte, en kan hulle dopgehou word terwyl hulle nesbou en die eiers uitbroei. Aangesien die natuurreservaat so 'n wye verskeidenheid bome en struike bevat, is die voël-populasie ook baie uiteenlopend, en tot soveel as 200 verskillende soorte is al daar aangeteken.

Baie van Loskopdam se besoekers bring hulle eie bootjies en hengelstokke saam. Die vangs is selde uitstaande, maar altyd genotvol. Bloukurper en die rooivinkurper is die gewildste vissoorte, veral vir die hengelaar wat met 'n boot na Lombardsbaai of na die bolope van die dam kan gaan. Van agt tot tien pond karp word soms naby die kampterrein gevang, sowel as die alomteenwoordige baber. Aangesien karp nie goed aanteel in die dam nie, is daar verlede jaar in Februarie 10,000 jong karp in die dam losgelaat deur die Afdeling Natuurbewaring. Terselfdertyd is daar 10,000 grootbekbaars losgelaat om die groot hoeveelheid ghieliemientjies se getalle te verminder. Oor 'n jaar of twee behoort daar dus goeie kanse te wees om baars te vang - vir die hengelaars wat weet waar om hulle lepels in te gooi!

Ou intekenaars op Fauna & Flora besit dalk nog die uitgawe Nr. 11 van 1960 wat geheel-en-al gewei was aan die natuurstudie van die Loskopdam-natuurreservaat. Indien u die natuurreservaat wil besoek, dan kan u gerus die uitgawe saamneem. Daarin word die bou van die dam, die geologie van die omgewing, die plantegroei, die vislewe, reptiele en paddas, voëls en soogdiere beskrywe. By die lys van wild kan elande, kameelperde, buffels en witrenosters nog bygevoeg word - almal diersoorte wat redelik onlangs na die reservaat gebring is.

Al is Loskop oorspronklik as 'n *natuur*reservaat geproklameer, kan dit vandag eerder as 'n *wild*reservaat bekend staan. Voordat die berg-omgewing met 'n veertien-draad heining toegespan is, was daar slegs enkele kleinwild soos

Rooibok-lammetjies in die Loskop reservaat - slegs een maand oud!

grysduikers, steenbokkies, klipspringers en rietbokke - en 'n aansienlike aantal waardevolle rooiribbokke. Die Afdeling Natuurbewaring het egter onverpoosd gewerk om 'n groter verskeidenheid plantetende diere daar gevestig te kry, en tot op hede is daar al 19 spesies in die reservaat, waaronder sulke seldsame soorte as die swartwitpens, oorbietjie en die njala tel.

Besoekers wat gedurende die somermaande in die Afdeling se bus deur die reservaat toer, sal talle pasgebore rooiboklammetjies sien, wat langs die pad speel of in die skadu rus. Hulle kan dalk ook 'n vlugtige blik kry van 'n bobbejaan met 'n heldergeel das aan, of 'n rooiribbok met 'n rooi plastiese kraag om sy nek. Dit is alles deel van eksperimente wat met hierdie gemerkte diere gevoer word. Die bioloë vang sommige diere, merk hulle met nekbande en laat hulle dan weer los, en bestudeer sodoende die patroon van hulle bewegings en optrede. Hierdie navorsing is belangrik vir doeltreffende beheermaatreëls, en die natuurbronne van Loskop sal steeds meer en meer van hierdie soort sorg en aandag ontvang. Sodoende sal kan verseker word dat die publiek steeds meer en uitgebreider gebruik sal kan maak van die natuurbronne by Loskopdam - vir hulle plesier en ontspanning! ☐

Nadat die wild-omheining met staalkabels versterk is, is witrenosters in die reservaat ingebring.

Zebras tel ook onder die 14 wildsoorte wat in die reservaat losgelaat is.

dit kan gedoen word

jag en wildbestuur, deel 1

In die afgelope jaar was daar 15 miljoen gelisensieerde jagters en 23 miljoen gelisensieerde hengelaars in die Verenigde State van Amerika. Dit laat die vraag ontstaan hoe dit moontlik is dat die vis- en wildbronne jaggeleentheid kan bied aan so 'n groot aantal mense van 'n hoogs geïndustrialiseerde en digbevolkte land - mense wat baie uit die wildbronne put en oënskynlik niks terugsit nie? Daar is verskeie antwoorde, die aanneemlikste is egter dat hulle *wel* iets terugsit - geld.

As jaglisensie-gelde word 'n bedrag van 168 miljoen dollar deur die 38 miljoen sportmanne inbetaal - ongeveer R3.17 elk. Hierdie geld, en nog meer, word teruggeploeg deur die staatsdepartemente wat verantwoordelik is vir hierdie natuurbronne. Dit word meestal bestee aan wildopnames, navorsing, bestuur, habitatontwikkeling, die aankoop van grond en voorligtingsdienste. Die lisensiegeld word dus in werklikheid gebruik om voorsorg te tref vir die nuwe aanwas van vis en wild - genoeg vir die publiek, wat bereid is om te betaal vir die ontspanning wat jag en hengel bied.

Volgens syfers wat in die „Wildlife Society News" vrygestel is, blyk dit dat daar meestal gejag word in die digbevolkte gedeeltes van Amerika, en nie noodwendig in die wye oop vlaktes soos 'n mens sou verwag nie. Gedurende 1968 het ongeveer 3½ miljoen jagters in die vier industriële state New York, Kalifornië, Michigan en Pennsylvanië gaan jag. In teenstelling hiermee het minder as 400,000 jagters in die vier minder ontwikkelde state van Nevada, New Mexico, Noord Dakota en Wyoming gaan jag. Klaarblyklik is dit nie net wye oop vlaktes wat benodig word vir goeie jaggeleenthede nie.

Die oorvloedigste boksoort in Transvaal is die rooibok, en jaarliks word daar etlike duisende gejag.

Die bosduif, tortelduif en die lemoenduif kan enige tyd van die jaar in Transvaal gejag word.



'n Mens sou dink dat daar in 'n land soos Suid-Afrika baie meer wild en beskikbare jagveld sou wees, as in gebiede van vergelykbare grootte in Europa en Noord-Amerika. In werklikheid is die teenoorgestelde die geval. Om 'n enkele geval te noem, in die Amerikaanse staat Oregon is die aantal takbokke wat *elke jaar* gejag word, gelyk aan die helfte van die rooibokbevolking van die Nasionale Krugerwildtuin. Dit is verbasend dat, alhoewel die jagdruk op sommige wildsoorte in noordelike lande, besonder hoog is, die jaarlikse opbrengs nogtans konstant bly, en in baie gevalle is die wildpopulasies selfs besig om te styg.

In Suid-Afrika, is daar in die Transvaal meer grootwild as in die res van die land gesamentlik maar daar is jaarliks slegs 6,000 jagters - en meeste van hulle skiet selde iets groter as 'n tarentaal. Wat sou die rede hiervoor wees, en wat kan daaraan gedoen word? In verdere artikels in die reeks sal op dié vraagstuk ingegaan word en ook probeer word om vas te stel of daar in die toekoms ooit genoeg wild in Transvaal sal wees, om te verseker dat jag-ontspanning nie slegs vir ons, maar ook vir ons kinders beskikbaar sal wees. □

voëls en hulle nessies

vir die jongspan



Alle kinders het seker al op een of ander stadium van hulle lewe gesoek na voëltjies, nessies of eiers - soms self versamel. Maar het julle al ooit gewonder waarom die voëls nou juis hulle eiers in nessies lê - en hoekom alle voëls se nessies nie eners lyk nie?

Nie alle diere kry hulle kleintjies op dieselfde manier nie. Sommige, soos voëls, lê eiers waaruit die kuikens uitbroei, terwyl ander se kleintjies lewendig gebore word (soogdiere). By soogdiere word die eiertjie binne-in die moeder gevorm, en groei daar baie veilig, totdat die kleintjie gebore word. Maar 'n voël moet sorg vir 'n warm, veilige plek waar die eiers kan uitbroei. As sy die eiers sommer net enige plek sou lê, dan sou slange of muishonde sommer baie gou die eiers opvreet - of anders sou die eiers koud word en nooit uitbroei nie. In 'n nessie broei die eiers egter baie lekker warm onder die voël totdat die kleintjies uitkom. Dis ook nie net die wyfie wat die eiers uitbroei nie, soms help die mannetjie ook, soos in die geval van die paradys-vlieëvanger, wat tog te koddig lyk as hy so ernstig op die klein nessie sit en broei, met sy lang stertvere wat so vêr afhang.

Voëls maak baie slim gebruik van materiaal wat handig in hulle nabyheid is, om hulle neste van te bou. Hulle gebruik meestal droë gras, blare en stokkies, maar soms ook groter takke, klippe, modder, grassade, vere, spinnerakke en selfs groen, nog groeiende blare.

Dit is verbasend dat voëls van dieselfde familie dwarsoor die wêreld, hulle neste amper eners bou. Die mikstert-byevanger (A) bou sy nes aan die end van 'n dun takkie, op 'n dwarsmik, sodat die nes soos 'n hangmat tussen die takkies hang. En 'n byevanger in Indië se nes lyk net soos dié van sy naamgenoot in Suid-Afrika.

Die algemeenste vorm van nesbou is die koppie-vormige nes in die mik van 'n regop takkie van 'n boom of 'n struik. Die paradys-vlieëvanger (B) maak so 'n nessie van gras en wortels met hier en daar 'n stukkie mos wat hy van naburige bome kry.

Enige kind wat boomklim tot aan die einde van 'n dun takkie, staan 'n kans om baie vêr en hard te val - maar die kunstig gevlegde nessie van die wewervoël (C) aan die einde van 'n dun takkie, bied 'n baie veilige en warm beskutting vir die kleintjies, waar geen slange maklik kan bykom nie.

In die volgende uitgawe van Fauna & Flora vertel ons van 'n baie interessante groep voëls - die wat hulle neste in gate

Hierdie bokmakierie-kleintjies maak hul bekkies so wyd as moontlik oop, terwyl hulle wag vir kos van die wyfie. Wanneer hulle uitbroei, het hulle geen vere nie, maar binne twee of drie weke is hulle in staat om te vlie. *D. Wolff*

Waterjaar 1970

die wonder van water

deur L. S. Richfield

Water is lewensnoodsaaklik en word gesoek en verbruik deur alle vorms van lewe - elkeen op sy eie manier. Diere drink dit instinktief, sonder enige gedagte aan die eienskappe of oorsprong daarvan. Snaaks genoeg, die mens doen dieselfde tensy hy vakkundig daarby betrokke is, hetsy as boer of ingenieur.

Dán alleen word hy bewus van die wonderlike kwaliteite wat direk onder sy aandag gebring word. En selfs dán nog, as hy geen wetenskaplike opleiding gehad het nie, het hy geen begrip of besef van die wonderlike eienskappe van water nie - eienskappe wat water bykans die wonder van die natuur maak.

Daar is godsdienstige mense wat beweer dat wetenskaplike navorsing inmenging in die werk van die Skepper is. Dit is egter onjuis want juis deur die bestudering van die eienskappe van natuurbronne, kan ons ten volle gebruik maak van hulle, sonder vermorsing en besoedeling - en sodoende die skeppingsgawes na regte waardeer.

Wat is water nou eintlik - die onderhouer van lewe in al sy vorms? Dit is 'n vloeistof (met ander woorde 'n stof wat vloeibaar is) en as sulks bevat dit al die eienskappe van vloeistowwe, plus nog 'n paar wat slegs aan water eie is. Dit is juis dié afwykende eienskappe wat water verhef van 'n gewone vloeistof, tot 'n wonder van die natuur. Die normale eienskappe van vloeistowwe is alreeds interessant genoeg, maar in water is alles soveel meer beklemtoon.

Laat ons eers die afwykende en dus unieke eienskappe van water in oënskou neem. Eerstens is water feitlik die enigste vloeistof wat in 'n bevrore vorm ligter is as in die vloeibare vorm teen lae temperature. Gevolglik dryf ys, soos ons almal weet. Wat ons egter nie besef nie, is dat as water nie dié eienskap besit het nie, die seë en mere in die winter van onder af in 'n soliede massa sou bevries het, en alle waterlewe permanent sou uitsterf.

Dit is nie alleen ondenkbaar dat die natuur sonder water sou kon bestaan nie - maar ook onmoontlik.



Tweedens is die latente warmte van die smeltpunt van ys redelik laag. Gevolglik smelt ys baie maklik in helder sonskyn - en word die lewensvorme in die waterige dieptes maklik vrygestel.

Derdens is die latente warmte van verdamping uitsonderlik hoog - gevolglik word 'n groot hoeveelheid hitte of energie benodig om water in stoom of mis te laat verander. Die logiese gevolgtrekking is dat indien hierdie eienskap sou verdwyn, die eerste warm strale van die son in 'n ommesientjie alle water op die oppervlakte van die aarde in stoom sou laat verander - en sodoende die aarde van al sy vogtigheid sou beroof het. Let maar op dat by hooggeleë plekke, waar die druk van die atmosfeer laag is, nat voorwerpe baie vinnig uitdroog. Netso ook in 'n sterk wind, wanneer die bewegende lug baie energie vrystel.

Hierdie drie uitsonderlike eienskappe van water kan beskou word as Goddelike tussenkoms in die geval van fisiese eienskappe van matérie - om sodoende die produkte van die skepping te beveilig en lewe te gee. Ons kom nou by eienskappe van water, wat tot 'n sekere mate in ander vloeistowwe ook gevind word, maar wat in water meer beklemtoon is.

Dit is algemeen bekend, of behoort altans te wees, dat water 'n integrale deel van die struktuur van alle lewensvorme uitmaak. In die hoë lewensvorme maak dit soveel as 70% van die sel-inhoud uit, terwyl dit in die laer lewensvorme selfs aansienlik meer is. Maar hoeveel mense weet dat water die verbindingsmiddel is in die vorming van kristalle en rotse, en dat sonder die teenwoordigheid van water in dáárdie vorm, alle matérie sou bestaan het uit ontasbare stof?

Menige boer sal praat oor brak-water en die plantvoedingswaarde van reën en tog nie bewus wees van die feit dat suiwer water 'n oplosmiddel is wat soute in die grond en stikstofhoudende produkte in die atmosfeer oplos; en nie net bloot 'n verkoelingsmiddel is nie. In lewende weefsel verskaf water ook 'n vorm van vervoer vir allerlei stowwe. Albei hierdie eienskappe word gebruik met die vertering van voedsel en die uitwerping van afvalprodukte, in die lewensprosesse van diere en plante. Water bring ook soute en plantmateriaal vanaf ontoeganklike bergtoppe na die vlaktes, sodat dit daar benut kan word.

Water dien ook as smeermiddel met 'n lae viskositeit. Met ander woorde, die funksie van water in lewende liggame (en selfs meganiese apparate) is om te verhoed dat skade aangerig word, as gevolg van wrywing, afslyting en oorverhitting - en tog is water nie taai of klewerig nie. Dit sal die betrokke dele nat hou, sonder dat dit verstop raak. Dit is ook 'n katalisator, 'n stof wat slegs deur sy teenwoordigheid 'n chemiese reaksie sal ontketen, wat sodoende 'n nuwe stof uit twee ander stowwe sal vorm - alles sonder dat die water sy eie vorm of eienskappe prysgee.

Water besit ook die eienskap van oppervlakte-spanning. Dit beteken dat die wateroppervlakte dien as 'n vel wat verhinder dat molekules waterdamp, asook ander stowwe vanaf die wateroppervlakte ontsnap. Die eienskap word ook geopenbaar in die haarbuiswerking, waarvolgens water langs fyn buisies beweeg tussen die ruimtes en drade van weefselstof, lewende matérie, grond en klippe. Dit is dan ook die geheim van die eienskap van vervoer, wat water besit.

Water besit ook nog 'n eienskap wat baie belangrik is vir die behoud van lewe op aarde: die water in die atmosfeer help om ons te beskerm teen die skadelike invloed van kosmiese strale, asook die direkte hitte-gloed van die son.

Daar is nog baie ander eienskappe van water wat nie so ooglopend is nie, en wat moeilik is om in eenvoudige taal te beskrywe. Genoeg bewys is egter alreeds gelewer dat water verskeie eienskappe besit wat dit verhef tot 'n ware wonderwerk, en nie net bloot 'n stof om die dors van mens en dier te les nie, of om oeste te laat groei, of 'n reinigingsmiddel nie.

Herdruk van Water 70, Nuusbrief No. 1.

veld brokkies

24 witrenosters

Daar is tans 24 wit- of breëliprenosters in die Loskopdam-natuurreservaat. Enkele jare gelede is die eerstes van dié logge diere reeds na die reservaat oorgeplaas, maar hulle natuurlike aanwas was so gering - slegs drie renosterkalfies het intussen aangekom in die reservaat - dat nog 6 volwasse diere onlangs vanaf Natal na Loskopdam ingevoer is.

Die ses diere vanaf Natal, is aan die suidekant van die dam losgelaat - eers in 'n houkraal, daarna in 'n groter kamp en uiteindelik in die reservaat. Een van die bulle, genaamd Rupert, het bewys dat hy 'n baie steeks renoster kon wees. Hy het eers in dolle vaart vanaf die vervoerwa na die houkraal gestorm. Die volgende oggend egter het hy volstrek geweier om die houkraal te verlaat. Deur 'n vlag aan die einde van 'n lang paal voor die uitgang te waai, het mnr. Stoffel Smit, die veldwagter in bevel, Rupert oorreed om uit te kom. Die wapperende vlag was een te veel vir Rupert; hy het dit bestorm en sodoende uit die houkraal gehardloop. □

dikkop in gevaar

As dit nie was vir die oplettendheid en flinke optrede van 'n veldwagter by Loskopdam nie, dan sou 'n paar waterdikkoppe seker nooit verlede November hulle twee eiers kon uitgebroei het nie. Die wyfie het haar goed-gekamoefleerde eiers ongelukkig in die middel van 'n gruispad, wat daagliks deur 'n toeristebus gebruik word, gaan lê. Die veldwagter, wat die twee eiers raakgesien het, het 'n klipsperring ter beskerming om die nes gebou. Die wyfie het blykbaar die beskerming waardeer, want sy het direk begin om die eiers uit te broei - in die skroeiende son. Eers het sy aankomende voertuie vermy deur vinnig weg te skarrel met die hoop dat die bestuurder haar nes sou vermy.

Na 'n dag of twee het sy egter genoeg moed bymekaar geskraap, en ewe gelate op haar nes bly sit, terwyl die voertuig 'n skrale twee-, drie voet van haar nes af verby raas. □

bastergemsbok

Die Percy Fyfe-natuurreservaat naby Potgietersrus, is gekies vir die vestiging van 'n kudde bastergemsbokke. Dit lyk asof die voortbestaan van hierdie seldsame boksoort in Suid-Afrika in bedreiging kan wees, omdat daar slegs ongeveer 350 oor is, die meeste daarvan in die Nasionale Krugerwildtuin. Die Afdeling Natuurbewaring het 'n paar bastergemsbokke gevang uit die laaste oorblywende kudde op privaat grond en het hulle na 'n afgekampte gebied op die Percy Fyfe-natuurreservaat oorgeplaas. Daar word vertrou dat hierdie troppie onder algehele beskerming, sodanig sal aanteel dat ander reservate in die toekoms van hulle sal kan kry, om verdere kuddes op te bou. In die volgende uitgawe van Fauna & Flora sal 'n artikel spesiaal handel oor die vangs van die bastergemsbokke - 'n onderneming wat met behulp van 'n helikopter uitgevoer is. □



bloukurper

Een van die gewildste hengelsoorte in Transvaal is die bloukurper (*Tilapia mossambica*). Dit is nie die grootste vis of die taaiste vegter in ons riviere nie, maar enige hengelaar wat deurmekaar raak met 'n skool kurpers sal dié dag altyd onthou. Sy gesin sal dit sekerlik ook waardeer, want daar is nie 'n vis wat lekkerder proe as 'n kurper nie.

Die bloukurper is nog onder baie ander name bekend - rooivinkurper, grootbekkurper, of selfs witkurper. Soms staan hy ook bekend as die driekolkurper, maar bloukurper bly maar die beste naam om te gebruik. Die vis se kleur wissel vanaf grys-wit (wyfies in modderwater) tot vaalgrys (gewone kleur) en selfs swart-blou (mannetjies gedurende broeitydperk). Die algemene vorm en die rooi randjies aan die vinne bly egter kenmerkend.

Die bloukurper is 'n bekbroeier en die eiers word gedurende die vroeë somer in redelike vlak water gelê. Die mannetjie maak die nes deur met sy groot mond 'n vlak holte in die modderige gruis te grawe. Dan soek hy vir hom 'n geskikte wyfie en begin haar aanpor na die nes. Daar lê sy 'n paar honderd eiers wat dan dadelik deur die mannetjie bevrug word. Nou vind daar 'n verbasende gebeurtenis plaas. Die wyfie versamel versigtig al die eiers in haar bek en hou hulle daar totdat die eiers uitbroei, gewoonlik twee tot drie dae. Die kleinvissies bly in die wyfie se bek totdat hulle hul dooiersak opgebruik het - dan waag hulle dit buitetoe om voedsel in die vorm van fyn soöplankton te gaan soek. Wanneer daar egter gevaar dreig of as hulle moeg is, vlug hulle dadelik terug in die bek van hul beskermende ma. As hulle twee tot drie weke oud is, verlaat hulle die wyfie om nou vir hulself te sorg.

Die bloukurper kom slegs voor in die warmwater riviere van die Transvaalse bosveld en laeveld. Ooswaarts word hulle gevind in Mosambiek en in die suide tot in Oos-Kaap. Sy voedsel bestaan hoofsaaklik uit alge en plantmateriaal en hy kan 'n gewig van vyf tot ses pond behaal. Die boukurper kom meestal voor in riviere wat ooswaarts vloei en hy verkies veral vlak water, panne en damme. Die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring plaas jaarliks tussen 20,000 en 40,000 klein bloukurpertjies in damme, om die hengelsport te verbeter.

Die beste aas vir bloukurpers is erdwurms, maar mieliepap kan ook gebruik word. In die Transvaal is die maksimum daaglikse vangs per hengelaar vasgestel op 20 kurpers (alle spesies) en die minimum grootte wat gevang mag word is 6 duim (15.2 cms.). ☐

visse van transvaal

Die illustrasies op hierdie bladsy is almal afkomstig uit die boek Visse van Transvaal deur Pieter le Roux en Louis Steyn. Hierdie vis-gids is van hoogstaande gehalte en billike prys en is verkrygbaar vanaf Posbus 5636, Johannesburg. Dit beskrywe, met behulp van pragtige gekleurde illustrasies, 74 verskillende vissoorte wat in Transvaal gevind word, en verdien 'n plekkie op die boekrak van elke hengelaar.

Wyfie

Mannetjie



DEPT. VAN LANDBOU-TEGNIESE DIENSTE
BIBLIOTEEK
NAV. INSTITUUT VIR PLANTKUNDE
BUS BOX 391
18 -5- 1971
PRETORIA
BOTANICAL RESEARCH INSTITUTE
DEPT. OF AGRICULTURAL TECHNICAL SERVICES

fauna & flora

Maart 1971 Nommer 21

fauna & flora

TRANSVAALSE AFDELING
NATUURBEWARING

MAART 1971 NOMMER 21

INHOUD

Nuwe Natuurbewarings-uitstalling 1
Beleefdheid Kos Niks 2
Percy Fyfe-natuurreservaat 4
Ongewone Speelmaats 5
Die Bastergemsbok - 'n Bedreigde Wildsoort . 6
Louis van Bergen 9
Los die Stomp! 10
Veldbrokkies 12
Rooiborskurper 14

VOORBLAD: 'n Gevlekte ooruil, *Bubo africanus*, afgeneem deur W. Massyn.

TRANSVAALSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE AFDELING NATUURBEWARING

Voorsitter van Adviesraad: A. J. Koen
Direkteur: S. S. du Plessis
Assistent-Direkteur, Bestuur: W. K. Kettlitz
Asst.-Dir., Navorsing & Voorligting: S. M. Hirst.

FAUNA & FLORA

Redakteur: Roger N. Grafton
Fotograaf: William Massyn
Kunstenares: Aleida van der Merwe

Fauna & Flora is 'n publikasie van die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring en word van tyd tot tyd in Afrikaans en Engels gepubliseer vanaf die Hoofkantoor van die Afdeling, Kerkstraat, Pretoria.

Intekening is gratis. Skriftelike aansoeke moet gerig word aan: Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 209, Pretoria, Transvaal, Republiek van Suid-Afrika.

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur Heer Drukkers (Edms.) Bpk., Pretoria.

waak oor skaars soorte

Selftevredenheid kan as 'n aangename gevoel vertolk word, dit hou egter groot gevaar vir natuurbewaring in. Geen selftevredenheid kan geduld word in die stryd om die behoud van ons plante- en dierelewe nie. Die druk van alle kante, die gevare en eise eindig of verminder nooit nie. Die stryd is nooit gewonne of die bronne veilig nie.

Die hoofoorsaak van traak-my-nieagtigheid is onkunde. Dit, tesame met nie-betrokkenheid bring mee dat die gemiddelde individu totaal onbewus is van die bedreiging van ons fauna en flora. Dit kan nie van 'n persoon verwag word om as kampvegter vir die behoud van 'n basterhartbees of 'n suni op te tree as hy nog nooit so 'n bok gesien het nie! Dis ongelukkig so dat die meerderheid van ons mense nie eers al die wildsoorte in Suid-Afrika se name ken nie, wat praat nog van die uitkenning van al die soorte.

Laat ons 'n lys opstel van die groter wildsoorte met die weglating van die karnivore of vleisetende diere. Ons begin met die meer bekende soorte: rooibok, koedoe, sebra, kameelperd, olifant, witrenoster, springbok, blouwildebees, buffel, grysduiker en steenbok. Dit behels slegs elf soorte en daar moet nog baie ander soorte wees: seekoei, swartrenoster, swartwitpens, gemsbok, blesbok, rietbok, waterbok, klipspringer, vlakvark, rooiduiker, blouduiker, rooiribbok en swartwildebees bring die getal op 24. Ja, natuurlik ook nog die eland, bosbok, oorbietjie en vaalribbok. Ons mag ook nie die bosvark, die basterhartbees, die suni, die grysbok en rooihartbees uitlaat nie, of die bergsebra, die njala, die tropiese grysbok, die bontebok en die bastergemsbok vergeet nie.

Hoeveel van dié 38 soorte sou u kon opnoem? Hoeveel van hulle het u in die afgelope twee of selfs vyf jaar gesien? Het u enige idee hoeveel daar van elke soort in Suid-Afrika of Transvaal oor is? Kan selftevredenheid in wildbewaring toegelaat word?

In hierdie uitgawe van Fauna & Flora deel ons u iets mee van ons pogings om die vermeerdering en verspreiding van bastergemsbokke te bevorder. Die taak is in die beginstadium en ons besef dat dit nog lank sal duur voordat ons sover sal kom om dié soort verder te versprei na ander reservate en boere. Dit sal dus nog geruime tyd duur voordat die publiek in staat sal wees om bastergemsbokke in redelike getalle te besigtig. Dit geld ook vir 'n paar ander soorte in die Transvaal. Die Afdeling Natuurbewaring beywer hom reeds lank vir die teelt en verspreiding van die belangrikste wildsoorte. Dis wel waar dat sommige soorte nog redelik volop voorkom in dele van Suid-Afrika, maar dit regverdig nie enige onverskilligheid teenoor hulle voortbestaan in die Transvaal of elders nie.

U het moontlik ook al gewonder waarom die Afdeling Natuurbewaring op sommige van sy kleiner reservate in die Transvaal nie die publiek vryelik toelaat nie. Die rede hiervoor is dat sulke reservate teelstasies vir skaars wildsoorte is. Die doel van hierdie stasies is om geskikte weidingsgebiede daar te stel waar skaars soorte sonder mededinging gepropageer kan word. In die meeste gevalle was dit nodig om nukleuskuddes van die bedreigde soorte van elders in te voer en daar te vestig. Die vestiging en opbou van gesonde kuddes waaruit sonder vrees weer geneem kan word, is 'n langsame proses. So is daar reeds swartwildebeeste, rooihartbeeste, swartwitpense, basterhartbeeste, bastergemsbokke en ander gevestig.

In sekere gevalle was dit selfs moontlik om as 'n voorsorg teen moontlike rampe 'n tweede kudde op 'n ander plek te vestig. In die geval van swartwildebeeste en rooihartbeeste het dit reeds sover gevorder dat nukleusteelkuddes reeds na boere in goedgekeurde gebiede versprei kon word. Dit is natuurlik die einddoel om al die kuddes so te vergroot dat die skaars soorte weer op boere se plase waar die diere voorheen in die natuur voorgekom het, gevestig kan word en sodoende te sorg dat hulle nie uitsterf nie.

R.N.G.

nuwe natuurbewarings-uitstalling

Die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring het 'n permanente uitstalling by sy hoofkantoor in Pretoria geopen. Die beplanning van hierdie projek wat 'n aantal jare geduur het, het nou 'n werklikheid geword. Dis die Afdeling se eerste, maar beslis nie die laaste aanbieding van 'n opvoedkundige vertoning van die fauna en flora van Transvaal nie.

Die uitstalling is deur die administrateur, Sy Edele mnr. S. G. J. van Niekerk op 8 Desember 1970 geopen - net betyds vir die skoolvakansie. Die uitstalling is egter permanent en kan te eniger tyd deur georganiseerde groepe skoolkinders besoek word. Die doel van die verskillende uitstallings is om interessante feite van die natuur onder die aandag van die publiek te bring, en hulle ook bewus te maak van die werksaamhede van die Afdeling Natuurbewaring.

Een van die glanspunte van die uitstalling is 'n realistiese model van die Blyderivierspoort in Oos-Transvaal. Die besoeker druk 'n knoppie en luister dan na 'n bandkommentaar oor die gebied, terwyl liggies aangaan om die interessante punte aan te dui wanneer hulle genoem word. 'n Kaart van Transvaal met soortgelyke kommentaar en illuminasie skets die werksaamhede van natuurbewaring in die provinsie.

'n Aantal van ons groter varswatervisse word in drie groot tenks vertoon. Die belangrike rol wat roofvoëls speel in die beheer van knaagdiergetalle word ook uitgebeeld. Groot batikpanele deur die bekende kunstenaar Louis Steyn stel vyf aspekte van natuurbewaring op 'n verrukkelike wyse voor. Nog 'n dekoratiewe uitstalling is die 20-voet-wye appliekdoek, met ontwerpe uit die natuur, wat deur Jo en Ernest Ullmann uitgevoer is.

By die opening van die uitstalling het die administrateur, mnr. Van Niekerk gesê: „Natuurbewaring is nie meer net 'n kuns nie, dis 'n toegepaste wetenskap. Dit is netso waar dat *elkeen* daartoe kan bydra, en nie slegs die professionele beamptes wat die hoof-verantwoordelikheid moet dra nie. Dit is derhalwe noodsaaklik dat die algemene publiek op hoogte moet bly van natuurbewaringsake, en dat die kennis van wetenskaplikes en die bevindings van navorsers aan soveel mense moontlik oorgedra sal word. Dit vereis harde werk, geld en mannekrag, maar die beloning sal groot wees. Natuurbewaring is nie alleen 'n stryd teen die onvermydelike gevolge van vooruitgang en tegnologie nie, maar dis 'n wedren met die tyd". ☐

'n Model van Blyderivierspoort.

Groot batikpanele deur Louis Steyn.



beleefdheid kos niks

jag en wildbestuur - deel 2 - deur r. n. grafton

Het u al ooit gewonder hoe dit gebeur dat sommige gelukkige mense skynbaar na hartelus kan jag? Hulle het blykbaar dwarsdeur die land die regte kontakte en ken talle gawe boere. U skryf dit moontlik toe aan geluk, geld en baie vrye tyd. Maar wat van die talle jagters wat $5\frac{1}{2}$ dag per week werk, net soveel soos u en ek verdien en glad nie die betekenis van die woord geluk ken nie. Hoe verkry *hulle* dan soveel jaggeleenthede?

Dit is duidelik dat daar heelwat faktore moet wees wat jagmoontlikhede bepaal. Natuurlik help dit as u 'n vriend het met 'n plaas, waarop daar volop wild is. Tog kan dit gebeur dat baie sulke persone nie op die plaas toegelaat word nie, terwyl vreemdelinge welkom is om te kan skiet.

'n Paar weke gelede het ek juis met iemand gesels om te verneem of daar nie êrens 'n kans is om duikers te skiet nie. Hy vertel my toe dat hy 'n goeie kennis gehad het, waar hy die vorige jaar gejag het, maar dat die boer vanjaar te kenne gegee het dat hy hierdie seisoen geen duikers sal laat skiet nie. Toe hy my die besonderhede van die vorige jaar se jag vertel het, was ek nie verbaas nie. Die jagter het 'n vriend saamgeneem; hulle het geen duikers gekry nie, maar wel 'n steenbok. Natuurlik was daar geen vergunning vir die vriend nie en nog minder vir steenbokke, want daar was maar net vier van hulle op die plaas.

Die twee het hulle dus mooi uit hulle nuutverkreë jagveld geskiet. As een of twee persone uitgenooi word, sluit dit nie hulle vriende in nie, en mens moet darem taamlik kleurblind wees om nie te kan onderskei tussen 'n gewone duiker en 'n steenbok nie. U mag sê, dat die boer duidelik moes gestipuleer het, „Geen vriende en geen steenbokke nie", maar dit moet in gedagte gehou word dat hy die gasheer is en dat dit van gaste kan verwag word om lig te loop. Dit is verstandig om altyd vas te stel wat mag en wat nie mag gedoen word nie; op dié manier voorkom u misverstand en onaangenaamheid.

Daar is talle dinge wat toelaatbaar en nie toelaatbaar is nie, maar op slot van sake kom dit neer op gesonde verstand en welvoeglikheid. Dis vanselfsprekend dat u nie 'n hek oop laat nie, brand stig in die veld nie, kennisgewingborde stukkend skiet nie of koeëls oor die plaashuis laat fluit nie. Nog minder trek u mielies uit om 'n verskansing te maak, of beskadig die enkele wilgers langs die rivieroewer. Ek het eenmaal 'n kennisgewing gesien: „Ons geniet ook die visvangs, neem asseblief jou rommel saam met jou." Ek neem aan dat dit ook van toepassing is op patroondosies, geplukte vere en piekniekreste.

Dis wonderlik hoe 'n patroondoppie jou kan verraai. Die leë dosie langs jou motor se spoor is bewys daarvan dat jy te lui is om te loop, en eintlik maar 'n onwettige jagter is. 'n Leë triple-A tussen

Jag verbode, bly weg. Welwillendheid van die kant van jagters kan baie daartoe bydra om hierdie soort kennisgewings oorbodig te maak.

Beleefdheid en bedagsaamheid beteken gelukkige jagters.



die No. 8's beteken dat daar nie *net* bosduiwe geskiet is nie. In die V.S.A. is daar baie jagters wat op een plek bly in die hoop dat wild in hulle rigting mag vlug, as ander skiet. Daar word nie naastenby so druk in die Transvaal geskiet nie; hoe minder skote u dus afskiet, hoe minder senuagtig word die wild. So bevoordeel u uself en die volgende jagter.

Afgesien van wat u nie mag doen nie, is daar sekere dinge wat u beslis in aanmerking moet neem. Vanselfsprekend moet u 'n bedankingsbrief skrywe òf u nou gelukkig was of nie. Dis ook belangrik hoe u die boer benader as u om verlof kom vra. As u voor hom kom, geweer in die hand en 'n vol patroonband om u lyf, sal u baie gou netso weer verdwyn. Dis baie verstandiger om tevore, selfs voor die opening van die seisoen 'n welwillendheidsbesoek af te lê.

Soms is dit van pas om aan te bied om te betaal vir die jag. U kan ten minste aanbied om 'n deel van wat geskiet is, af te gee. Dit beteken dat u by u vertrek weer by die huis langs moet kom en dit is beslis die mees beleefde ding wat u kan doen. U kan die boer ook nooi om saam met u op jag te gaan; hy mag dit geniet, maar dit gee hom ook die geleentheid om te sien of jy jou skiet ken.

Verlede seisoen het ek die voorreg gehad om heerlik duiwe te skiet. Dis interessant dat daar die vorige jaar nie 'n enkele duif op daardie plaas te sien was nie. Gedurende die somer het 'n maat van my kafferkoring- en mannasaad gekoop en die boer omgepraat om dit op 'n halfakkerstrook langs 'n ou land te plant. Teen April het die saad begin ryp word en ons drie het heerlik geskiet op die duiwe wat kom vreet het. Dit is darem nie altyd moontlik om so iets konstruktiefs te kan doen om te vergoed vir wat u inoes gedurende die oop seisoen op iemand anders se grond nie. U kan natuurlik help om strikke op te neem, om vas te stel hoe die tarentale broei of wat die getalle van die wildsoorte is, en hoe hulle versprei is.

Nou en dan mag u 'n eienaar teëkom wat nie die jagregulasies ken nie en goedgunstiglik sê, „Skiet wat jy wil". Dis 'n versoeking wat teengestaan moet word want as u matig oes sal u moontlik elke jaar daar kan jag. Mens kan maar net hoop dat daardie boere wat geen of min jag op hulle plase toelaat, meer toeskietlik sal word. As daar voldoende wild is, is dit glad nie skadelik om hulle jaarliks effens te verminder nie. Dit is waar dat daar jagters is wat nie 'n tweede kans verdien nie, maar baie ander doen nooit iets verkeerd nie. Dan is daar tussenin, dié met min ondervinding, die beginners en jongkêrels. Miskien het hulle net 'n geleentheid nodig om te leer; hulle moet volledige instruksies ontvang en moontlik hier en daar vriendelike raad. ☐

Maak asb. die hek toe. Hierdie soort uithangborde behoort onnodig te wees; laat die hek altyd soos u dit gevind het.

Oorlewendes sal vervolg word; die waarskuwing is lughartig maar die betekenis is duidelik.

percy fyfe - natuurreservaat

Die plaas Lunsklip, 20 myl noord van Potgietersrus het in 1912 ellendig gelyk. Die veld was gruwelik oorbewei met gapende erosieslote orals en feitlik alle natuurlewe het verdwyn. Die 28-jarige Percy Fyfe was toe nog 'n teësinnige bankkassier met 'n droomideaal om eendag 'n plaas te besit. Toe Lunsklip te koop aangebied word, het hy dit dadelik gekoop en die harde taak van herwinning aangepak. Hy het draad gespan, damme gebou, grondbewaringsmaatreëls getref en die plantegroei en wild beskerm. Veertig jaar later toe daar reeds 'n groot trop blesbokke gevestig was, het hy die plaas aan die Transvaalse Administrasie oorhandig om as natuurreservaat te gebruik.

Kinders was altyd welkome besoekers by Lunsklip en toe dit 'n natuurreservaat geword het, het mnr. Fyfe slegs een begeerte uitgespreek, naamlik dat georganiseerde groepe jong mense toegelaat moet word om daar uit te kamp. Die plaas is in 1954 as natuurreservaat verklaar en toe het die Afdeling Natuurbewaring dadelik aan die werk gespring om draad vir wildkampe te span, paaie te bou en drinkplekke te voorsien. 'n Kampeerterrein is skoongemaak, water is aangelê en 'n kombuis en badgeriewe is gebou. Jeuggroepe, soos die Voortrekkerbeweging, besoek die reservaat gereeld en geniet die buitelewe en leer terselfdertyd iets van die natuur.

Percy Poynton Fyfe in sy sewentiger jare.

In September 1933 het mnr. Percy Fyfe 6 blesbokke uit die Oranje Vrystaat verkry en hulle op sy plaas losgelaat. Teen die middel van die vyftiger jare het die getal tot 400 vermeerder en vandag is daar meer as 600. Elke jaar word sowat 100 gevang vir hervestiging op ander reservate of wildplase. Die Percy Fyfe-natuurreservaat beslaan 3432 morg en is in 'n aantal wildkampe verdeel. In die loop van die jare is baie nuwe wildsoorte bygevoeg, sodat daar nou meer of min 1000 diere in die reservaat is. Die belangrikste hiervan is 16 bastergemsbokke wat 500 morg bewei (kyk bl. 6). Die skaars basterhartbees is ook ingevoer en het vinnig tot 54 gedurende die laaste paar seisoene aangewas. Klein troppies van ander wildsoorte soos die swartwitpens, swartwildebees, koedoe en sebra is ook hier hervestig.

Basterhartbeeste, een van die skaarste wildsoorte, is deur die Afdeling Natuurbewaring ingevoer.

Die hoofkwartier van die wildvangspan van die Afdeling Natuurbewaring is hier, sowel as kwarantynhokke vir diere wat pas gevang is. Die publiek het nie tot die reservaat toegang nie omdat dit hoofsaaklik 'n teelstasie vir skaarssoorte wild is. Sy groot betekenis lê daarin dat dit uiteindelik 'n voorradebron sal wees van waaruit ander gebiede voorsien sal word. Toe mnr. Fyfe die plaas aan die volk van Transvaal geskenk het, kon hy sekerlik nooit gedroom het dat swartwitpense, basterhartbeeste en bastergemsbokke eendag die veld wat hy so moeisaam herwin het, sou bewei nie. Die geskenk van Oom Percy is uniek daarin dat hy dit lank voor sy dood reeds gedoen het. Hy het nog 'n hele aantal jare op die plaas bly woon tot hy in 1965 op 81-jarige ouderdom oorlede is. In 1969 is 'n brons gedenkplaat op 'n granietblok, in die skaduwee van 'n groot vyeboom aangebring ter gedagtenis aan 'n versiende en gulhartige natuurbewaarder. □

ongewone speelmaats

'n Trop bobbejane kan wel, as hulle natuurlike kos skaars word, van die berge afkom, of uit die bosse te voorskyn tree om die boer se gesaaides by te dam. Om hierdie rede is die bobbejaan tot 'n probleemdier verklaar en mag onbeperk en sonder lisensie gejag word.

Die Afdeling Natuurbewaring het intensiewe navorsing gedoen om 'n praktiese en genadige metode te probeer vind om hulle getalle onder beheer te hou. Die eerste vereiste was natuurlik 'n deeglike kennis van hulle gewoontes en ekologie. Dr. Graham Saayman van die Universiteit van Pretoria, het met navorsers van die Afdeling saamgewerk aan 'n studie van die sosiale gedrag van bobbejane. Terwyl dr. Saayman 'n groep bobbejane in die Nasionale Krugerwildtuin dopgehou het, het hy een van sy interessantste waarnemings gedoen. In die uitgawe van Februarie 1970 van die tydskrif *Animals* skrywe hy: „'n Volwasse jakkals het skielik uit die bos gedraf gekom en op sy gemak deur die trop beweeg. Die bobbejane het toegelaat dat hy heen en weer tussen hulle deur draf. Die jakkals het tot op 'n paar tree genader, en slegs weinig belangstelling van die bobbejane uitgelok. Groot was ons verbasing toe die jakkals naby 'n klompie van die jongeres gaan staan, sy ore plat trek en met hangende stert hulle begin bekruip. 'n Paar van hulle het tekens van vrees getoon; hulle het agteruit beweeg, en twee van hulle het omgedraai en 'n paar tree weggehardloop.

„Eers toé het ons opgemerk dat daar in werklikheid drie jakkalse was. Al drie was besig met die bekruipery. Telkens wanneer een naby genoeg kom, val hy plat op sy voorpote met die agterlyf en stert omhoog en begin dan stertswaaiend met die bobbejaan te stoei. Die fisieke aanraking was vinnig en moeilik om presies waar te neem. In die reël het die bobbejaan dan 'n endjie gehardloop met die jakkals agterna. Daar was egter geen sprake daarvan dat die bobbejaan werklik wou weghardloop nie; hy het ook nie geskreeu soos wanneer hy bang is nie. Dwarsdeur die ontmoeting was dit duidelik dat die jakkalse 'n spelery aan die gang gesit het." ☐

basterg

'n bedreig



Terwyl die helikopter en sy skaduwee op die vlugtende bastergemsbok afpeil word 'n dwelmmiddel uit 'n pylgeweer afgevuur.

Met die pyl in sy sy, sak die bastergemsbok magteloos op sy knieë.



Die bastergemsbok is moontlik die skaarste van die 26 wildsboksoorte in Suid-Afrika. Daar is waarskynlik nie meer as 350 van hulle nie, en almal kom in Noord- en Oos-Transvaal voor. Ten noorde van ons is hulle nog redelik volop, maar die Transvaal is hulle suidelike gebiedsgrens, en dis hier waar hulle voortbestaan bedreig word.

Tot onlangs was slegs die min of meer 270 bastergemsbokke van die Nasionale Krugerwildtuin veilig. Die origе klompie was yl versprei in die droë en rotsagtige Waterberg naby Vaalwater. Dis byna 'n wonderwerk dat hulle in hierdie onherbergsame gebied behoue gebly het. Gelukkig beywer die boere hulle daar naarstiglik om hierdie kosbare wildsoort te beskerm. Omdat hulle so rond beweeg van plaas tot plaas is dit baie moeilik om totale beskerming toe te pas. Daar word egter nog kalwers in die kuddes gebore maar die getalle bly maar konstant laag.

Gedurende die winters van 1969 en 1970 het hierdie boere goedgunstiglik die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring toegelaat om van die bastergemsbokke te vang ten einde 'n nuwe kudde in Transvaal te vestig.

In die Percy Fyfe-natuurreservaat naby Potgietersrus, waar die habitat ooreenkom met dié van Vaalwater, is 'n kamp van 500 morg voorberei. Die vang van hierdie diere was die moeilikste wat die Afdeling nog uitgevoer het, en is deur maandelange beplanning vooraf gegaan.

'n Fyn kuns

Die bastergemsbokke was in klein kuddes oor 'n steil en rotsagtige gebied versprei. Daar is min paaie en die bosse beperk die sig tot ongeveer 50 tree; die enigste manier om die diere te vind, was per helikopter. Hulle word dan van uit die lug met 'n dwelmpyl geskiet; dit was wel niks nuuts nie, maar dit is nog nooit tevore in so 'n ruwe gebied probeer nie. Nadat die bedwelmde dier op sy knieë gebring is, volg die moeilikste deel, nl. om hom na die basiskamp te vervoer waar die vervoerkaste gereed staan. Dit word gedoen deur die dier op 'n houtplatform te plaas wat onder die helikopter hang.

msbok
wildsoort

Nadat die dier getref is moet daar 'n landingsplek gevind word om die vangspan en hul apparaat af te laai. Soms was dit noodsaaklik vir 'n veldwagter om van die helikopter af te spring en 'n plek oop te kap.

Dis 'n fyn kuns om teen 'n steil helling, tussen rotsblokke en met slegs 12 duim speling aan beide kante vir die skroef, te land. Tog is die kosbare diere een vir een uit die digte bosse gelig en vyf tot tien myl ver na die vragmotors wat gereed gestaan het, vervoer.

'n Nuwe tuiste

Agt gemsbokkoeie en twee bulle is sodoende in die Percy Fyfe-natuurreservaat losgelaat. Hulle het gou daar aangepas. Sommige van die koeie was reeds dragtig toe hulle gevang is; vier kalwers het aangekom en nog meer word verwag. Bastergemsbokke kalf enige tyd van die jaar en hulle steek die kalfies vir sowat ses weke weg.

Dié gewoonte en ook die los verhouding tussen moeder en kalf, is moontlik die rede waarom bastergemsbokke in kompetisie met ander wildsoorte minder gunstig vaar.

Onder die antilope weeg slegs die eland meer as die bastergemsbok. Volwasse bulle weeg van 600 tot 700 pond en die koeie van 500 tot 550 pond. Die bulle kan nogal aggressief wees en kwaai veg om hulle gebied en koei-trop teen ander bulle te beskerm, maar in die reël is hulle sku vir mense. Om nie opgemerk te word nie, staan hulle doodstil of gaan lê in hoë gras.

Die periode van dragtigheid is ongeveer nege maande. 'n Kudde bestaan gewoonlik uit een groot bul en tot 'n dosyn volwasse koeie en hulle eenjarige kalwers.

Hopelik sal die kudde in die Percy Fyfe-natuurreservaat, in die afwesigheid van roofdiere en ander mededingende soorte, vermeerder en moontlik elke drie jaar verdubbel. Ander provinsiale reservate sal mettertyd ook van bastergemsbokke voorsien word, sodat hierdie sku maar trotse diere uiteindelik van die lys van bedreigde diere kan verdwyn.



Die kosbare vrag word per helikopter van die vangplek na die kampbasis vervoer.

Veilig in 'n krat, begin die bastergemsbok se reis na sy nuwe tuiste in die Percy Fyfe-natuurreservaat.

Die bedwelmde bok word met 'n net bedek vir sy lugreis.

Daar is slegs nog sowat 350 bastergemsbokke in Suid-Afrika.

Die eerste bastergemsbokkalwers wat in 'n Transvaalse provinsiale natuurreservaat gebore is; hulle is twee en drie maande oud.

louis van bergen

deur r. bigalke

Louis van Bergen is op 24 Januarie 1892 in Bloemhof gebore. Kort voor die Tweede Vryheidsoorlog het sy vader wat 'n onderwyser was en ook sendingwerk gedoen het, besluit om na Pretoria te verhuis. Die reis moes nog per ossewa geskied. Swaar tye het daar op die gesin gewag as gevolg van die vroeë dood van die vader en die uitbreek van die oorlog in 1899. Die jong Louis het begin om voëls te vang en aan voëlliefhebbers te verkoop om sy moeder so te probeer ondersteun. Destyds was dit volkome gewettig en hy het geen moeite ondervind om kopers te kry nie; die kleurrykste soorte is deur die kopers na Europa en elders uitgevoer.

Sy eerste betrekking was in die kantoor van die prokureur-generaal, maar 'n vriend het hom oorreed om in diens van die Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij te tree. Later het hy die sakewêreld betree en 'n florerende saak in Pretoria opgebou.

Die geelbek-neushoringvoël wat dikwels in Louis van Bergen se films vertoon is.

CHRIS PISART

Sy intense belangstelling in die voëls van Transvaal het sy oorsprong gehad in sy jeugbedrywigheid as voëlvanger. Al gaande het hy sodoende 'n uitgebreide kennis van die voëls van die laeveld opgedoen. Hy kon besonder goed sien en het dikwels 'n klein voëltjie in 'n bos 'n honderd tree verder opgemerk en uitgeken, lank voordat ek dit gewaar het. Daar is beslis min voëlliefhebbers wat 'n groter eerstehandse kennis van die verspreiding, die fluite, die broei- en ander gewoontes van die Transvaalse voëls gehad het as Louis van Bergen.

Hy was 'n joviale en energieke metgesel in die bosveld en sy byna seunsagtige geesdrif het aansteeklik gewerk. Hy was op sy gelukkigste in die veld en sy groot motor het altyd halfklaar opgepak gestaan, sodat hy met die minste versuim kon wegkom. Elke uitstappie was vir hom 'n avontuur; hy kon opgewonde raak soos 'n skoolseun wat die eerste keer in die bosveld kom.

Sy belangstelling in die laeveld was beslis nie tot voëls beperk nie; die soogdiere en die flora het hom ook geïnteresseer, maar sy eerste liefde het voëls gebly.

Dit was onvermydelik dat hy een of ander tyd sou begin fotografeer om 'n rekord op te bou van sy veelvuldige uitstappies. Sy eerste poging was 'n swart-en-wit film wat hy reeds in 1923 gemaak het toe hy per motor deur die teenswoordige Nasionale Krugerwildtuin gery het. Dit is hoogs waarskynlik die eerste film wat in hierdie reservaat gemaak is.

Langsamerhand het hy duurder en meer doeltreffende toestelle aangeskaf en hom op kleurfilms toegelê; sy voëlfilms is ongetwyfeld van die beste van dié soort. Toe bandopnames moontlik geword het, het hy begin om opnames te maak van die fluite van voëls en geluide van ander veldbewoners. Hy moes natuurlik dou-voor-dag uitgaan om die helder, deurdringende roep van byvoorbeeld bospatryse en bosveldfisante wat die koms van die dag aankondig, op te neem.

Hy was een van die eerstes om lewenslange lid van die Nasionale Krugerwildtuin te word en was ook honorêre veldwagter. Hy het baie jare lank die Oostelike Provinsie op die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Beskerming en Behoud van Natuurlewe, verteenwoordig.

DICK WOLFF

Louis van Bergen met 'n ietermago.

As blyk van sy groot liefde vir en belangstelling in die laeveld het hy in sy testament eenduisend rand beskikbaar gestel vir 'n hut in die Blyderivierpoort, waar die eerste ruskamp nou gebou word. Toe die Provinsiale Uitvoerende Komitee dit in ontvangs geneem het, het hulle besluit om 'n gedenkplaat in daardie hut aan te bring.

Louis het in die loop van jare al die belangrike nasionale parke en natuurreservate in suidelike Afrika, insluitende Etosha en Caprivizipfel besoek en orals films gemaak. Hierdie films is dikwels in al vier provinsies vertoon ten bate van natuurbewaring.

Hy is op 8 Desember 1966 oorlede, slegs enkele weke voor sy vyf-en-sewentigste verjaarsdag. Sy gedagtenis sal bly lewe in die harte van alle bosveldliefhebbers.

los die stomp!

deur g. l. lombard

„Lekker ou kampvuur, kom ons sleep daardie groot stomp nader." So vreet tienduisende kampvure jaarliks honderde-duisende stompe op. Saam met die stomp het 'n stukkie beskutting uit die natuur verdwyn; 'n klein wêreldjie is vernietig. 'n Klein wêreldjie wat die eerste skakel vorm in die voedselketting waarvan elkeen van ons later afhanklik mag wees.

Terwyl hy gegroei het, het die boom die energie van die son omskep tot houtvesels en noudat die stomp daar lê en ontbind, word dié energie in die vorm van humus aan die aarde, wat die boom ook gevoed het, teruggegee. Die stomp help vogtigheid in die grond hou en saadjies van gras, struike en selfs ander bome spoel of waai teen die stomp vas en ontkiem in die beskutte nis wat deur die stomp gevorm word. Selfs dooie blare en ander plantmateriaal word deur die stomp vasgehou, waar dit vog kan inhou en later kan ontbind om humus te vorm.

Die eerste lewende wesens wat op die stomp teer, is bakterieë maar veral swamme. Hulle vorm dus die eerste skakels in die voedselketting. Die swamdrade of *hyphae* vorm 'n netwerk van fyn draadjies wat in en om die houtselle groei en ensieme afskei wat lignin en sellulose verteer. Die hout word sag en disintegreer tot humus wat die grondbodem weer verryk.

'n Verskeidenheid insekte, soos termiete en houtboorders, kan ook direk van die hout lewe. Dit word selfs beweer dat die eensellige diertjies of protozoa wat in die dermkanaal van veral die grasdraertermiete voorkom, in ruil vir hulle beskutte woonplek help om sellulose in die gras wat die termiete vreet, te verteer. By houtvretende kewers word die vesels hoofsaaklik afgebreek deur bakteriese fermentasie wat in hulle dermkanaal plaasvind.

Die termiete, kewers en hulle larwes vorm nou weer op hulle beurt 'n verdere skakel in die voedselketting deurdat hulle die voedsel van ander diere vorm. Daar is selfs ander goggas soos skerpioene, oorkruipers, spinnekoppe en selfs groter kewers, wat hierdie diertjies vreet. Hulle vorm egter hoofsaaklik die prooi van paddas, akkedisse, voëls en klein soogdiere soos skeerbekmuise, muishonde en selfs die maanhaarjakkals. Slange vreet weer die paddas, akkedisse en klein soogdiere. Roofvoëls en jakkalse vorm die top van die ketting, terwyl hulle verder hulle belangrike funksie vervul in die kontrole van skadelike knaagdiere en dassies.

'n Tweede voedselketting bestaan uit die plantvreters wat die gras of ander gewasse vreet, wat in die beskutting van die stomp kon groei. Vrugte of saad van plante wat by die stomp opkom, vorm ook voedsel vir voëls en knaagdiere. Die mens en die groter roofdiere vorm dan die laaste skakel deur die plant- en saadeters te eet. Dwarsdeur die hele ketting word die mis van elke diertjie, hoe klein ookal, versprei en teruggegee aan die bodem.

Let net op in die veld waar daar stompe lê, hoe die gras en ander plante rondom die stomp groei en dink daaraan hoe die versteuring van hierdie klein wêreldjie uiteindelik die hele omgewing nadelig kan beïnvloed. Die natuurlike beskerming van die bodem deur verrottende stompe word selfs doelbewus deur die mens toegepas by grondherwinning of bekamping van erosie. Takke word oor die grond oppervlakte gelê om verspoeling tee te werk en beskerming te bied vir saadjies om op te kom.

As u self 'n stomp of 'n klip omkeer om te sien wat daaronder is en dit nie terugsit soos dit gelê het nie, kan dit soms jare neem voordat die „mikroklimaat" onder dié stomp of klip weer opgebou het om dieselfde volledige „wêreldjie" met sy hele patroon van lewensvorms te bereik.

Vandag word voldoende brandhout vir ons behoeftes in ons land geproduseer en dié plantasies neem voortdurend toe. Deur brandhout te koop vir ons uitstappies kan ons nog lekker om die kampvuur sit en 'n voller natuur geniet as wat ons sou as al die stompe opgebrand was en net die kaal veld oorgebly het. □



veld brokkies

protes-opmars

Natuurbewaringsbeampte David Skead het nooit tevore ’n protes opmars van reptiele gesien nie, en het toe gou ’n foto daarvan geneem. Daar voor hom in die middel van ’n besige hoofpad het ’n likkewaan gestap met ’n suikermielieblik stewig op sy kop. As dit nie ’n protes opmars was nie, dan was dit sekerlik ’n selfmoordstap om aan die mensdom te toon wat die dierewêreld van menslike rommelvarke dink. Mnr. Skead het natuurlik die likkewaan bevry, en ander leë blikke en bottels wat by ’n piekniekplek naby die pad rondgelê het, verwyder.

In baie lande produseer die gemiddelde persoon elke dag van sy lewe sowat vyf pond vaste afvalmateriaal. Die meeste hiervan is leë houers en verpakkingsmateriaal. In die goeie ou tyd is kos nie in blikke verpak nie, en alle bottels was van glas en kon terug besorg word. Onvernietigbare aluminiumblad was nog nie uitgevind nie, en plastiek was te kosbaar om weg te gooi. Tye het verander en so ook die voorkoms van ons stedelike strate en platteland. Klaarblyklik is afvalmateriaal vir goed met ons, en in steeds groter hoeveelhede.

Hoofsaak is nie hoe om afvalprodukte te verminder nie, maar hoe om te verkom dat dit rommel word. Daardie leë bierblik of sigaretdoos word rommel slegs as dit by ’n motorvenster uitgeskiet word of op die grond neergegooi word. In sommige lande is die deposito op elke leë bottel, dubbel, as dit in ’n nasionale park gekoop word. Dit verminder die rondstrooi van vullis. In Amerika word almeer bierhouers van aluminium gemaak wat hergebruik kan word.

Dit is natuurlik moontlik om strenger op te tree en te straf om die euwel te bestry. ’n Meer subtiele metode is om die mense in te lig oor hoeveel dit die publiek aan belastings kos om stede, paaie en natuurreservate skoon te hou. Maar op slot van sake bly dit ’n menslike probleem. Dit word deur mense veroorsaak, en kan alleen deur mense opgelos word. Elkeen van ons kan baie wen deur by te dra tot die instandhouding van ’n skoon omgewing.

Rommel kan dodelik wees.



blyderivierspoort

Die talle navrae oor akkommodasiemoontlikhede by die Blyderivierspoort-natuurreservaat toon dat daar ’n wye openbare belangstelling bestaan. Die ruskamp op die rand van die Blyderivierspoort is nou voltooi en vir die publiek oopgestel. Die ruskamp sal deur die Raad op Openbare Oorde geadministreer word en alle navrae met betrekking tot akkommodasie moet aan die Algemene Bestuurder, Privaatsak 368, Ohrigstad gerig word. Die Afdeling Natuurbewaring behartig geen kampbesprekings nie, maar is verantwoordelik vir die bestuur en beheer van die reservaat.

lisensieverkope styg

Gedurende die afgelope 12 jaar het die aantal gelisensieerde hengelaars byna verdubbel. In die seisoen 1969/70 is ’n rekord getal van 109,696 hengellisensies verkoop. Dit beteken ’n vermeerdering van 19% bo die syfer van 92,000 vir die vorige seisoen 1968/69. Die feit dat sekere sportwinkels nou ook lisensies mag verkoop mag vir hierdie styging verantwoordelik wees; daar bestaan nou 123 sulke sportwinkels. As die varswaterhengelaars voortgaan om elke 12 jaar te verdubbel sal daar in die jaar 2000 sowat 660,000 volwasse hengelaars in die provinsie wees. As hierby nog gereken word kinders wat nie lisensies hoef te hê nie, kom die getal op 800,000 te staan. Ons sal ’n indrukwekkende getal damme moet bou om so ’n leër van hengelaars te bedien. Die enkele riviere wat ons het, kan beslis nie langer word nie.

Die jagters in die Transvaal het nog ’n groot agterstand. In die 1969-seisoen is slegs 4780 jaglisensies verkoop, en selfs dit toon ’n vermeerdering van 100% in slegs twee jaar. Om aan die hengelbehoefte te voorsien sal ons nuwe waters moet skep. Om jaggeleenthede op te skuif behoort makliker te wees. Ons besit nog dieselfde oppervlakte aarde en sal slegs die wild wat uitgeroei is, moet terugplaas. As ons meer geleenthede vir jag wil hê sal daarvoor gewerk moet word.

’n Natuurbewaringsbeampte verwyder dooie vis uit honderde voet onwettige nette wat uit die Hartbeespoortdam gehaal is. Hengelaars word versoek om die Afdeling Natuurbewaring in kennis te stel van nette van stropers. Aangesien hierdie nette dikwels gemaak word van vislyn, is dit raadsaam om brokkies vislyn te vernietig of saam huis toe te neem.

agt nuwe n.b.b.’s

Die Afdeling se span Distrikdienste-natuurbewaringsbeamptes het onlangs van 22 tot 30 gestyg. Agt nuwe poste is geskep en ’n groot aantal promosies is terselfdertyd gedoen. Aan die hoof van die span is mnr. James van Rooyen, (Hoof Natuurbewaringsbeampte) wat wyle mnr. Jacobus Willemse opgevolg het. Die streekhoofde is vier Eerste Natuurbewaringsbeamptes; onder hulle is vyf Senior NBB’s en 20 NBB’s. Hierdie manne is dwarsdeur die Transvaal gestasioneer en is verantwoordelik vir wetstoepassing en voorligting. Hulle word bygestaan deur 38 Bantoe-natuurbewaringsbeamptes wat Bantoe strikstellers en wilddiewe moet vang.



Agt-en-twintig van die Afdeling se Natuurbewaringsbeamptes by hulle jaarlikse byeenkoms in Pretoria gefotografeer.

124,000 termiete

Miershope is ’n bekende verskynsel dwarsdeur Transvaal. In sommige streke is daar waarskynlik van 500 tot 10,000 per vierkante myl. In elke miershoop of nes, is daar ontelbare duisende termiete. Die bekende entomoloog dr. S. H. Skaife beskryf die dieet van grasdraer-termiete in sy boek „African Insect Life” soos volg:

„Hulle is almal grasvreters en vreet veral die gras wat uiters nodig is vir die vee. Hulle kan baie skade aanrig waar hulle volop is.”

Bioloë van die Afdeling Natuurbewaring is al ’n aantal jare besig met ’n studie van die dieet van kleiner roofdiere om vas te stel watter soorte moontlik vir skaapverliese verantwoordelik is. Die inhoud van die maag van verskeie klein roofdiere het interessante gegewens aan die lig gebring in die verloop van die navorsing. ’n Onlangse ontleding van die maaginhoud van ’n maanhaarjakkals van Schweizer Reneke het 124,000 snuitgrasdraer-termiete opgelewer. As die maanhaarjakkals vir agt agtereenvolgende dae soveel sou eet, sou hy eenmiljoen termiete verober het. Dit sou interessant wees om te bepaal hoeveel weiding eenmiljoen termiete kan vernietig.

soogdier-navorsing

By Loskopdam-natuurreservaat is ’n tweejaar-studie oor die rooiribbok aan die gang. Die projek is deur mnr. Lynn Irby, ’n gegradueerde van die Texas A & M Universiteit onderneem, en is een van die baie projekte wat deur die Soogdiernavorsingseenheid van die Universiteit van Pretoria geborg word. Baie min is bekend van die rooiribbok wat taamlik algemeen in die Kaap Provinsie voorkom, maar skaars in ander dele van Suid-Afrika is.

In die Loskopdam-natuurreservaat is daar omtrent 300 rooiribbokke en mnr. Irby doen sy bes om daeliks so naby moontlik by hulle te kom, om hulle gedrag waar te neem. Hy het ’n aantal van die diere gevang, gekleurde plastieknekbande vir hulle omgesit, en hulle weer losgelaat, om hulle bewegings te bestudeer. Hy het gevind dat die ramme territoriaal is, en dat hy hulle kan uitlok deur hulle fluit na te boots.

Die talle navorsingsprojekte wat deur die Soogdiernavorsingseenheid geborg word sal mettertyd baie bydra tot ons kennis van verskillende wildsoorte. Projekte wat aan die gang is, of onlangs afgehandel is, sluit in studies oor die springbok, rooihartbees, swartwildebees, waterbok, bosbok, bobbejaan, rooijakkals en jagluiperd. Die eenheid staan onder beheer van Prof. J. Meester en ontvang geldelike steun van die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring en ander instansies.

Mnr. Lynn Irby met kopbene van rooiribbokramme van die Loskopdam-reservaat.

rooiborskurper



Die rooiborskurper (*Tilapia melanopleura*) kom voor in die meeste Transvaalse warmer riviere wat in oostelike rigting vloei (sien kaart), maar hulle is selde volop. Hulle verkies stadigvloeiende of staande water en aard goed in damme met weelderige waterplante. Die vis het sy volksnaam gekry van die helderrooi kleur wat op die bors van beide geslagte gedurende die paartyd ontwikkel. Daarna vervaag die rooi in die reël tot 'n dowwe pienk.

Hengelaars noem hierdie vis gewoonlik die stompneuskurper of kleinbekkurper. Hy kan tot vier pond weeg en is maklik herkenbaar (wanneer die bors nie rooi is nie) aan die feit dat die onderste helfte van die stertvin ligter is as die boonste gedeelte. 'n Ander kenbare eienskap is ses of meer swart vertikale stroke op die sy wat baie donker word gedurende die paartyd.

Die rooiborskurper is 'n uitstekende eetbare vis en word op groot skaal vir kos in Sentraal-Afrika geteel. Alhoewel hy hoofsaaklik plantaardige voedsel eet kan hengelaars draaiende kunsaas, lepels en gewone aas gebruik om hom te vang. In die meeste waters is die minimum lengte van vis wat 'n hengelaar mag hou 6 duim (15.2 cm). Waar daar oorvloedig waterplante is, kan *Tilapia melanopleura* net so vinnig groei soos sy naaste verwant, *Tilapia mossambica,* of bloukurper wat in twee jaar meer as 'n halfpond (227 g) kan weeg.

Soos die meeste kurpers het die rooiborskurper ook interessante broeigewoontes. Die eiers word in 'n vooraf bereide nesholte gelê, en word dadelik deur die mannetjie bevrug. Albei ouers pas die nes op en sirkuleer water oor die eiers met waaibewegings van die vinne. Sodra die kleintjies uitbroei word hulle in klein gaatjies wat die ouers in die modder op die bodem gegrawe het, oorgeplaas. Hulle word elke paar dae na nuwe gate verskuiwe totdat hulle vry in 'n swerm kan rondswem. Die ouers pas hulle nog vir sowat twee weke op.

Omdat die rooiborskurper groot hoeveelhede sagte waterplante verslind kan hy baie effektief gebruik word om oormatige groei van wateronkruid te beheer. Indien onderwater plantegroei nie 'n probleem is nie, is dit raadsaam om die water nie met te veel van die vis te beset nie, anders mag die plantegroei geheel en al uitgeroei word. Die rooiborskurper is nog verkrygbaar by die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring, maar deesdae word baie min aan plaasdamme voorsien.

visse van transvaal

Die afbeelding op hierdie bladsy is uit die boek Visse van Transvaal deur Pieter le Roux en Louis Steyn. Hierdie waardevolle maar goedkoop visgids is verkrygbaar by die Skakelbeampte, posbus 5636, Johannesburg. Posorders of tjeks vir R1.75 moet aan „Visse van Transvaal" uitgeskryf word.




fauna & flora - 22

fauna & flora

TRANSVAALSE AFDELING
NATUURBEWARING

MAART 1972 NOMMER 22

INHOUD

Terug na die natuur 1
Blyderivierspoort 2
Barberspan 6
Wat van jou rommel? 13
Die verhaal van 'n meer 14
Veld brokkies 16
Kleinbek-geelvis . . . . Agterblad

VOORBLAD: Heilige ibisse of skoorsteenveërs broei by Barberspan, deur W. Massyn.

**TRANSVAALSE
PROVINSIALE ADMINISTRASIE
AFDELING NATUURBEWARING**

Voorsitter van Adviesraad: A. J. Koen
Direkteur: S. S. du Plessis
Assistent-Direkteur, Bestuur: W. K. Kettlitz
Asst.-Dir., Navorsing & Voorligting: S. M. Hirst

FAUNA & FLORA

Redakteur: Roger N. Grafton
Fotograaf: William Massyn
Kunstenares: Aleida van der Merwe

Fauna & *Flora* is 'n publikasie van die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring en word van tyd tot tyd in Afrikaans en Engels gepubliseer vanaf die Hoofkantoor van die Afdeling, Kerkstraat, Pretoria.

Intekening is gratis. Skriftelike aansoeke moet gerig word aan: Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak X 209, Pretoria, Transvaal, Republiek van Suid-Afrika.

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur
Heer Drukkers (Edms.) Bpk., Pretoria.

12 ambagte, 13 ongelukke

In natuurbewaring moet mens twaalf ambagte kan beoefen, en tog van almal 'n sukses kan maak. Dit geld ook vir boerdery; trouens boerdery en natuurbewaring toon groot ooreenkoms. In beide gevalle moet die grond en sy lewende bronne bestuur word met die doel om 'n opbrengs te lewer. Die verskil lê in die manier waarop die opbrengs gebruik word. Slegs 'n bekwame en aanpasbare boer kan vandag maar enigsins 'n bestaan maak met die behartiging van die grond, sy plantegroei en diere. Dit is natuurlik omdat hy te doen het met lewende bronne. Sy grondstowwe kan lewe of sterwe, gesond wees of in 'n swak toestand verkeer. 'n Verdere rede is dat al sy opbrengste jaar na jaar van dieselfde kwesbare oorsprong - die bodem - moet kom. Indien hy die bodem wat sy produksiebron is, beskadig, kan daar geen oes wees nie. En so ook in natuurbewaring.

Die boer wat boer wil bly, moet elke faset van sy onderneming ken: wat en wanneer om te plant, watter onkruiddoder gebruik moet word, wanneer om te oes, hoe om na 'n mark te vervoer en teen watter prys verkoop moet word? Die boer is die algemene bestuurder van sy saak, die direkteur, die kantoorbode en alles daar tussenin. Hy moet beide 'n werktuigkundige en 'n ingenieur, 'n veearts en 'n landboukundige, 'n verkoopsman en 'n ekonoom, 'n genetikus en 'n bodemkundige wees. En so ook die natuurbewaarder.

Al hierdie ooreenstemmende eienskappe tussen boere en natuurbewaarders is waar en tog ook nie waar nie. Dit is nie meer moontlik vir enigeen om 'n boer of 'n natuurbewaarder te wees nie. Boerdery het van 'n plattelandse bedryf tot 'n hoogs tegniese saak ontwikkel. Boerderymaatskappye neem opgeleide deskundiges in diens om die verskillende aspekte van die geheel te behartig. Landbou en veeteelt is nou afhanklik van 'n skaar van ander wetenskappe, beide suiwer en toegepas. En so ook in natuurbewaring.

As dit alles waar is, is die gesegde ,,twaalf ambagte dertien ongelukke" nie meer van toepassing op die boer nie, en ook nie op die natuurbewaarder nie. Hulle het nou deskundiges op verskeie gebiede geword. Hulle werk om 'n gemeenskaplike doel te bereik en die een se werk dra by tot dié van die ander in die verwesenliking daarvan. Moontlik sou mens tog nog kan sê dat 'n departement van natuurbewaring ,,a Jack of all trades" moet wees, maar die lede van die personeel moet gespesialiseerde kennis van verskillende gebiede besit.

Die behoefte aan spesialisering in natuurbewaring het ontstaan uit die veelvuldige en veelsoortige aktiwiteite van vandag. Dis nie meer so eenvoudig soos om 'n heining om 'n terrein te span en om wilddiewe uit te hou nie. Beide die verskillende wildsoorte en die besoekers aan 'n reservaat vereis toegewyde aandag en bestuur. Daar is nie slegs grootwild-reservate nie maar ook reservate vir die behoud van skilderagtige dele of wildernis-gebiede, of vir buitelugontspanning en kleiner reservate vir die beskerming van 'n bepaalde plant- of dierspesie. Navorsing moet gedoen word op die gebied van dieregedrag, bevolkings-dinamika, veldbestuur, voëlkunde, visserye, diéresiektes en wildvang-tegnieke. Afgesien van die noodsaaklikheid van 'n doeltreffende administrasie is daar baie bykomende aktiwiteite in natuurbewaring. Sommige hiervan is bv. wetstoepassing, regulering van jag en visvang, die beheer van probleemdiere, visteelt, inligting en opvoeding, padkonstruksie, akkommodasie en spyseniering.

Gaan daar iets verlore met soveel aktiwiteite en spesialisering? Moontlik ja, in die geval van die enkeling in natuurbewaring, omdat sy werk minder gevarieer en gevolglik ook minder opwindend is. Maar wat die publiek, die benutter van die natuur betref, moet die antwoord 'n besliste nee, wees. Ons natuurbronne word vandag beter beskerm as ooit tevore. Dit is omdat ekologie die basis van die kennis van elke spesialis in natuurbewaring vorm.

R.N.G.

terug na die natuur

deur s. s. du plessis

> *„That land is a community is the basic concept of ecology, but that land is to be loved and respected is an extension of ethics. That land yields a cultural harvest is a fact long known, but latterly often forgotten.*
>
> *„In short, a land ethic changes the role of* Homo sapiens *from conqueror of the land-community to plain member and citizen of it. It implies respect for his fellow-members, and also respect for the community as such."*
>
> —Aldo Leopold, 1949
> A Sand County Almanac

Wat is dit wat die moderne beskaafde mens vandag meer as ooit laat smag na die vrye ruimtes, na skoon lug en helder water of na die stilte van die veld? Is dit 'n diepgevoelde behoefte waarvan ons nou eers werklik bewus word of is dit maar omdat die ongerepte natuur waarna ons verlang al hoe skaarser en daarom soveel kosbaarder word?

Hoe dit ookal sy, die verstedeliking van ons bevolking het hierdie drang na die natuur ongekende afmetings laat aanneem. Namate die motorkar die stedeling se aanraking met die vrye natuur in momentum laat toeneem moet ons die vraag beantwoord: „Hoe gaan ons aan hierdie nuwe beweging betekenis gee?"

Ons weet dat die moderne mens deur verstedeliking en tegniese hulpmiddels sy vroeëre intieme verhouding tot die natuur moes prysgee. Wanneer hy nou terug hunker na die natuur is die verhouding heeltemal anders. Hy soek daar nou die geestelike verkwikking wat sy materiële vooruitgang hom nie kan bied nie. Maar om hieraan betekenis te gee het hy 'n bietjie hulp nodig om 'n nuwe insig in die natuur te kweek. Gelukkig dat ons kennis van die ekologie dit moontlik maak om die leek die werking van die natuur te laat begryp.

Deur hierdie kennis sal sy verblyf in die natuur nie alleen 'n oneindig verrykende ondervinding wees nie maar dit kan sy gesindheid teenoor die natuur heeltemal verander. Aldo Leopold stel voor dat die mens moet afsien van sy rol as onderwerper van die natuur en homself liewer moet sien as 'n lid van die natuurgemeenskap, wat impliseer dat hy die nodige liefde en respek vir die ander lede van die gemeenskap sal aanleer.

Die vraag na ontspanning in die natuur herinner ons weer opnuut daaraan dat die natuur meer is as net iets wat die mens moet onderwerp vir ekonomiese voordele. Daar is estetiese en kulturele waardes in die natuur wat vir die moderne mens van steeds groter belang word. Daarom kan die behoud van natuurlike gebiede waarheen die mens kan vlug nie aan die toeval oorgelaat word nie maar moet dit 'n integrale deel uitmaak van beplanning en ontwikkeling.☐

blyderivierspoort

deur g. l. lombard

In die Drakensberge wat in Oos-Transvaal die platorand vorm tussen die tropiese laeveld wat slegs 600 meter bokant seespieël lê en die oostelike hoëveld van om en by 1 600 meter, vind ons van die mooiste natuurskoon in ons land. In hierdie gebied net noord van Graskop lê die Blyderivierspoort-natuurreservaat in 'n smal strook, 57 kilometer lank, al langs die platorand tot verby die Swadenepiek in die noorde. Die reservaat is omtrent 24 000 hektaar groot en sluit die hele Blyderivier-canyon vanaf die Bourke's Luck kolkgate tot by die poort in die noorde in. Omtrent elf kilometer van die Ohrigstadrivier-canyon wat by die Blyde-canyon aansluit, val ook nog in die noordelike deel van die natuurreservaat. Hierdie pragtige afgronde wat op plekke 'n duisend meter diep is, is asemrowend in hul skoonheid.

Die werklike poort word gevorm deur die massiewe Mariepskop van 1 915 meter hoog in die suide en die 1 575 meter hoë Swadenepiek in die noorde. Deur die poort kyk mens oor 'n deinserige laeveld in die rigting van Phalaborwa in die noordooste. 'n Dam wat tans net onderkant die sameloop van die Blyde- en Ohrigstadrivier gebou word, sal 'n maksimale oppervlakte van omtrent 250 hektaar hê en behoort aansienlik by te dra tot die aantreklikheid van die natuurreservaat.

Dit is interessant hoe die Blyderiviersy naam gekry het. 'n Kommissie van vier waens van die Potgietertrek het hulle in die omgewing bevind op soek na 'n handelsroete na die Portugese hawe Delagoabaai, tans bekend as Lourenco Marques. Behalwe die trekleier, was Casparus Kruger, vader van die latere Staatspresident van die Zuid-Afrikaansche Republiek ook by die geselskap. Terwyl die waens met 'n paar weerbare mans en die vrouens en kinders langs 'n helder bergriviertjie gewag het, sou 'n groep mans te perd die berge afgaan om die roete na die see te verken. Hulle het afgespreek om op 'n sekere datum terug te wees. Toe hulle 'n paar dae na die bedaalde dag nog nie terug is nie, het die agtergeblewenes aanvaar dat hulle omgekom het, en het die rivier waarlangs



< *Die Blyderivier net bokant die samevloeiing met die Ohrigstadrivier.*
V *Die boslelie,* Clivia caulescens, *een van die tropiese spesies van Blyde, groei in die klammer bosagtige dele.*

hulle gekamp het die Treurrivier genoem. ’n Hartseer terugtog is begin, maar toe die waens by die eersvolgende rivier aankom, hoor hulle die vreugdeskote en geklap van perdepote van die terugkerende mans wat hulle inhaal. In hulle uitbundige vreugde het die Blyderivier, waarlangs hulle toe getrek het, sy naam gekry.

Toe goud in die sewentigerjare van die vorige eeu in die Pilgrim’s Rest-area gevind is, het die gebied wêreldbekend geraak. Die populêre verhaal van „Jock of the Bushveld” is ook gedeeltelik aan hierdie wêreld verbind. Dit word beweer dat die ruïnes van die goudsmelterye naby O’Keefe se hut op die natuurreservaat die plek is waar goud gesmelt is vir die Burger-ponde wat vandag beslis veel meer as hulle gewig in goud werd is.

Die kolkgate by Bourke’s Luck is so genoem omdat ’n delwer, Bourke, hier goudklonte wat ’n fortuin werd was gevind het. Die skouspelagtige kolkgate is deur maalklippe in die kolkende strome by die samevloeiing van die Treur- en Blyderiviere gevorm en is eintlik die begin van die Blyderiviers-canyon self. Die kolkgate is een van die gewildste besienswaardighede van die natuurreservaat en is omtrent halfpad tussen die noordelike en suidelike grense geleë. Hierdie punt is dan ook besonder geskik vir die hoofkwartier van die Afdeling Natuurbewaring op die reservaat en ’n behoorlike voorligtingslokaal en kantore is reeds daarvoor beplan. Parkeerruimte en piekniekplekke met slegs die basiese geriewe word ook hier aangelê. Veilige brûe en stewige relings is op die interessantste punte oor die kolkgate gebou sodat besoekers gemaklik hierdie natuurwonder uit verskeie hoeke kan besigtig.

Terwyl hierdie natuurreservaat sy ontstaan hoofsaaklik aan die natuurskoon te danke het, word die klem dáárop gelê en is daar op verskeie punte langs die pad spesiale uitkykpunte met ongeëwenaarde uitsigte. Daar is die boonste en onderste uitsigpunte by die Blyderivier-Openbare Oord, en verder die Drie Rondawels, Laeveld-uitsig, Quartskop en God’s Window. Op die nuwe Panoramaroete wat tans al langs die platorand tussen

Graskop en Bourke's Luck in aanbou is word nog uitkykpunte en piekniekplekke aangelê.

Die plantegroei van Blyderivierspoort is uniek. Van die laeveld tot bo-op die hoogste bergpieke, wissel dit binne enkele kilometers van tropiese bosveld deur reënwoud en fynbos tot hoë berg grasveld. Dit vorm ook deel van die oorvleueling van die noordelikste voorbeelde van ons Kaapse flora, soos geelhout- en stinkhoutbome, proteas, heide en sewejaartjies met 'n tropiese plantegroei wat aan 'n ekwatoriale oerwoud herinner met boommos, varings en epifitiese orgideë.

Die natuurreservaat word deur die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring beheer maar vir die besoeker wat op die reservaat wil oorbly, is daar akkommodasie by die openbare oord, met alle moderne geriewe. Hierdie luukse oord staan onder beheer van die Transvaalse Raad op Openbare Oorde. Net onderkant die oord is daar 'n natuurpaadjie aangelê. Mettertyd sal brosjures genommerde bome en ander besienswaardighede langs die paadjie toelig. Dié wandelpaadjie wat aan die een kant van 'n klofie afgaan en aan die anderkant opkom is vier kilometer lank en op 'n gerieflike helling wat selde dertig grade oorskry uitgelê sodat mens gemaklik kan stap.

Die Blyderivierspoort-natuurreservaat bied sekerlik in Transvaal die beste geleentheid vir die natuurliefhebber om intiem kontak met die natuur self te maak. Ten opsigte van sy ontspanningspotensiaal word hierdie natuurreservaat derhalwe ontwikkel om sover moontlik aan die vereistes van alle besoekers te voldoen. Die oord bied luukse geriewe aan groot groepe mense; geteerde grootpaaie bring persone wat verkies om nie te stap nie of wat moeilik loop tot by gerieflike uitkykpunte waarvandaan die pragtige berglandskap sonder inspanning bewonder of in die fris berglug heerlik piekniek gehou kan word. Die gebied sal egter by uitstek vir die wandelaar 'n paradys wees. In die natuurlike ontspanningsgebied sal wandelpaadjies van meer as 200 kilometer aangelê word en berghutte, waar klein groepies kan

< *Die kolkgate in die rivier by Bourke's Luck.*
<< *Een van die baie uitsigpunte by Blyde met 'n blik op die vlaktes van die Transvaalse laeveld.*
V Protea caffra, *'n voorbeeld van die Kaapse flora wat langs die platorand van die Drakensberge aangetref word.*
V V *Natuurpaadjies lei tot by loodregte kranse al langs die Blyde-canyon.*

oornag, word op geskikte punte beplan. Teneinde die rustigheid van die natuurlike atmosfeer so min moontlik te versteur word groepe wat gaan wandel daarom tot 'n maksimum van vyftien persone beperk. Spesiale geriewe sal ook vir die jeug en ander georganiseerde groepe daargestel word.

Elke persoon of leier van elke groep persone wat die reservaat buite die hoofpaaie wil betree, moet in besit wees van die skriftelike toestemming daartoe en moet by die Natuurbewaringsbeampte by Bourke's Luck aanmeld alvorens hy die reservaat betree en ook wanneer hy terugkeer sodat aan enige persone wat dalk verdwaal of beseer word hulp verleen kan word. Omdat daar met die aanlê van hierdie paadjies nog maar pas begin is en ook vanweë brandgevaar, word besoekers op staptoere tans slegs vir dagbesoeke in die reservaat toegelaat vanaf sonop tot 'n halfuur voor sononder, wanneer alle persone terug moet wees.

Hoewel wilde diere nie in groot getalle op die reservaat voorkom nie, beskik die gebied oor 'n baie interessante fauna wat van ons skaarsste soorte insluit. Al vyf Suid-Afrika se primate naamlik die nagapie, bosaap, bobbejaan, blouaap en die skaars samangoaap kom daar voor. Die seldsame rooiduiker en vaalribbok kom onderskeidelik in die ruie reënbos en hoogliggende grasvlaktes voor. Dit is verder uniek dat al drie ons loeries, naamlik die Knysnaloerie, die perskuifloerie en die kwêvoël op verskillende dele van die reservaat hul tuiste vind. Seker die skaarsste vissoort in ons land kom ook in hierdie wêreld voor. Dit is die klein ghieliemientjie *Barbus treurensis* wat tot dusver slegs bekend is uit die Treurrivier en selde langer as sewe sentimeter word.

'n Trop wilde perde wat op die grasheuwels in die suide van die reservaat swerf, vorm 'n romantiese skakel met die verlede. Daar is geen sekerheid oor hulle oorsprong nie en teorieë wissel van menings dat hulle oorblyfsels is uit die dae van die goudstormloop tot los perde wat gedurende die Tweede Vryheidsoorlog verwilderd geraak het as gevolg van die talle skermutselings wat in die Oos-Transvaalse berge plaasgevind het. ☐

barberspan

deur r. n. grafton

Nou en dan ontvang die voëlkundiges by Barberspan 'n boodskap wat meer of min so lui: 543–5522 Villa Perreira 17° 02′ S, 15° 43′ E + 6–2–5. Hulle verstaan dit presies en weet dat daar nog 'n ontdekking in die raaiselagtige trek van voëls gemaak is - 'n vraagstuk waaraan hulle die afgelope 16 jaar al werk.

Die boodskap dui die geskiedenis van 'n aluminium ring aan, wat een of ander tyd om die poot van 'n voël geplaas is wat Barberspan in die verre Wes-Transvaal besoek het. Met klimmende nuuskierigheid kontroleer hulle die eerste nommer van die boodskap in die rekords van 71 093 geringde voëls. Dit blyk dan dat die voël 'n volwasse wyfie-rooibekeendjie was. Sy is in November 1965 op Barberspan gering; die tweede deel van die boodskap toon dat die voël op 'n plek met die naam van Villa Perreira gevind is. Volgens die geografiese verwysings is dit 'n klein dorpie in Suid-Angola net noord van die Etoshapan. Die plus teken dui aan dat die voël deur 'n jagter geskiet is, en die oorblywende nommers kondig die tyd aan wat verloop het sedert die voël gering is, 6 jaar, 2 maande en 5 dae.

Dusver het die ornitoloë van die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring al 54 ringe van rooibek-eendjies teruggevind sedert die ringstasie op Barberspan gevestig is. Dit verteenwoordig net meer as 2% van die 2 547 rooibek-eendjies wat met die jare gering is. Baie meer moet herwin word maar dit is reeds duidelik dat die rooibek-eend een van ons mees beweeglike watervoëls is. Herwinnings is van alle moontlike windstreke verkry, selfs van afstande tot 1 600 km. Hulle het gekom van die suid-westelike Kaap, van Natal en die Oranje-Vrystaat,

< *Lepelaars teen sononder langs die pan.*
V *'n Geelbors-standloperkuiken met 'n genommerde ring aan sy regter poot.*
V V *Gevange eende word uit die vanghok in 'n mandjie oorgeplaas om na die laboratorium geneem te word vir beringing.*

van Lesotho, Botswana en Zambië, van Rhodesië en die hartjie van die Kalahariwoestyn, van Mozambique in die ooste en nou nommer 543–5522 van Angola in die weste.

Uit hierdie skynbare patroonlose verspreiding moet bioloë met groot sorg en noukeurigheid probeer vasstel of daar dalk 'n patroon in die beweging van die rooibek-eend is. Is daar 'n basiese noord-suid beweging, is dit so skerp dat daar sprake van 'n migrasie kan wees? Die datums wanneer hulle gering en herwin is, kan moontlik aantoon of die beweging seisoen-gebonde is, of is dit heeltemal onvoorspelbaar? Waarom kom hierdie voëls na Barberspan, waar gaan hulle heen om te broei en hulle kleintjies groot te maak?

Die bestuur van watervoël-bevolkings is baie moeiliker as dié van gevestigde voëls, soos fisante. Watervoëls is vandag hier en môre weg. Hulle steek oor provinsiale en internasionale grense, vlieg oor bergreekse en dwarsoor die wydste woestyne. Omdat hulle presies eenders lyk kan geen bioloog met sekerheid sê watter voëls waarheen vlieg nie en of dit dieselfde voëls is wat dit elke jaar doen. Die enigste manier om die raaisel op te los en die basiese inligting te verkry, is om die voëls te ring.

Om 'n metaalband om die poot van 'n eend of 'n gans te sit is iets van 'n dobbelspel maar dis noodsaaklik. Van die 71 093 voëls wat op Barberspan gering is, is slegs 809 tot dusver herwin - 'n wins van 1,1%. Dit lyk na 'n lae winsgrens op 'n belegging, maar wat onontbeerlike biologiese gegewens betref, is dit hoog. Die kolganse het sover die beste resultate van die 125 spesies wat gering is, opgelewer - 6,3% van die ringe is teruggevind.

Die grootste aantal ringe (355) wat herwin is, was van geelbek-eende, waarvan 26 940 gering is. Omtrent die helfte van die voëls was deur jagters geskiet. Dit beteken nou nie dat jagters een uit elke twee voëls dood nie, maar dat hulle verantwoordelik is vir sowat die helfte van die sterftesyfer. As die beringing van jagvoëls op groot skaal gedoen word, is dit die beste manier om vas te stel wat die uitwerking van jag op die voëlbevolking

is. Jagters moet derhalwe op die uitkyk wees vir geringde voëls en nie versuim om die gegewens te rapporteer nie.

Feitlik al die voëlringe wat in suidelike Afrika gebruik word, is, INFORM ZOO PRETORIA, gestempel. Sommige mense het hiervan afgelei dat die betrokke voël uit die Pretoriase Dieretuin ontsnap het! Die dieretuin is inderdaad die sentrale deurvoerkantoor van alle ringherwinnings. Vandaar gaan die gegewens na die Percy Fitzpatrick-instituut in Kaapstad waar daar rekords gehou word van elke ring wat in die land gebruik word. Die Instituut stuur weer die informasie aan die stasie waar die voël gering is en aan die persoon wat dit gevind het.

Die belangrikste feite wat geboekstaaf behoort te word wanneer 'n ring gevind word, is sy nommer en die vindplek. Ook van belang is die datum en hoe die ring gevind is. Indien moontlik moet die ring ook aan die herwinningsadres gestuur word, sodat die mate van verweer vasgestel kan word. Die ring van 'n „pintail"-eend wat in Meksiko teruggevind is en wat 13 jaar tevore in Utah gering was, was so afgeslyt dat die nommer skaars leesbaar was. Nuwe ringe wat in Suid-Afrika in gebruik geneem word, word nou gemaak, nie van aluminium nie maar van 'n nikkellegering wat „incoloy" genoem word en wat bestand is teen verwering en roes, en tog baie lig is.

Van al die voëls wat op Barberspan gering is, hou die bleshoender die ouderdomsrekord; dit is op Barberspan dood aangetref nege jaar nadat dit gering is. Niemand sou kan sê waar dit in daardie nege jaar was nie. Snaaks genoeg was dit ook 'n bleshoender wat die gouste teruggevind was - in Johannesburg, slegs vier dae nadat dit op Barberspan gering is. Dit is beslis 'n bewys daarvan dat die bleshoender kan vlieg in weerwil van die lomp vlerkgevladder en voetbewegings wanneer dit op die water versteur word.

Dis nie slegs plaaslike watervoëls wat op Barberspan gering word nie. Enige voël wat gevang word in een van die drie soorte valle wat daar gebruik word, word

< *Die lepelaar is een van die baie soorte watervoëls wat Barberspan besoek.*
V *'n Aluminium ring word om die poot van 'n geelbekeend in die laboratorium geklamp.*
V V *Bleshoenders vlieg reguit water toe nadat hulle bering is.*

gering. Dit sluit in trekvoëls van oral oor Afrika, en selfs die langafstand-kampioene van Noord-Europa en Asië. 'n Klein familieswawel wat op Barberspan gering is, is net 16 dae later in die Kongo, 2 336 km ver gevind. Die stasie se mees indrukwekkende herwinning is beslis dié van 'n kemphaan; dis 'n klein strandloper wat op 5 November 1969 gering is. Oor 'n tydperk van 16 jaar is slegs 271 kemphane op Barberspan gering, waar hulle gedurende ons somer vertoef om aan die begin van die winter te vertrek. Die kanse om een van hulle in die verre noorde van Europa of Asië waar hulle broei terug te vind is inderdaad klein. Op 20 Mei 1970 egter is 'n kemphaan van Barberspan op 'n plek min of meer 62° Noord en 130° Oos gevind. Hierdie voël wat maar 25 cm lank is, het in omtrent twee maande 'n afstand van 14 500 kilometer afgelê om by Yakutiya in Siberië te broei. Die plek sal u op 'n goeie kaart omtrent 2 000 km noord van Vladivostok vind. Geen voël wat in Suid-Afrika gering is, is al ooit so ver oos gevind nie.

Om 'n voël te ring moet dit eers ongedeerd gevang word. Ses oggende van die week word op Barberspan hieraan gewy. Elke aand, behalwe Saterdae word 'n dosyn inloop-hokke met mielies as lokaas langs die kant van die dam geplaas. Op soek na kos loop eende, ganse en bleshoenders deur 'n draadtonnel in die hokke. As hulle eers binne is, kan hulle nie meer die opening vind nie en is behoorlik gevang.

Watervoëls vreet hoofsaaklik laat in die middag en in die vroeë oggend. Hulle vreet ook gedurende maanlignagte en dis juis dán, dat groot getalle, veral geelbekeende, gevang word. Vroeg elke oggend word hulle uit die hokke in mandjieagtige houers oorgeplaas en na die stasie se laboratorium geneem om gering te word. Die spesie, geslag en ouderdom van elke voël word opgeteken. Vervolgens word die ring om die voël se poot met behulp van 'n spesiale tangetjie geplaas, en die nommer en datum opgeskrywe. Die finale stap is om die voël te weeg, die graad van ververing vas te stel en enige uitwendige parasiete te versamel.



< *Wanneer die ringspan die vanghok by dagbreek nader, is daar 'n gefladder van vlerke maar die eende kalmeer gou as hulle agterkom dat die bioloë geen kwaaie bedoelings het nie.*
V *Die vier voet hoë reuse-reier soek na kos langs die oewer van die pan.*
V V *Hierdie afstootlike drie kuikens sal tot statige reuse-reiers ontwikkel - maar nie voordat die grootste beskikbare ringe om hulle pote gesit is nie.*

'n Geoefende span kan drie voëls per minuut se geslag en ouderdom bepaal en die voëls weeg en ring. Dis belangrik om vinnig te kan werk, veral op dae wanneer daar tot 300 voëls in die valle is. Sodra die werk afgehandel is, word die eende, ganse en bleshoenders na die pan teruggeneem en losgelaat. Die strandlopers en ander kleiner voëls word deur die venster van die laboratorium vrygestel. Blitsvinnig keer hulle na die pan terug, onbewus van die ring wat hulle dra en wat moontlik eendag kan bydra tot die mens se kennis van die biologie en die trek van voëls.

Van 10- tot 12-duisend voëls word deesdae jaarliks op Barberspan gering. Bowendien word daar twee voëls gevang en ondersoek vir elke voël wat gering word. Hierdie addisionele voëls is hoofsaaklik voëls wat reeds gering is, moontlik selfs die vorige dag. Om 'n totaal van 10 000 nuut-geringde voëls te verkry moet 30 000 voëls derhalwe gehanteer word. Die „val-mak"-voëls, soos hulle genoem word, dien 'n belangrike doel, aangesien hulle „val-sku"-voëls in die hokke lok. Dit lyk of sommige voëls inderdaad nie omgee om dag vir dag gehanteer te word, in ruil vir 'n vry maaltyd nie.

Op die oog lyk dit onsinnig dat die pas-geringde voëls nie onmiddellik vrygestel word nie. Die moontlikheid bestaan egter dat 'n vreemde of selfs tienjaar-oue Barberspanring mag gevind word. Derhalwe word elke ring teen die rekords gekontroleer, net in geval.

Op Barberspan kan baie spesies strandlopers wat heen en weer langs die waterkant hardloop, gesien word. Hulle name is so vreemd en romanties soos die ver lande vanwaar hulle gekom het. Kiewiet en wulp, elsie en steenloper, grutto en ruiter, snip en strandloper, kemphaan en knoet, almal is by die pan opgeteken.

Hulle word op 'n ander manier gevang. 'n Lang, lae maasdraad word oor die sand tot by 'n hok gespan. Traag om te vlieg hardloop die strandlopertjies langs die draad op soek na 'n opening. Dit bestaan nie en daarom loop hulle reg indie hok.

V *Die standaard ringgroottes wat in Suid-Afrika gebruik word, is van 26 mm in deursnee tot die kleinste 1,8 mm, wat so klein is dat nie eers 'n speldekop daardeur kan gaan nie.*

V *Spesiale knyptange word gebruik om die ringe toe te knyp sodat 'n volmaakte sirkel om die poot van die voël gevorm word. Links is die kleinste ringe wat gebruik word in numeriese orde ingeryg.*

Voëls wat op die grond in die omringende grasveld vreet, word in 'n met aasgelaaide boogstrik wat 'n fyn net oor hulle gooi, gevang. Toeklap-strikke word gebruik om pieke, laksmanne ens. te vang wanneer hulle op hulle geliefkoosde draadpaal of miershoop gaan sit. Verdere ander spesies word in misnette wat van boom tot boom gespan is, gevang. Die moeilikste voëls om te vang, is makou-eende, witrug-eende en duikertjies, wat in diep water duik om hulle kos te kry. Hulle moet uit die water met nette opgeskep word. Dit kan alleen vanuit 'n vinnige platboomskuit wat van skerp ligte voorsien is, geskied.

Die enigste manier om voëls te ring sonder om een of ander vangtegniek te gebruik is om kleintjies in die nes te ring. Inderdaad gaan baie min voëls wat op Barberspan uitbroei sonder 'n blink metaal ring aan een poot die wêreld in. Verlede jaar is 1 155 klein rooikaffervinkies in hulle neskolonies in die riete langs die dam gering. Kuikens van die skoorsteenveërs, witborsduikers, uile en reusereiers word almal in hulle neste gering. Omdat hulle ouderdom tot naastenby 'n week bekend is, sal dit moontlik wees om hulle ouderdom presies te bepaal, indien hulle in die toekoms herwin word.

Jaar na jaar word daar by Barberspan voortgegaan met die ring van voëls. Hoe meer voëls gering word, hoe groter is die kanse dat sommige van hulle teruggevind sal word. Sedert Bybelse tye het die trek van voëls die mens bekoor. Vandag wil ons weet waarheen die voëls gaan, nie bloot uit nuuskierigheid nie, maar sodat ons die bevolkings kan bestuur. Die eerste voël wat ooit gering is, was 'n reier wat in Turkye gering is en eindelik in Duitsland in 1710 teruggevind is. Die ring van voëls het in Denemarke in 1899 in alle erns begin. Sedertdien het dit oor die hele wêreld versprei en vandag dra miljoene voëls gekodifiseerde ringe. Die meeste daarvan sal in die vergetelheid verdwyn, maar ander sal gevind word en hulle boodskap sal in rekenaars gevoer word en die mens 'n entjie nader voer aan 'n begrip van die raaiselagtige wêreld van voëls. □





wat van jou rommel?

deur r. n. grafton fotos a. j. steyn

V *Die met olie besoedelde water was die oorsaak van die dood van die krap en die blik is boonop nog 'n belediging na leed.*

V V *'n Aangename plek vir 'n piekniek as dit nie was vir die selfsugtigheid van rommelstrooiers nie.*

Dis snaaks dat rommel eers rommel word wanneer dit weggegooi word. As jy dit saamneem huis-toe sal dit nooit rommel wees nie. Die moeilikheid is dat jy te lui is om dit huis-toe saam te neem. Jy is heeltemal tevrede om die plek vir die volgende besoeker te ontsier. Maar as jy nou die volgende persoon is om daar aan te kom! Ja, dan is die wêreld verkeerd en loop alle rommelstrooiers deur!

Ek sou graag wou weet wie al die rommel rondgooi. Dis nie ek of enige van my vriende nie, en dis ook nie jy, of jy of jy nie. Nee, ons het almal op die anti-rommel reklamewa geklim en sal so iets nooit doen nie. En tog gaan die rommelstrooiery voort. Iemand moet dit doen. Is dit tog maar nie miskien jy of ek nie - as niemand kyk nie?

Ons is almal ongetwyfeld in een of ander opsig skuldig daaraan dat ons, ons vullis agterlaat. Ons laat dit by ons geliefkoosde hengeloorde en by daardie pragtige piekniekplekke langs die rivier. Ons skiet dit uit ons motors in die wildreservate, gooi dit oorboord uit van ons seiljagte en snelbote en laat dit aan ons voete val by fraai uitsigpunte. Ek wens ons wou dit nie doen nie.

Daar word dikwels gesê dat daar meer vullishouers behoort te wees. Maar dié wat daar is, word tog nie gebruik nie. En wat meer is, honderde vullishouers sal ook lelik wees, veral as iemand opsigtelike advertensies daarop verf. 'n Ander oorweging is dat vullisblikke wat by mooi plekke in die natuur geplaas word, leeggemaak moet word. Dit bring weer meer vragwaens en paaie, mense en geraas - en daarmee is alle stilte en rus ook heen.

Die eenvoudigste oplossing vir hierdie rommelprobleem is: as jy dit saam gebring het, neem dit dan weer saam huistoe, wanneer jy vertrek. Leë sigaretdose, lekkergoedpapiertjies en filmomhulsels kan in jou sak of handsak bly. Vir die grotere goed soos bierblikke en bottels is daar niks meer doeltreffend as die plastieksakke wat jy by winkels en selfbedieningswinkels kry nie. Plaas 'n paar daarvan in jou motor of reissak as jy op reis gaan. Wanneer jy tuis kom behoort dit vol te wees - van rommel. □

die verhaal van ’n meer

deur g. l. lombard

’n eenvoudige oplossing vir ’n ernstige probleem

’n Aangename meertjie van 57 hektaar, wat binne die stadsgebied van Germiston geleë is, was vroeër een van die gewildste ontspanningsterreine van die Witwatersrand en hengelaars het selde bedroë van sy oewers af teruggekeer. In die voorjaar het paartjies saans ongehinderd hand aan hand langs die meer gewandel.

Geleidelik egter het reënwater siaan en piriet van die omliggende mynhope af in die meer gespoel. Na blootstelling aan die water en natuurlike elemente is swawelsuur gevorm. Ander afvloeiwater uit die stedelike omgewing het tot verdere besoedeling bygedra. Die water van die meer het al suurder geword en gevolglik het die meeste vorme van waterlewe verdwyn.

Ontploffing

Teen 1968 was die water wat ’n gemiddelde pH van 4,2 gehad het, so suur dat slegs twee muggiesoorte van die familie Chironomidae daarin kon leef. Alle ander vorme van waterlewe het klaarblyklik verdwyn en in die afwesigheid van enige kompeterende spesies of predatore was daar so ’n bevolkingsontploffing van veral een soort, dat ’n ernstige muggieplaag ontstaan het.

In September of Oktober elke jaar het miljoene der miljoene muggies saans uit die water tevoorskyn gekom en die hele omgewing verpes. Behalwe dat mens teen die laat middag nie naby die meer kon kom nie, het die muggies wat klein genoeg is om deur gewone muskietegaas te gaan, woonstelblokke in die omgewing binnegedring en die lewe vir die bewoners onuithoubaar gemaak.

Ondersoek

Die Stadsraad van Germiston was verplig om ’n plan te beraam om hierdie plaag te bestry. Die gebruik van insekdodende middels is oorweeg, maar gelukkig sou hierdie maatreël baie min doeltreffend wees vanweë die hoë suurgehalte van die water. Die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring is om hulp genader. ’n Deeglike ondersoek is van die meer gemaak en ’n ontleding van moddermonsters het getoon dat die meerbodem in die herfs van 1969 oor die

< *Die hoësuurgehalte van die water het alle vis in die meer laat vrek.*

<< *Vis is losgelaat toe toetse getoon het dat die suurgehalte van die water gedaal het en dat voldoende kos vir die vis beskikbaar is.*

V *'n Planktonnet word gebruik om die mikroskopiese organismes in die meer te monster namate die suurgehalte tot 'n normale vlak herstel.*

> *Kleinbek-geelvis en karp is van die teelstasies van die Afdeling Natuurbewaring gebring om vislewe in die Germistonmeer te hervestig.*

537 miljoen muggielarwes bevat het. Daar is in werklikheid geen ander vorme van lewe tydens die ondersoek gevind nie. Die Afdeling het die probleem op 'n ekologiese basis benader en het inderdaad in hulle poging geslaag.

Die oplossing

Die eenvoudigste en mees praktiese oplossing sou wees om die lewensomstandighede vir die muggies minder gunstig te maak deur die suurgehalte van die water te verminder en daarna 'n gunstige omgewing te skep vir 'n gebalanseerde gemeenskap van alle vorme van waterlewe.

'n Komitee vir die herwinning van die Germistonmeer is saamgestel uit verteenwoordigers van gesaghebbende instansies om leiding te gee en die saak op te volg. Die Stadsraad van Germiston het sy volle steun aan die aanbevelings gegee en het verbruikte seepsoda van 'n naby geleë fabriek verkry, om die meer te behandel. Na die toediening van byna een miljoen liter hiervan het die pH van die water in die meer van 4,2 tot 6,0 gestyg; dit is baie nader aan die normale toestand.

Op aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde is gewone landboukalk daarna toegedien, omdat die soda 'n te hoë minerale inhoud in die water veroorsaak het en sodoende 'n ander vorm van besoedeling sou kon laat ontstaan het. Voorsorgmaatreëls is getref om die afvloei van die mynhope en omgewing beter te beheer en die natuur het verder sy werk gedoen. 'n Daaropvolgende opname deur die Randse Afrikaanse Universiteit in 1970 het getoon dat larwes van die skadelike muggies baie verminder het en dat 'n toenemende veelsydigheid van waterlewe besig was om te ontwikkel.

Teen 1971 was daar 'n sterk algemene toename in spesieverskeidenheid en opvallende swerms watervlooie en ander nuttige plankton het daarop gedui dat die water gereed was om 'n visbevolking te onderhou. In April van daardie jaar is 5 500 karp en 1 500 kleinbek-geelvis in die meer losgelaat. Die feit dat muggielarwes 'n belangrike deel van dié vis se dieet vorm sou verder bydra tot die bekamping van die probleem. Paddas wat reeds jare nie meer in die meer voorgekom het nie, is ook nou weer terug om muggies te help vang.

Swaeltjies

Rietbeddings wat vroeër as gevolg van die versuring van die water agteruitgegaan het en ook afgebrand het, is nou weer besig om te herstel. Hopelik sal hierdie herstelde rietbeddings weer soos vroeër duisende Europese swaeltjies lok om daar te oornag. As mens in aanmerking neem dat een swaeltjie 200 muggies per dag kan eet, kan vyf duisend swaeltjies per dag een miljoen muggies laat verdwyn. Die betrokke deel van die meer word derhalwe spesiaal ontwikkel en beskerm as 'n voëlreservaat.

Die muggies is nou reeds nie meer in die voorjaar en vroeë somer 'n probleem nie en besoekers sal tot na sononder die buitelug om die meer kan geniet. As die visbevolking na 'n paar jaar goed gestabiliseer het, sal hengelaars weer soos van ouds kan kom lyn natmaak. □

veld-brokkies

blesbokfilm

Die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring se nuwe film „Die Blesbok" is nou beskikbaar in 16 mm formaat. Die verfilming van hierdie interessante, dokumentêre film het meer as 'n jaar in beslag geneem en dek die aktiwiteite van 'n groot kudde blesbokke oor 'n volle jaar. Baie bekoorlike gebeurtenisse in die lewe van die blesbok is op smaakvolle wyse uitgebeeld: van die geboorte van 'n lam tot die afbakening van 'n terrein deur die volwasse ram en die verdediging daarvan. Hierdie film en nog ander oor natuurbewaring is by vyf sentra in die Transvaal vir openbare vertonings verkrygbaar. Enigiemand wat hierdie films wil sien kan met die naaste natuurbewarings-beampte (adresse langsaan aangegee) in aanraking tree; hy kan selfs 'n projektor voorsien indien daar nie een beskikbaar is nie. Waar die nodige projeksie-apparaat bestaan kan die films per pos van die Afdeling se Filmoteek op Hoofkantoor bestel word: Die Direkteur van Natuurbewaring, Privaatsak 209, Pretoria; telefoon 8-0872.

Streek filmdepots:

Pretoria:
Eerste Natuurbewaringsbeampte,
Privaatsak 209,
Pretoria. Telefoon 8-0355.
Kamer D. 7, Provinsiale Gebou.

Noord-Oos:
Eerste Natuurbewaringsbeampte,
Privaatsak 502,
Pk. Letsitele. Telefoon 1111.

Oos:
Eerste Natuurbewaringsbeampte,
Posbus 21,
Klaserie. Telefoon 1130.

Noord:
Eerste Natuurbewaringsbeampte,
Posbus 217,
Pietersburg. Telefoon 4241.

Wes:
Senior Natuurbewaringsbeampte,
Posbus 43,
Swartruggens. Telefoon 80.

'n Stilfoto uit die Afdeling se jongste film - 'n pasgebore blesboklam wat sy ogies knip vir die skerp sonlig.



Die eerste keer waargeneem; 'n kleinpelikaan (onder regs) broei met sukses in die Transvaal.

broei van pelikane

Die kleinpelikaan het onlangs die eerste keer suksesvol in die Transvaal gebroei. Verlede winter is twee neste by 'n verafgeleë klein dammetjie noord-wes van Pretoria opgeteken. In tenminste een van die neste is twee kuikens grootgemaak. As 'n reël broei die kleinpelikaan in Suid-Afrika net by die St. Luciameer in Zululand. Die soutgehalte deesdae van die St. Luciawater en die gevolglike afname van vis kan moontlik die rede wees waarom die merkwaardige voëls verplig is om verder van hier af 'n geskikte broeiplek te vind. In 1970 het 'n broeipaar in Pretoria op 'n ou reiernes in die Austin Roberts-voëlreservaat gepronk maar het nie gebroei nie. By Barberspan is in 1968 'n groep witpelikane wat pronk opgemerk, maar hulle het ook nie gebroei nie; hulle broei gewoonweg op kuseilande en by St. Lucia. Moontlik kan die broei van die kleinpelikaan verlede jaar die voorloper wees van 'n permanente broeikolonie in die Transvaal.

'n Witbors-duiker, een van die baie wat op Barberspan die lewe laat as gevolg van vislyn.

verwurgde voëls

Orals waar hengelaars hulle sport geniet, bestaan die gevaar dat watervoëls kan verwurg word deur vislyne. As 'n voël in 'n vislyn verstrengel raak, is dit klaar met hom. Die lyn draai spoedig om die nek van die voël of om 'n tak vas. Die voël vrek dan as gevolg van verwurging, verhongering of verdrinking.

Dit spreek vanself dat hengelaars dikwels stukke lyn wat aan iets onder die water vashaak, verloor. Dit gebeur gewoonlik in diep water, en die verlore lyn vorm 'n bedreiging slegs vir voëls wat duik. Die vislyn wat langs die oewers of in vlak water gelaat word, waar dit maklik en sonder moeite verwyder kon gewees het, is veral gevaarlik. Eende, strandlopers, reiers en ander voëls word soms in hierdie vislyn, veral as daar ook nog 'n hoek en sinklood aan is, verstrik.

Vislyn wat weggegooi of verlore is, vorm 'n ernstige probleem by Barberspan wat 'n voëlreservaat en 'n gewilde hengeloord is. Die Afdeling Natuurbewaring se ornitoloë moet dikwels verstrengelde voëls probeer red, maar dis ongelukkig meesal te laat. Dit het al gebeur dat 'n visarend 'n groot kuifkopduikertjie gevang en gedood het omdat dit nie, as gevolg van 'n vislyn, kon duik nie. Op 'n ander keer was dit snaaks om 'n flamink en 'n bleshoender dag na dag bymekaar langs die kant van die pan te sien. Nader ondersoek het die raaisel opgelos - hulle was vas aanmekaar. Een hoek van die lyn was in die gewebde poot van die flamink en 'n tweede in die nek van die bleshoender.

Die moeilikheid met nylonlyn is dat dit nie verbrokkel of maklik verrot nie. Dit word maar net altyd meer. Net hengelaars kan help om hierdie probleem uit te skakel.

swartwildebees

In die agttien-vyftiger jare het honderde duisende swartwildebeeste op die sentrale vlaktes van Suid-Afrika gewei. Die meeste van hulle het in die Vrystaat en in die sentrale en noordelike dele van die Kaap Provinsie voorgekom. In die winter het groot kuddes na die grasvelde onderkant die Drakensberge in Natal op soek na soetveld getrek. Die swartwildebees is so ver noord soos die Transvaalse hoëveld aangetref.

In die daaropvolgende jare is dié klein wildebees met sy wit maanhare en stert ongenadiglik gedood. Teen 1900 was daar omtrent ses- of sewehonderd diere oor, en die spesie was op die rand van algehele uitsterwing. Danksy die optrede van 'n paar geïnteresseerde boere is die oorblywende aantal op privaat grond in die Vrystaat en Transvaal bewaar. Ongeveer 1945 het hulle getalle stadig, baie stadig tot omtrent 1 100 vermeerder. Twintig jaar later, in 1965, het 'n opname die getal op 1 808 gestel. Uit 'n nuwe telling, slegs vyf jaar later, het dit geblyk dat daar reeds 3 120 was; die behoud van die spesie was dus verseker.

Van die bestaande 3 120 diere was slegs omtrent 500 in die Transvaal. Die meeste van die provinsie se swartwildebeeste is afstammelinge van 'n kudde op die Afdeling Natuurbewaring se reservaat, S.A. Lombard naby Bloemhof. Twaalf diere wat van 'n naby geleë plaas verkry is, is in 1949 daar gevestig. Dertien jaar later het hulle tot 80 vermeerder en toe kon daar begin word om die jaarlikse surplus te versprei. In die afgelope tien jaar is 155 swartwildebeeste op die S.A. Lombard-natuurreservaat gevang om op wildplase of op ander reservate gevestig te word.

Die Afdeling se beleid is nou om die hoof teelkudde op 100 te hou en langsamerhand twee kuddes op ander reservate op te bou, nl. Rustenburg wat 13 diere ontvang het en Suikerbosrand wat onlangs tien gekry het. Dit is maar klein beginne maar dit was ook die geval met die 12 van S.A. Lombard in 1949. Die afstammelinge van die 12 is nou versprei oor die Transvaal, Kaap Provinsie en Natal en tel meer as 400.

suikerbosrand

Die nuwe Suikerbosrand-natuurreservaat is sonder versuim met wild beset. Daar is reeds 240 diere van ses spesies in die reservaat losgelaat. Hiervan is 94 blesbokke en 89 springbokke wat goed behoort te aard in die oopgrasveld deel van die reservaat. Drie van die Transvaal se skaarser soorte is ook hier ingevoer, nl. 10 swartwildebeeste, 8 rooihartbeeste en 17 elande. Twee-en-twintig sebras wei weer teen die heuwels vanwaar hulle 70 jaar gelede verdwyn het.

Al die diere wat nuut daar gevestig is, is soorte wat vroeër daar voorgekom het. Aanvanklik wei hulle in 'n kamp van 1 100 hektaar maar later sal hulle oor die hele gebied van 11 000 hektaar vry kan loop. 'n Sestig kilometer wildwerende omheining word nou teen hoë koste om die reservaat gespan. Hier word nie die gebruiklike wildreservaat beoog nie, maar 'n buitelug-ontspanningsgebied. Besoekers sal aangemoedig word om te stap, te ry en uit te kamp. Daar sal geen privaat motors wees om hulle, of die wild te hinder nie. Die Afdeling Natuurbewaring hoop om sodoende 'n egte natuurgebied slegs 'n uur per motor van Johannesburg af daar te stel.

Een van die 22 sebras wat op Suikerbosrand losgelaat is, hardloop uit die hok na 'n nuwe tuiste.

kleinbek-geelvis



Die verspreidingsgebied van die kleinbek-geelvis, *Barbus holubi,* in Transvaal was oorspronklik slegs in die Vaalriviersisteem soos op die kaart aangedui word. Die vis is egter later met sukses in Transvaal in die Olifants- en Limpoporiviersisteme deur die Afdeling Natuurbewaring gevestig.

Vanweë sy veglus aan 'n lyn as hy die hoek gevat het, is die kleinbek een van die populêrste hengelvisse in die provinsie. Hierdie populariteit het navorsers op die Provinsiale Visseryinstituut by Lydenburg dan ook aangespoor om pogings aan te wend om dié vissoort onder kunsmatige omstandighede te teel vir verspreiding na ander hengelwaters, selfs buite die Provinsie.

In die natuur begin hierdie geelvis na die eerste somerreën in groot getalle stroomop beweeg om hulle eiers in gruisbeddings van die helderder bolope te gaan lê. In sy boek oor die varswatervisse van Suider Afrika, beweer mnr. R. A. Jubb dat die kleinbek-geelvis tydens hierdie broei-migrasie met gemak oor watervalle van hoër as 1,5 meter kan spring. Die kleintjies broei binne 'n paar dae nadat die eiers gelê is uit, en is heeltemal onafhanklik van die ouers. Hoewel hierdie vis dus goed aard in groter damme sal hy nie in die meeste plaasdamme aanteel nie.

Dit is nie voor 1961 daarin geslaag om die kleinbek geelvis in teeldamme met sterk stromende water en geskikte gruisbeddings op die Lydenburgse instituut te laat broei nie. Sedertdien is verbeterde metodes gebruik. Die vis is met hormone behandel, die eiers dan uit die wyfies gestroop, kunsmatig bevrug en in glasflesse waardeur varswater stroom geplaas om uit te broei. Die tegniek het die instituut in staat gestel om voldoende kleinvissies te produseer om dié gewilde hengelvis na geskikte waters te versprei waar dit vroeër nie voorgekom het nie. In die afgelope twee jaar is 110 000 kleinbekgeelvis orals in die provinsie deur die Afdeling Natuurbewaring losgelaat.

Hoewel die kleinbek-geelvis stadig groei, is vis van byna 14 kilogram al gevang. Omdat dié vis na een jaar slegs 15 sentimeter lank is, is dit te begrype dat die grotes wat gevang word dikwels vyftien jaar of ouer is.

Die kleinbek- wat soms met die grootbek-geelvis (*B. kimberleyensis*) verwar word, word onderskei deur die bek wat effens onder die kop lê en die oog wat verder na agter geleë is. Die bek van die kleinbek kan ook nie so wyd oopgaan soos dié van die grootbek nie, en verdik soms baie om die sogenaamde rubberlippe te vorm, terwyl die grootbek se lippe nooit verdik nie.

visse van transvaal

Die afbeeldings op hierdie bladsy is uit die boek „Visse van Transvaal", deur Pieter le Roux en Louis Steyn. Hierdie waardevolle maar goedkoop visgids is verkrygbaar by boekwinkels of by die Skakelbeampte, Posbus 5636, Johannesburg. Posorders of tjeks vir R1.75 moet aan „Visse van Transvaal" uitgeskryf word.

Kleinbek

Grootbek



Library

fauna & flora - 23

fauna & flora

TRANSVAAL NATURE
CONSERVATION DIVISION

SEPTEMBER 1972
NUMBER 23

CONTENTS

Hunters of the night 1

Our first quarter century 4

Game capture the hard way 7

Transvaal's big trees 10

Surveying the bald ibis 16

Nature notes 20

THE COVERS: Paintings by Aleida van der Merwe on permanent display in the nature conservation exhibition in the Provincial Administration Building, Pretoria. See also page 20.

TRANSVAAL
PROVINCIAL ADMINISTRATION
NATURE CONSERVATION DIVISION

Chairman of Advisory Board: A. J. Koen
Director: S. S. du Plessis
Assistant Director, Management: W. K. Kettlitz
Asst. Dir., Research & Information: S. M. Hirst

FAUNA & FLORA

Editor: Roger N. Grafton
Photographer: William Massyn
Artist: Aleida van der Merwe

Fauna & *Flora* is an occasional publication of the Transvaal Nature Conservation Division and is published in English and Afrikaans at the Division's Head Office, Church Street, Pretoria.

Subscription is free on written request to: Director of Nature Conservation, Private Bag X 209, Pretoria, Transvaal, Republic of South Africa.

ISBN 0 7991 0015 3

Printed in the Republic of South Africa by
❖ Heer Printing Co. (Pty.) Ltd., Pretoria.

conservation crossroads

In the 25 years since the founding of the Transvaal Nature Conservation Division, much has changed in the field of wildlife conservation. Many of the changes have been but minor mileposts. Others have involved major changes of direction at conservation crossroads.

Strange as it may seem, we have negotiated one of these major crossroads almost imperceptibly. Without knowing quite when or where it first started, we have been gradually changing from a wildlife *preservation* policy to one of wildlife *conservation*. To many these two terms might appear synonomous but they embody very different attitudes towards our renewable natural resources. In preservation the emphasis is on protecting nature from man. In conservation the attitude is one of wise use of the resource by man.

Perhaps game ranching has had much to do with the ousting of preservation and the introduction of conservation. Ranching game is unquestionably a form of conservation. The wildlife resource is first carefully husbanded and then is used either for food or sport-hunting. For some reason, game ranching caught the public's imagination and fancy. From then on, the principle of wise use in conservation was established.

The preservation attitude of yesteryear was very much a passive policy - protect, do not disturb, live and let live. In contrast, conservation is an active concept. It involves not only wise use but also active involvement and even interference. Essentially, conservation means management of wildlife and the habitat it occupies.

Intelligent conservation is of course impossible without sound biological knowledge. Investigation and research are prerequisites to any form of management. Effective research depends in turn on the availability of trained staff. Prior to 1965 an aspiring biologist in South Africa could take only a university course in the relatively pure fields of zoology and botany. In 1965, however, the country's first post-graduate course in wildlife management was begun at the University of Pretoria. Since then a similar course has been introduced at Stellenbosch University. There is no doubt that these two events were the direct result of the change from a preservation to a conservation philosophy.

Many other events provide further evidence of the arrival of the conservation approach. The new names in the wildlife field perhaps best illustrate the changed emphasis. Our own organization, for example, was once the Fauna and Flora Section of the Provincial Administration. Today it is known as the Transvaal Nature Conservation Division. Law enforcement staff, once called Inspectors, are now Nature Conservation Officers.

There have been other developments which reflect the swing towards conservation. Our students have gone to American and British universities to take post-graduate degrees in wildlife management. Provincial wildlife departments have given increasing attention to game birds, game ranching and private land generally. Sport-hunting and the need for animals to be culled in game reserves have been largely accepted by the public. Most recently there was the formation of the professionally oriented Southern African Wildlife Management Association which publishes a journal of wildlife research.

On the occasion of the twenty-fifth anniversary of the Transvaal Nature Conservation Division, we too can look back and see how our own activities have changed with the times. The coming of the modern conservation approach has been not sudden, but slow and steady. We, and South Africa as a whole, have not yet run the full conservation course. More is to come - new ideas, new methods. Doubtless we shall be able to look back at the end of our next quarter century and realize that in 1972, although we had done well, we still had a long way to go.

R.N.G.

hunters of the night

by w. massyn

V *Owls have a very large wing area in relation to their body weight. This enables them to manoeuvre accurately and to fly with little or no flapping sounds.*

V V *The spotted eagle-owl usually raises two or three chicks. These fluffy bundles are about three weeks old.*

We are all aware that in nature things do not come to a standstill when night falls. This is the time when many insects, mammals, birds and even certain reptiles really become active. Among the night birds, owls are perhaps the most impressive. All owls are, however, not exclusively nocturnal. Some, such as the marsh owl, are often active during the day as well, particularly in dull, cloudy weather.

There are twelve species of owl in South Africa and all occur in the Transvaal. Depending on the habitat available, a number of species may be found in any one area. At the Barberspan Nature Reserve where most of the photographs illustrating this article were taken, there are six owl species - the pearl-spotted, scops, marsh, grass, barn and spotted eagle-owl. The other six owls found elsewhere in the province are the small white-faced, and barred owls, the medium sized wood owl, and the much larger Cape eagle-owl, giant eagle-owl and the rare fishing owl.

Acute senses

The small creatures of the night preyed upon by owls have very acute senses in order to survive, feed and breed. The owls that hunt them must have even more acute senses, particularly of sight and hearing. Their eyes and ears are developed to a remarkable degree. An owl's eyes are placed side by side on the front of the head to give the binocular vision so necessary for judging distances, particularly when swooping down on their prey. A type of stereoscopic view is obtained through the rather attractive habit owls have of bobbing up and down and moving their heads from side to side while watching something closely.

Die Afrikaanse watertrapper word aangetref in riviere met poele stadig vloeiende water, en dit blyk dat veral poele met oorhangende plantegroei verkies word. Tensy die voël daartoe gedwing word, waag hy dit selde om in die oop water te swem, en is hy meestal in die water onder oorhangende takke te vinde.

Danksy die gasvryheid van die Bomford familie van Marandellas was ek onlangs bevoorreg om 'n watertrapper by die nes te fotografeer. Gedurende die ongeveer veertien uur wat ek in 'n nabygeleë skuiling vertoef het, kon ek 'n aantal interessante waarnemings maak. Die nes van growwe gras is op 'n sytak gebou wat oor die water gehang het. Die twee eiers in die nes het gelyk soos dié van 'n korhaan en was besonder rond.

Ongelukkig het een eier later verdwyn maar dit het nie die voortgesette bebroeiing van die ander eier versteur nie. Die tak wat die nes dra was ongeveer 1,5 meter na ondertoe gebuig tot in die water. Die effens gebuigde tak het 'n volmaakte trapleer vanuit die water na die nes gevorm en in meeste gevalle het die wyfie dit gebruik om die nes te bereik. Tweekeer het sy egter na die nes opgevlieg deur uit die water te spring om met 'n kragtige geklap van vlerke feitlik loodreg op te styg.

Telkens wanneer die voël met die tak opgeklim het om by die nes te kom, het sy iewers naby die nes gaan staan om haar te tooi. Dit het gelyk asof sy die water van haar vere afgevee het. Die helder oranje pote met die opvallende geel kloue was dan duidelik sigbaar. Op hierdie stadium het sy dan ook gewoonlik my skuiling betrag. Sy was senuagtig tydens my eerste besoek aan die skuiling nadat dit opgerig is, maar dit het haar blykbaar nie gesteur tydens latere besoeke nie. Sodra haar vere droog was, het sy na die nes toe gegaan om op die eiers te sit. Wanneer sy versteur was, het sy vinnig van die nes af gestap, op haar pens in die water geplons en rats weggeswem. Op geen stadium het ek gesien dat sy van die nes af in die water geduik het nie, maar eens in die water, het sy nie geaarsel om te duik as sy dit nodig geag het nie. Wanneer die watertrapper swem, lê die liggaam taamlik hoog uit die water en is dit opvallend hoe die stert plat en uitgespreid op die water gehou word.

Die oorblywende eier het verdwyn tussen die negende en dertiende dag nadat die eiers gelê is. Ongelukkig was dit nie moontlik om vas te stel of dit uitgebroei het of deur 'n roofdier verorber is nie. Gesien in die lig van die ongewone kort broeityd, het die kuiken waarskynlik uitgebroei.

Eenkeer, terwyl ek in die skuiling was, het ek gesien hoedat die wyfie stadig langs die oorkantste oewer van die poel af beweeg het. Sy was besig om iets in die plantegroei net bokant die watervlak te vreet en ek het aangeneem dat dit insekte was. Dit was my enigste observasie aangaande die metode van voeding. Die voël het nooit ver van die riete af beweeg nie en het gedurig gepoog om liewers onder 'n riet deur te beweeg, eerder as om uit te beweeg en om dit te swem. Behalwe vir die opvlieg na die nes het ek die voël nooit sien vlieg nie, maar wanneer sy deur die aankoms van my helper versteur is, het die watertrapper met behulp van haar vlerke en pote oor die water gehardloop om vinniger te kan beweeg.

Tydens my waarnemings het ek nooit die mannetjie by die nes gesien nie, hoewel hy dikwels onder die nes verby geswem het. Dit is moontlik dat hy meer dikwels teenwoordig was as wat ek waargeneem het, maar omdat albei voëls so stadig en stil beweeg, kon dit maklik gebeur het dat ek hulle net nie raakgesien het nie.

Die watertrapper is so skugter dat dit onwaarskynlik is dat jag 'n nadelige uitwerking op hom sal hê. Vanweë sy gespesialiseerde habitat-behoeftes, is die voël egter baie kwesbaar waar die habitat vernietig word. Die onoordeelkundige verwydering van bome en bosse langs



Slegs die wyfie watertrapper bro

◀ *Die manier waarop die uitgespreide stert plat op die water lê is 'n werklike unieke eienskap.*

Foto's: P J. Ginn

◀ *Die wyfie nader die nes, let op na die helder geel kloue.*

riviere waardeur die skuiling, waarvan die voël vir sy beskerming afhanklik is, vernietig word, kan moontlik tot sy verdwyning lei. Die afwesigheid van oorhangende plantegroei maak menige damme ook ongeskik as habitat vir hierdie voëlsoort.

Voëlwaarnemers behoort fyn op te let vir hierdie soort langs die riviere van die oostelike helfte van Suider-Afrika waar geskikte habitat voorkom. Die waarnemer se moeite sal egter slegs beloon word waar hy bereid is om lank stil te sit op 'n uitkykpunt vanwaar hy 'n geskikte poel kan waarneem. As u genoegsame geduld het, mag u gelukkig wees om 'n watertrapper te sien. Ek sal dit op prys stel om te verneem van lesers wat oor inligting beskik van hierdie soort; veral soek ek gegewens oor sy voedingsgewoontes en gedrag. Hoewel reeds heelwat oor die voël geskryf is, is daar nog baie groot gapings in ons kennis oor sekere aspekte van sy leefwyse. Ek is van mening dat, met die steeds toenemende vernietiging van habitat en die besoedeling van riviere, hierdie soort veel seldsamer kan word as wat dit tans is. Hoe eerder ons dus meer omtrent sy besondere habitatbehoeftes en algemene ekologie te wete kom, hoe groter is die moontlikheid om dit van die lys van bedreigde voëlsoorte af te hou.



Die ooreenkoms van die eiers in kleur en vorm met die van 'n korhaan is ooglopend.

San Viljoen

Departement Dierkunde, Universiteit van Pretoria

Die Geelpoot-eekhorinkie van die bosveld

Die interessante geelpoot-eekhorinkie, *Paraxerus cepapi*, is inheems in die warmer dele van Transvaal. Buite ons grense kon hulle in Botswana, die noordelike dele van Suidwes-Afrika, Angola, Rhodesië, Mosambiek, Zambië, Malawi, suidoostelike Zaire en suidwestelike Tanzanië voor. Twee naverwante eekhorings kom in Zoeloeland voor wat oranje en rooi skakerings op die onderkant van die lyf en sterthare vertoon in teenstelling met die wit tot geelbruin van die bosveld eekhoring. Tans word albei onder *P. palliatus* geklassifiseer, en is hulle die Tongalandse geelkeel-eekhoring, wat vanaf die St. Luciameer in die suide tot aan die noordelike grens met Mosambiek voorkom, en die totaal geïsoleerde Ngoye rooi-eekhoring van die Ngoye immergroen woud in die Eshowe distrik. Daar is net een ander inheemse eekhorinkie in Suid-Afrika, en dit is die bekende waaierstert-eekhorinkie *Xerus inauris*, wat heeltemal verkeerdelik deur party mense as 'n meerkat beskou word.

Die geelpoot-eekhorinkies woon saam in groepies van gewoonlik twee tot ses individue. Normaalweg bestaan so 'n groep uit 'n volwasse mannetjie en wyfie met tot drie kleintjies. Soms is die groep egter groter, soos byvoorbeeld in een geval waar twee mannetjies, drie wyfies en sewe kleintjies saam een boom bewoon het. Alhoewel alleenlopende eekhorinkies soms bedags gesien word, is die res van die groep gewoonlik nie ver weg nie, en

'n Geelpoot-eekhoring in 'n waaksame houding.



W. Massyn

'n Jong eekhorinkie op die punt om die nes binne te gaan.

S. Viljoen

saans kom hulle dan in een boom byeen om te slaap. Natuurlike gate in bome, of gate deur houtkappers of spegte uitgehol, word deur alle lede van die groep met blaartjies en gras uitgevoer om 'n nes te vorm.

In Botswana is waargeneem dat geboortes dwarsdeur die jaar voorkom, maar in die Transvaal is daar 'n piek van September tot Januarie. Die kleintjies, gewoonlik twee per werpsel, is binne drie weke na geboorte uit die nes en begin dan reeds na vaste kos te soek. Hulle beweeg die eerste paar dae meestal in hul tuisboom rond waar hulle stukkies bas en blare kou. Na 'n week of wat begin hulle hul ouers volg. Hulle is dan reeds heeltemal selfstandig. Behalwe vir 'n spelerige gejaag nou en dan, moet hulle steeds baie waaksaam wees terwyl hul ywerig soek na bessies, sade, grassies, miere of termiete. Soms sal hulle 'n anders onbereikbare aalwynblom bespring, saam met die stammetjie afswaai grond toe, die blom dan met die skerp tandjies afpluk en die nektar agter uitsuig. Jong eekhorinkies het 'n baie hoë oorlewingsyfer gedurende die eerste paar maande van hulle leeftyd. In een geval waar twaalf kleintjies dopgehou is, was almal vier maande na geboorte nog teenwoordig.

Geelpooteekhorinkies beweeg groot afstande op die grond en moet dus vanselfsprekend uiters oplettend en rats wees om gevaar te ontduik. Binne sowat 30 sekondes kan 'n volwasse eekhoring maklik 100 meter ver taklangs beweeg en hulle waag ook 2,5 meter lange spronge in die teenwoordigheid van indringers of as ander gevare dreig. Die eekhorinkies maak grotendeels op hul gehoorsin staat om gevaar te bespeur en kan selfs die geringste ritseling hoor. Hul oë is ook baie skerp en vreemde voorwerpe, selfs as dit nie beweeg nie, word maklik raakgesien.

Hul waarskuwingsisteem is uitgebreid en behels benewens 'n visuele vertoon, naamlik die herhaaldelike op-en-afswaai van die uitgespreide stert, ook intense vokalisasies wat ongelooflik hard vir so 'n klein diertjie is. Wanneer 'n roofvoël oorvlieg, word die alarmfluit van die eekhorings dikwels uit verskeie rigtings gehoor. Die fluit ontketen onmiddellik 'n vlugreaksie, veral onder jong eekhorinkies.

Roepe word ook ingespan om 'n bepaalde loopgebied of territorium te beskerm teen ander eekhorings. Dit word gedemonstreer wanneer twee pare eekhorinkies in aangrensende hokke geplaas word. Beide mannetjies en wyfies mag dan luidkeels probeer om hul bure te verjaag, al is hulle anderkant die draad. Een-dag-oud eekhorinkies se roepe is reeds kenmerkend van dié van 'n eekhoring.

Reuk speel 'n belangrike rol by die herkenning van eekhorings van dieselfde groep. By ontmoeting ruik hulle eers langs mekaar se bekke om agter te kom of dit 'n bekende is. Indien dit 'n vreemdeling is, word alarm gemaak. Wanneer 'n vreemde eekhoring in 'n hok saam met ander geplaas word, kan dit 'n hewige reaksie van die bewoners uitlok wat tot die dood van die ondergeskikte diertjie, gewoonlik die vreemdeling, kan lei.

Eekhorings bestee baie tyd om hulself en ander lede van hul groepie met die tande te roskam. Die kleintjies word dikwels deur die volwassenes vasgehou en so skoongemaak. Hierdie skoonmaakgedrag van eekhorings vervul 'n sosiale funksie waardeur die reuk van al die lede in die groep oor mekaar versprei word vir uitkenningsdoeleindes.

„Having a ball" in 'n tipiese eekhorinkie vreethouding.

P. Barichievy

'n Geelpoot-eekhorinkie besig om homself te roskam.

S. Viljoen

Die GEMSBOKKUDDE op die S.A. Lombard-natuurreservaat

J.H.M. van Zyl

Transvaalse Onderwysdepartement

Die merkwaardige ou gemsbokkoei ,,Koster" wat beide haar horings verloor het.



J.H.M van Zyl

W. Massyn

'n Gedeelte van die gemsbokkudde op die S.A. Lombard-natuurreservaat.

Sedert die totstandkoming van die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring was dit een van sy prioriteite om teelkuddes van skaars inheemse wildsoorte van die provinsie op sy reservate daar te stel. In ooreenstemming met dié beleid is 'n kudde gemsbokke op die S.A. Lombard-natuureservaat te Bloemhof in die suidwestelike Transvaal gevestig. Die eerste twee gemsbokke is in 1952 op die reservaat ingevoer. Daar was egter in 1965 nog net drie bulle en een koei op die reservaat. Een bul is vanaf die Nasionale Dieretuin in Preoria bekom, een is op die reservaat gebore en die ander was waarskynlik uit die Kalahari afkomstig. Die koei is op 8 Desember 1960 daar losgelaat. Sy was toe reeds drie jaar oud en van die plaas Steenbokfontein in die distrik Koster afkomstig.

Die koei, wat ,,Koster" gedoop is, was hans grootgemaak en het van die begin af verkies om saam met die beeste te loop eerder as met die gemsbokkudde. Sy het die eerste keer in 1965 gekalf op die reatief hoë ouderdom van agt jaar. In weerwil hiervan het Koster vanaf Mei 1965 tot November 1972 agt kalwers geproduseer, vyf hiervan verse. Sy het haar laaste kalf gehad toe sy vyftien jaar oud was en hoewel sy vandag nog leef, verkeer sy die afgelope drie jaar, ten spyte van spesiale sorg, nie in 'n goeie toestand nie. Soos op meegaande foto gesien kan word is beide haar horings in kleiner ongelukkies afgebreek. As gevolg van die swak toestand van haar tande word sy daagliks met 'n rantsoen mieliemeel gepamperlang.

Die Bloemhof se gemsbokkudde het viervoudig vermeerder vanaf 1965 tot 1970 maar het, met wat as 'n normale toename beskou kan word, slegs verdubbel in die daaropvolgende vyf jaar. Die buitengewone toename in die eerste vyf jaar tot 1970 kan toegeskryf word aan die getal vroulike nakomelinge wat Koster geproduseer het.

Waardevolle gegewens oor die teelgewoontes van die gemsboktrop in die reservaat is sistematies deur veldwaarnemings versamel. Die gemiddelde massa van kalwers by geboorte is 12,8 kg en daar is geen betekenisvolle verskil in die geboortemassa van die twee geslagte nie. Dit is gevind dat 'n gemsbok volgroei is op 12 maande leeftyd en dat dit baie moeilik vir 'n onervare waarnemer is om te onderskei tussen 'n jaaroue dier en 'n volwasse bok. Dit blyk dat die gemsbokke by Bloemhof begin kalf op 'n ouderdom van 26 maande.

Die piek van die kalfseisoen is in Augustus en September hoewel kalwers gebore word vanaf Mei tot Januarie. Die dragtydperk is ongeveer 9 maande en die paarseisoen is hoofsaaklik gedurende November en Desember. Om hierdie rede is dit belangrik dat, veral vanaf Julie tot September, versteuring van sulke teelkuddes nie toegelaat word nie.

Haar afstammelinge tel reeds 33 en dit is duidelik dat die suksesvolle vestiging van die kudde te danke is aan Koster se bydrae. Vanaf 1965 tot 1970 was daar geen verliese in die trop nie, behalwe vir die oortollige bulle wat weggeneem is, maar sedert 1970 was daar vyf gevalle waar kalwers gevrek het. Van dié kalwers se kondisie was swak en hulle was ook swaar besmet met uitwendige parasiete. Die presiese oorsake van die mortaliteite kon nie vasgestel word nie. Hierdie vrektes verteenwoordig nie 'n natuurlike verskynsel op die reservaat nie aangesien die gemsbokke hier algemeen dwarsdeur die jaar in goeie kondisie verkeer. In dié periode was die enigste ander verliese 'n koei wat van plantvergiftiging gevrek het en 'n ander as gevolg van bakleiery in die trop.

'n nuwe proteasoort in Transvaal ontdek

Lynette Davidson
Departement Plantkunde,
Universiteit van die Witwatersrand

Tydens die aanbou van die berghutte by die F.H. Odendaaloord in die Blyderiverspoort-natuurreservaat is ook 'n sirkel-vormige voetslaanpad in die vallei onderkant die kamp uitgelê. Ek is versoek om 'n botaniese beskrywing van die plante langs die natuurpaadjie op te stel. Hieronder was 'n klein proteaboompie wat relatief volop op die hange voorgekom het. Daar is altyd gemeen dat dit *Protea rhodantha* is. By nadere ondersoek het ek besef dat dit nie *Protea rhodantha* was nie. Dit was iets heel anders met sy silwer, syagtige hare wat die karmosynkleurige skutblare bedek en daarby die lang steel aan die basis van die kelk wat deur die skutblare gevorm word. Verder is hierdie plant se piek blomtyd April en Mei, en nie in die hartjie van die somer wanneer *Protea rhodantha* blom nie. Hierdie besef het my aangespoor om ondersoek in te stel na al die proteasoorte wat in die Transvaal voorkom.

In die Blyde gebied word *Protea rhodantha* wel aangetref. Dit lyk baie soos *Protea caffra* wat algemeen in baie dele van Transvaal voorkom, en wat maklik uitgeken word as die proteaboom met grys blare soos algemeen in die rante by Krugersdorp en naby Hartbeespoortdam aangetref. Die mooiste van al die Transvaalse proteas, *Protea rubropilosa,* kom ook in die Blyderivierspoort-natuurreservaat voor. Dit is 'n sterk boompie wat redelike groot blomme dra. Die skutblare is met rooibruin, fluweelagtige haartjies bedekn en die binnekant van die kelk is 'n helder rooi aarbei-kleur. Hulle blom gedurende September en kan langs die paadjie na die Drie Rondawels-uitkykpunt by Blyde gesien word. Ook hier teenwoordig is *Protea gaguedi,* wat aan die einde van die winter klein silwer-wit blommetjies dra en soms ook in Desember blom.

Die nuwe protea was egter nie een van hierdie soorte nie. 'n Moontlike verwantskap aan die skaars *Protea curvata* wat slegs op een koppie naby Barberton voorkom is nagegaan maar dit het nie enige van dieselfde eienskappe gehad nie, en was ook nie verwant aan *Protea comptonii,* wat groot wit blomme dra, en in die berge suid van Barberton voorkom nie.

Dit het verder geen ooreenkoms met die silwerblaar *Protea roupelleae* getoon nie, en ook nie met die harige *Protea welwitschii* wat klein blommetjies dra en wat noord van Johannesburg en oor die hele sentraal Transvaal voorkom nie. Die twee ander Transvaalse soorte is albei dwergsoorte: die klein, laaggroeiende *Protea parvula* in die berge naby Lydenburg, en *Protea transvaalensis* naby Haenertsburg.

Hierdie was dus 'n nuwe soort wat beperk is tot die heuwels naby die vakansieoord in die Blyderiverspoort-natuurreservaat. Aangesien ,,Blyde'' geluk beteken, is daar besluit om dit *Protea laetans* te noem, die protea van geluk.



G. Coetzee

Verskillende blomstadia van Protea laetans.



P. Barichievy

G. Coetzee

kanariekurper

Chetia flaviventris

Dr E J Krüger

Transvaalse Afdeling Natuurbewaring



Elke hengelaar wat al in Hartbeespoortdam of omstreke gaan visvang het, het seker al kennis gemaak met die kanarie kurper. Dit is hy wat so lastig by die aas kan wees wanneer vir die gesogte bloukurper gehengel word. Die kanarie kurper het 'n beperkte verspreidingsgebied en is eie aan die Limpoporiversisteem, en dan ook slegs in waters 600 meter of hoër bokant seespieël. 'n Beperkende faktor vir sy verspreiding is blykbaar die suurstofinhoud van die water. Kanariekurpers wat in die Hans Merenskydam by Tzaneen gevestig is, is wederegtelik deur hengelaars daar losgelaat.

Die vis se populêre naam is ontleen aan die heldergeel gekleurde buikgedeeltes. Die vis bereik selde 'n lengte van 30 sentimeter en die bek is ook groter as die van 'n tipiese kurper. Op die dorsale en anale vinne kom opvallende groterige kolle voor wat blykbaar 'n rol speel tydens die broeiaktiwiteit. Hierdie kurper is naverwant aan die grootbekkurper, maar laasgenoemde word slegs in 'n baie beperkte gebied in die Oos-Transvaalse laeveld aangetref.

Die kanarie kurper is 'n bekbroeier, dit wil sê die eiers word in 'n holte in die dambodem gelê en, na bevrugting deur die mannetjie, deur die wyfie opgeneem en in die bek rondgedra totdat hul uitbroei. Hierdie vissoort is 'n baie suksesvolle broeier, dikwels tot nadeel van ander meer geskikte hengelvissorte. Die kanarie kurper is 'n roofvis wat 'n wye verskeidenheid organismes sal vreet, selfs klein vissies.

Daar is geen beperkings op die getalle en grootte van hierdie vissoort wat uit publieke waters gehengel mag word nie.



fauna & flora ~29

Transvaalse Afdeling Natuurbewaring

fauna & flora

NOMMER 29
RANSVAALSE AFDELING
IATUURBEWARING
APRIL 1977

NHOUD:

ransvaalse boere help met belangrike reddingspoging 1
aggewoontes van die bruinhiëna 4
ienaardige boerdery 6
uwe visteelstasie vir die Transvaal 9
ie grootbekgeelvis — hengelvis van formaat 10
lavorsing op die seldsame Kransaasvoël .12
ie Swart Ooievaar — een van die seldsaamste Suid-Afrikaanse voëlsoorte 15
esondere plantsoort ontdek en van uitwissing gered 16
n Blouwildebeesparasiet as entstof teen olifantvelsiekte van beeste ingespan 18
latuurbewaringsvoorligting 20

oorblad foto:
lagapie — geniet spesiale beskerming in ie Transvaal.
oto: P. Barichievy

RANSVAALSE PROVINSIALE
DMINISTRASIE,
FDELING NATUURBEWARING

id Uitvoerende Komitee:
D.S. v.d. M. Brink.
oorsitter van die Adviesraad:
Dr. A.J. Koen.
)irekteur:
Dr. S.S. du Plessis.
Assistent-Direkteur, Bestuur:
W.K. Kettlitz.
Assistent-Direkteur, Navorsing &
/oorligting:
Dr. E. Young.

FAUNA & FLORA:
Redakteurs:
Eddie Young & Jayne Deeks.
Kunstenares:
Alette Lambrechts.

auna & Flora is 'n publikasie van die ransvaalse Afdeling Natuurbewaring en vord van tyd tot tyd in Afrikaans en Engels gepubliseer vanaf die Hoofkantoor van die Afdeling, Kerkstraat, Pretoria.

ntekening is gratis. Skriftelike aansoeke noet gerig word aan: Die Direkteur, ransvaalse Afdeling Natuurbewaring, Privaatsak X209, Pretoria, 0001.

SBN 0 7991 0162

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur Everton Offset (Edms) Bpk.

Suid-Afrika se pragtige natuurskoon word in 'n steeds toenemende mate deur landboukundige uitbreiding en industriële ontwikkeling bedreig. Die voortbestaan van talle seldsame plant- en diersoorte is reeds in die weegskaal terwyl die een mooi natuurgebied na die ander vir landerye, plantasies of nuwe dorpe en stede moet plek maak. Die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring stel dit ten doel om daadwerklike beskerming aan ons bedreigde natuurerfenis in 'n vinnig veranderende wêreld te verleen . . . dit beteken beskerming deur die mens vir die mens.

beskerm ons natuurerfenis

Transvaalse boere help met BELANGRIKE REDDINGSPOGING

Dr E. Young

Navorsing en Voorligting,
Transvaalse Afdeling Natuurbewaring, Pretoria

Suid-Afrikaanse boere het die vorige eeu reeds in natuurbewaringskringe wêreldnaam gemaak met die beskerming van bedreigde diersoorte soos die bontebok, swartwildebees en die Kaapse bergsebra. Tans lewer bewaringsbewuste Transvaalse boere 'n verdere belangrike bydrae tot die beskerming van Suid-Afrika se seldsaamste katsoort en die wêreld se vinnigste landdiersoort . . . die jagluiperd.



Nuwe bewaringsgebied vir jagluiperds.

Daar heers groot kommer oor die moontlikheid dat die jagluiperd se naam in afsienbare tyd by die steeds langer wordende lys van uitgestorwe diere gevoeg mag word. In Indië en etlike ander lande, waar groot getalle jagluiperds voorgekom het, word dié koninklike katsoort se geroep lank reeds nie meer gehoor nie . . . sal dié pragdier se spore waarskynlik nooit weer in die Oosterse woestynsand gesien word nie!

In die Krugerwildtuin geniet 'n beperkte bevolking jagluiperds spesiale beskerming. Elders in die provinsie kom klein, ontwykende groepies wilde jagluiperds ook nog, veral in die Noord- en Oos-Transvaalse bosvelddele, op plase voor. Oor die koppe van hierdie diere hang die dreigende swaard van uitwissing.

Gelukkig is daar nog bewaringbewuste boere soos Adjunk-minister Punt Janson en Mnr'e M.J. Venter, J.J. Venter en L.E. Terblanche van die Soutpansbergdistrik, wat dit vir beamptes Max Keith en André Scholtz van die Afdeling Natuurbewaring moontlik gemaak het om voldoende jagluiperds te vang om dié seldsame katsoort in een van die provinsie se grootste en mooiste reservate, die Suikerbosrand-natuurreservaat naby Heidelberg, te hervestig. Dìe feit dat nie minder nie as nege welpies binne een jaar na vrylating in die reservaat gebore is, dui op die groot mate van sukses wat met dié gesamentlike reddingspoging behaal is. Vir almal wat aan die projek deelgeneem het, veral ook die Afdeling se personeel by die Hartbeeshoek Provinsiale Kwekery, wat baie van hul privaat tyd aan die versorging van pas gevangde jagluiperds bestee het, dien dié suksesvolle projek as 'n groot aan-



Foto: E. Young

Sowat 3 000 stuks wilde diere, waaronder springbokke en ander boksoorte, kom in die ▲
Suikerbosrand-natuurreservaat voor . . . 'n ware paradys vir die pas hervestigde jagluiperds.

Foto: Dick Wolff

'n Nuwe toekoms . . . in die vrye natuur.
Foto: E. Young ▼

moediging vir verdere bewaringspogings.

Inderwaarheid gaan dié reddingspoging steeds voort en is etlike jagluiperds onlangs ook elders in veiliger gebiede in die Transvaal, soos die Sabi Sand Wildtuin, hervestig. 'n Baie belangrike deurbraak is veral gemaak toe die sowat 70 eienaars van die Klaserie Privaatnatuurreservaat onlangs besluit het om op hul gesamentlike eiendom van sowat 60 000 hektaar (70 000 morg), wat aanliggend aan die Krugerwildtuin geleë is, spesiale beskerming aan die jagluiperd te verleen. Dié projek word in samewerking met die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring onderneem. Dit is 'n uiters belangrike bewaringsgebied vir die jagluiperd en dié boere verdien spesiale erkenning vir hul bydrae tot die beskerming van 'n kwynende diersoort.

Elders in die Transvaal raak steeds meer grondeienaars bewus van die noodsaaklikheid om seldsame en bedreigde dier- en plantsoorte te beskerm en ons het die volste vertroue dat steeds meer en groter gesamentlike bewaringsprojekte in die toekoms van stapel gestuur sal kan word ter beveiliging van een van ons land se grootste bates . . . ons mooi dog bedreigde natuurerfenis.

rof. J.D. Skinner

ogdiernavorsingsinstituut,
erkunde Departement, Universiteit van Pretoria

Jaggewoontes van die bruinhiëna

e bruinhiëna of strandwolf, *Hyaena*
unnea, het die tipiese voorkoms van 'n
ëna, tewete, 'n hoë voor- en lae agterlyf,
eë kop, kort gesig, diep en effense ronde
orkop, gepunte ore, dik nek en 'n kort
ert. Die haarbedekking is grof, welig en
die rug tot 25 cm lank. Die algemene
eur is donkerbruin met 'n ligter bruin
aag om die nek en oor die skouers. Ken-
erkende donker strepe kom op die bene
or en die voorpote is groot en goed ont-
kkel om mee te grawe.

Daar bestaan in 'n groot mate 'n wan-
egrip oor dié diersoort se ekologiese be-
kenis. Die afgelope paar jaar is daar dus
avorsing gedoen om, onder andere, die
l van die bruinhiëna as roofdier van
aasvee te bepaal. Die maniere waarop
erskillende roofdiersoorte hul prooi
oodmaak, is ook spesiaal nagevors sodat
oere roofdiere, wat van hul vee mag aan-
al, hiervolgens kan uitken.

Hoewel die bruinhiëna as een van die
eldsaamste roofdiersoorte in Afrika beskou word, kom dié unieke diere nog wydverspreid in die Transvaal voor. Die bruinhiëna is egter oorwegend naglewend en word dus selde gesien. Bruinhiënas is onlangs doodgemaak in gebiede wat so ver van mekaar verwyder is soos Machadodorp, Wakkerstroom, Johannesburg, Krugersdorp, Pretoria, Hekpoort, Wolmaransstad, Potgietersrus en Bandolierkop.

Bruinhiënas word, weens hul byna skrikwekkende voorkoms, dikwels verkeerdelik vir roofjagters aangesien en doodgemaak. Dit gebeur veral wanneer die bruinhiëna aan karkasse van plaasdiere vreet wat aan ander oorsake dood is. Dié diersoort se voortbestaan hang grootliks daarvan af of boere dit sal aanvaar dat die bruinhiëna byna uitsluitlik 'n aasdier is wat baie selde, indien ooit, op vee jag maak.

'n Bruinhiëna wat gereeld uit vullisblikke in die omgewing van die Wonderboomlughawe geaas het, is onlangs doodgeskiet. Selfs in die voorstede van Johannesburg en Krugersdorp moes van hierdie aasdiere onlangs met hul lewens boet. Dit wil dus voorkom asof die bruinhiëna hom goed by die beskawing kan aanpas, mits hy 'n redelike kans tot bestaan gegun word.

Verwarring aangaande die gedrag van die bruinhiëna ontstaan grootliks vanweë dié dier se noue verwantskap met die gevlekte hiëna, *Crocuta crocuta*. Dié twee hiënasoorte is baie verskillend, alhoewel aas 'n belangrike deel van albei se dieët uitmaak. Die volwasse manlike en vroulike bruinhiëna het respektiewelik 'n gemiddelde massa van 43,9 en 40,9 kg in vergelyking met 56,2 en 61,1 kg by die gevlekte hiëna. Dit is interessant om daarop te let dat die wyfie gevlekte hiëna groter as die mannetjie is, oor 'n heelwat swaarder skedel en groter kake beskik en gewoonlik die dominante figuur in hiënagroepe verteenwoordig. Bruinhiënas vorm nie groepe nie, maar is enkellewend of kom



Verspreiding van die bruinhiëna in die Transvaal die afgelope dekade.

hoogstens in pare voor, behalwe wanneer daar kleintjies is.

Die gewoonte van gevlekte hiënas om, soos vir die eerste keer deur prof. Eloff beskryf, in groepe te beweeg, hou besliste jagvoordele in. Selfs grootwild soos sebras en wildebeeste word soms aangeval. Wanneer hulle eers geleer het om mak vee te jag, hou hulle gewoonlik daarmee vol. Gevlekte hiënas val hul prooi op 'n kenmerkende wyse aan. Die stert word gewoonlik afgebyt en die sye en uier verskeur.

Die bruinhiëna is meer van 'n aasvreter en slegs by uitsondering 'n suksesvolle jagter. Navorsing in die Kalahari deur mnr. Gus Mills dui, byvoorbeeld, daarop dat slegs sowat ses persent van die bruinhiëna se pogings om 'n prooidier te vang met sukses bekroon word. My eie navorsing toon dat prooidiere van bruinhiënas byna sonder uitsondering minder as 15 kg weeg. Dit is diere so groot soos 'n duiker en selfs kleiner. By uitsondering mag hulle ook vir veeverliese verantwoordelik wees. In sulke gevalle word veral beeskalwers en skaaplammers gevang maar selfs dit gebeur baie uitsonderlik!

Geen gevalle is bekend waar 'n bruinhiëna sy prooi aan die keel doodgebyt het nie en dit wil voorkom asof hulle nie weet hoe om 'n dier maklik dood te maak nie. Hulle sal, byvoorbeeld, lammers enige plek byt hoewel hulle voorkeur gee aan die kop of romp. Bruinhiënas toon 'n voorliefde vir die harsings, ore en boude van hul prooidiere.

Die rooijakkals byt sy prooi gewoonlik aan die keel dood. Luiperds doen dit soms ook. Die katagtiges soos die luiperd en rooikat byt hul prooi egter meer gereeld agter die nek.

'n Aantal bruinhiënas is reeds gevang en na veiliger gebiede oorgeplaas. Dié hervestigingsprojek en my eie navorsing word finansieël deur die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring gesteun, aan wie ek graag met dié skrywe my waardering wil betoon. Boere word vriendelik versoek om ook tot hierdie navorsingsprojek by te dra deur beskikbare inligting oor bruinhiënas aan my te verskaf.

Indien 'n enkele dier in 'n gebied skade mag aanrig, behoort die betrokke sondebok gevang en verwyder te word. Die gebruik van gif word ontmoedig omdat talle ander skadelose, en selfs nuttige roofdiere, onskuldig gedood mag word.

EIENAARDIGE BOERDERY

N. JACOBSEN
Senior Vakkundige Beampte, Seksie Herpetologie,
Transvaalse Afdeling Natuurbewaring

Foto: E. Young

Gedurende die paartyd in Augustus word Croco Farm se volwasse teeldiere in teeldamme met 'n natuurlike voorkoms geplaas. Die wyfies lê hul eiers in groot, spesiaal ontwerpte sandkaste wat vir hierdie doel in die teelkampe geplaas word.

◀

Die hongerige krokodille van Croco Farm wag hul donkievleisrantsoen gewoonlik mẹt groot opgewondenheid in.

▼

Mnr. J.G. Kuhlmann boer reeds die afgelope agt jaar, maar nie met beeste, skape of varke nie . . . met krokodille! En dit kwalik 25 kilometer vanaf die middestad van Pretoria.

Op sy plaas Croco Farm, in die omgewing van De Wildt, hou mnr. Kuhlmann etlike honderde krokodille aan. Die grootste is meer as vier meter lank. Aanvanklik het hy sy teeldiere uit gebiede, waar hulle vir mense en plaasvee gevaar mag inhou, verkry maar nou broei hy krokodileiers in spesiale broeikaste uit en maak hy die jong diere kunsmatig groot.

Mnr. Kuhlmann voer sy krokodille vis en donkievleis. Wilde krokodille se dieet bestaan oorwegend uit vis. Diere selfs so groot soos 'n volwasse sebra of buffel word soms ook deur krokodille gevang en verorber.

Hierdie byna prehistoriese monsters se voortbestaan word allerweë bedreig. Waterlikkewane vreet baie krokodileiers op en kwalik een persent van die krokodilbabas wat in die natuur uitbroei, bereik die ouderdom van een jaar. Daarenteen broei sowat 99 persent van die krokodileiers, na 'n broeityd van sowat drie maande, in mnr. Kuhlmann se broeikaste uit en vrek baie min jong krokodilletjies op sy plaas. Die diere word goed versorg en die jong krokodille groei byna twee keer so vinnig as hul maats in die natuur.



Foto: P. Barichievy

r. Kuhlmann met een van sy broeikasbabas. ▶



Foto: E. Young

e jong krokodille word in spesiale
mperatuurbeheerde kamers grootgemaak. ▼



Foto: P. Barichievy

Daar word spesiale navorsing gedoen op Croco Farm se krokodille se eet- en broeigewoontes en sodra die jong diere die ouderdom van vyf jaar bereik, word hulle deur mnr. Kuhlmann beskikbaar gestel om in natuurlike strome in nasionale parke en natuurreservate vrygelaat te word . . . 'n aanprysenswaardige poging deur 'n private natuurliefhebber om een van ons lewende fossiele van uitwissing te red!

Nuwe visteelstasie vir die Transvaal



F. Meyer
Senior Vakkundige Beampte
Vissery-Instituut, Lydenburg

Toe geesdriftige forelhengelaars en visboere se aanvraag na meer teelvis die produksievermoë van bestaande visteelstasies begin oortref het, het die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring se visserydeskundiges onverwyld aan die beplanning van 'n nuwe forelteelstasie begin werk.

Gedeeltes van twee aangrensende plase, saam sowat 1 620 hektaar (1 896 morg) groot, is 10 kilometer oos van Lydenburg vir die oprigting van die nuwe teelstasie aangekoop. Oom Gert Olivier, een van die Afdeling se personeellede wat ook die ander provinsiale visteelstasies in die Transvaal gebou het en onlangs afgetree het, was vir die oprigting van die nuwe teelstasie verantwoordelik. Nege groot gronddamme van sowat een hektaar elk en 32 ronde sementdamme is gebou en teen die einde van 1975 is die eerste forelle in die nuwe damme geplaas. Gedurende die eerste broeiseisoen was sowat 1 500 forelmannetjies en meer as 3 000 wyfies reeds in produksie.

Die nuwe forelteelstasie, met die naam van De Kuilen, is in 'n pragtige deel van die Drakensberg geleë. Talle wildsbokke soos vaal- en rooiribbokke, bosbokke, oorbietjies, duikers, steenbokke en klipspringers kom in die nuwe natuurreservaat om die visteelstasie voor. Seldsame veldblomsoorte, loodregte roesbruin kranse wat hoog teen die blou lug uittoring en pragtige watervalle dra by tot die asemrowende natuurskoon van dié nuwe juweel waarop die Afdeling Natuurbewaring met reg trots kan wees.

Oom Gert Olivier by die uitkeerwal van die nuwe visteelstasie wat onder sy toesig gebou is.
Foto: W. Massyn
▶

▲
Duikers en ander kleinwild kom in die nuwe reservaat om die De Kuilen-teelstasie voor.
Foto: W. Massyn

▶
'n Deel van die nuwe visteelstasie. Sowat een miljoen foreleiers is reeds gedurende die eerste jaar van sy bestaan by dié visteelstasie geproduseer.
Foto: B. Koch



DIE GROOTBEKGEELVIS—

'n hengelvis van formaat

Dr. P.F.S. MULDER

Hoofvakkundige Beampte, Navorsingseksie,
Transvaalse Afdeling Natuurbewaring, Pretoria

Foto: N. Zambatis

Die grootbekgeelvis, *Barbus kimberleyensis*, is sekerlik die mees bekende van die vyf geelvissoorte wat in die Transvaal voorkom. Sy gewildheid as hengelvis is aan die besondere grootte wat bereik kan word, asook aan sy uitmuntende vegtersvermoë toe te skryf.

Die grootbekgeelvis is 'n roofvis wat hoofsaaklik op ander vis jag maak. Krappe en varswaterkrewels word ook gevreet. Dié vissoort is beperk tot die Oranje- en Vaalriverstelsel en verteenwoordig tans sowat vyf persent van die totale hengelbevolking in die Vaalrivier. Hoewel dié syfer onrusbarend laag mag klink, moet dit in gedagte gehou word dat roofdiere altyd in die natuur in kleiner getalle as hul prooisoorte voorkom.

Daar is wel faktore wat die voortbestaan van die grootbekgeelvis in die Vaalrivier nadelig beïnvloed. Dit sluit die uitermatige vertroebeling van die water deur erosie in dié rivier se opvanggebiede in, asook die oprigting van keerwalle en damme wat die migrasie van vis na geskikte broeigebiede beperk. Mannetjies van dié vissoort is voorts eers na ses jaar geslagsryp, terwyl die wyfies nie broei voordat hulle sowat agt jaar oud is nie. Baie jong visse word dus deur hengelaars gevang voordat hulle geslagsrypheid bereik het.

Om genoemde redes en omdat hierdie besondere vissoort reeds uit dele van hul vroeëre verspreidingsgebiede verdwyn het, het die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring besluit om die grootbekgeelvis kunsmatig te probeer teel.

Tans word daar nog heelwat tegniese probleme met hierdie projek ondervind. Dit word egter voorsien dat die grootbekgeelvis binne afsienbare tyd vir vrylating in strome beskikbaar gestel sal kan word. Meer hengelaars sal dan die voorreg kan geniet om met een van die werklike groottes slaags te raak.

Grootbekgeelvisse word in die Vaalrivier vir navorsing en teeldoeleindes met nette gevang. ◀

Kampioenhengelaar, mnr. M.C. Barnard, met sy Suid-Afrikaanse rekordgrootte grootbekgeelvis. Dié vis, wat 21,4 kilogram geweeg het, is gedurende 1972 in Vaaldam gevang. ▼



Foto: K. van Vuuren

avorsing p die eldsame ransaas- oël

Bergklimmers waag hul lewens om aasvoëlneste vir navorsingsdoeleindes op te spoor.

Foto: C. Peeters

948 is die eerste Kransaasvoël, *Gyps otheres,* in die Transvaal met 'n ligte ommerde metaalring aan sy been ge- k. Sedertdien is daar, tot aan die einde 1972, sowat 3 500 kuikens in ver- ende aasvoëlkolonies in Suidelike Af- van merkringe voorsien. Aanvanklik is slegs gepoog om, deur aasvoëls vir enningsdoeleindes te merk, uit te vind ver dié voëls rondbeweeg en hoe oud e kan word. So is, byvoorbeeld, vasge- dat 'n aasvoël, wat as kuiken naby oria gemerk is, sowat 1 200 km ver eeg het tot in die omgewing van die hapan in Suidwes-Afrika, waar dit d aangetref is. Vanselfsprekend kon voël voor sy dood oor 'n veel groter ed rondgeswerf het! 'n Ander aasvoël 4 jaar nadat dit as 'n kuiken gemerk is, dood gevind. Weer eens was dit onbekend wat die gemerkte voël gedurende al dié jare gedoen het.

In 1973 is die navorsingsprojek aansienlik uitgebrei sodat daar ook meer van die aasvoël se lewenswyse geleer kon word. Dr. John Ledger (S.A. Instituut vir Mediese Navorsing) en mnr. Peter Mundy (Universiteit van Rhodesië), wat dié navorsingsprojek toe oorgeneem het, maak van plastiese merkringe gebruik. Volgens die kleursamestelling van dié ringe kan individuele aasvoëls nou in die veld uitgeken en bestudeer word. Die wye verspreidingsgebied van die gemerkte voëls bemoeilik die werk van die twee navorsers aansienlik en hulle verwelkom enige moontlike hulp en inligting deur belangstellende lede van die publiek.

Hierdie aasvoëlsoort kom uitsluitlik in Suidelike Afrika voor en word in die Suid-Afrikaanse Rooi Data Boek as 'n kwynende en bedreigde soort geklassifiseer. Die Bedreigde Wildsoorte Trust en die Suid-Afrikaanse Voëlkundige Vereniging verleen nou ook finansiële hulp vir die Kransaasvoëlprojek.

Die Kransaasvoël lê hoogstens een eier per broeipaar per jaar en slegs die helfte van alle eiers broei uit en bereik die veerkuikenstadium. Hiervan vrek 'n aansienlike getal gedurende die eerste lewensjaar sodat net sowat die helfte van die voëls wat die nes verlaat, die teelbare ouderdom van ses jaar bereik. 'n Teelpaar aasvoëls moet dus, nadat hulle geslagsryp geword het, elke jaar vir minstens agt jaar lank broei



Dr. John Ledger by 'n aasvoëlnes op 'n smal rotslys in die Magaliesberg.

Foto: P. Mundy

(waarna hulself minstens 14 jaar oud sal wees) voordat hulle hulself kan vervang met twee ander voëls om 'n stabiele aasvoëlbevolking te verseker. Dr. Ledger en mnr. Mundy betwyfel die moontlikheid dat aasvoëls algemeen die genoemde ouderdom bereik.

Weens 'n gebrek aan kalsium in die neskuikens se dieet kom vrektes onder hulle voor. In wildernisgebiede voer die aasvoëls hul kuikens met stukkies gebreekte been. Dié beensplinters word gewoonlik deur hiënas by karkasse agtergelaat. In boerderygebiede is hiënas nou grootliks uitgeroei en, in plaas van beensplinters, versamel die volwasse aasvoëls groter en oneetbare stukke been en selfs stukkies porselein en glas. Vanselfsprekend kan die aasvoëlkuikens nie voldoende kalsium uit so 'n dieet verkry nie. Gevolglik verswak die jong voëls se skelette en kom beenbreuke algemeen voor.

Jong aasvoëls is tot die volgende teelseisoen (tot ongeveer vyf maande) gedeeltelik afhanklik van hul ouers vir kos. Daarna vlieg hulle ver van die broeikolonies, wat altyd in hoë bergklowe geleë is, af weg om 'n selfstandige bestaan te probeer voer. Die volwasse voëls bly in die omgewing van die broeikolonies agter. Hoewel kos gewoonlik geredelik beskikbaar is, dra ander faktore in ontwikkelde gebiede verder by tot vrektes van die jong nesverlatende aasvoëls. Sommige voëls vlieg hulself teen drade te pletter, terwyl ander doodgeskok word wanneer hulle op hoëspanningkragdrade gaan sit.

Dr. Ledger en mnr. Mundy beskik reeds oor belangrike inligting van meer as 60 Kransaasvoëlkolonies. Hiervolgens is dit duidelik dat die Transvaal die belangrikste tuiste vir dié bedreigde voëlsoort bied. In dié provinsie kom daar, onder andere, drie groot kolonies voor, elk met sowat 250 broeipare, asook etlike kleiner kolonies. Dit is voor die handliggend dat die sleutel tot die suksesvolle voortbestaan van die Kransaasvoël in die Transvaal geleë is en die twee ambisieuse jong navorsers word alle sukses toegewens met hul aanprysenswaardige poging om inligting te versamel wat daartoe mag bydra dat hierdie besondere voëlsoort van uitsterwing gered word.

◀ *Die Swart Ooievaar is een van die seldsaamste voëlsoorte wat in Suid-Afrika broei.*
Foto: W. Tarboton

DIE SWART OOIEVAAR - Een van die seldsaamste Suid-Afrikaanse voëlsoorte

Warwick Tarboton

Senior Vakkundige Beampte,
Transvaalse Afdeling Natuurbewaring, Nylsvley-natuurreservaat

Twee swart-en-witkleurige ooievaars, wat maklik met mekaar verwar kan word, kom in Suid-Afrika voor. Die mees algemene soort, die Swart Sprinkaanvoël, *Ciconia abdimii,* broei nie in Suid-Afrika nie, maar migreer gedurende die somermaande in groot getalle vanaf Wes-Afrika na die Republiek. Die baie meer seldsame Swart Ooievaar, *Ciconia nigra*, wat in hierdie artikel beskryf word, woon en broei in Suid-Afrika. Op die oog af lyk dié twee voëlsoorte baie na mekaar maar hulle gewoontes verskil aansienlik. Die meer volop Swart Sprinkaanvoël kom gewoonlik in groot swerms voor en word veral in bewerkte lande aangetref. Soms volg hulle trekkers wat ploeg. Partykeer loop hulle weer sistematies heen en weer deur lusernlande, op soek na insekte. Daarenteen word die Swart Ooievaar veral in vleie en waterryke gebiede aangetref. Hulle leef veral op klein vissies en amfibieë. Dié voëlsoort is oorwegend alleenlopend, hoewel hulle soms in groepe saam slaap.

Die Swart Ooievaar is een van die seldsaamste voëlsoorte wat in Suid-Afrika broei. In 1966 het die Kaapse Departement van Natuurbewaring met 'n landwye opname bevind dat daar slegs 14 pare voëls in Suid-Afrika en nog drie in Lesotho broei. Die meeste van dié broeipare het in die Drakensberg en omliggende ranteveld voorgekom. Tydens dié opname is vasgestel dat daar slegs enkele voëls in die Transvaal voorgekom het, maar dat hulle toe glad nie in dié provinsie gebroei het nie. Onlangs het dit aan die lig gekom dat ten minste 15 en moontlik selfs twee keer soveel pare Swart Ooievaars in die Transvaal broei. Die broeiplekke kom veral in die bergagtige dele van die provinsie, soos in die Waterberg, Magaliesberg en Soutpansberg voor. Die onlangse opeenvolgende goeie reënjare kon tot dié toenemende broei-aktiwiteite aanleiding gegee het; dit wil sê as dié unieke voëls nie lank reeds in die Transvaal gebroei het, maar hul broeiplekke bloot net nie vroeër ontdek was nie.

Swart Ooievaars kom vervolgens in klein getalle voor in Rhodesië, Zambië (waar hulle ook broei) en verder noord deur Oos en Noordoos-Afrika tot in Europa en Asië. Hul getalle het die afgelope tyd in Europa geleidelik afgeneem, terwyl min oor dié voëls in Asië bekend is. Gedurende die winter migreer die Europese voëls suidwaarts en party van hulle mag selfs tot by die ewenaar vorder. Hoewel dit voorheen geglo was dat die Europese Swart Ooievaars tot in Suid-Afrika migreer, kon geen bevestigende bewyse tot dusver vir dié vermoede gevind word nie; in die somer vind hier geen waarneembare toename in getalle plaas nie en verder is hier nog geen voëls opgemerk wat in Europa gemerk is nie.

Waterdiertjies word op dieselfde manier as deur 'n reier opgespoor en gevang. Daar word stadig deur vlak water geloop en bewegende prooidiertjies word blitsvinnig opgepik. Wanneer die voëls broei word tot 30 voedseldeeltjies in die krop opgegaar voordat daarmee na die nes gevlieg word. 'n Geval is bekend waar kos vir sover as agt kilometer na die nes aangedra is. Deur die jong voëls in die nes met relatief groter hoeveelhede kos te voer, vermy die groot voëls 'n onnodige heen en weer gevlieg tussen die nes en hul voerplekke en is dit gevolglik vir hulle moontlik om oor groter afstande na kos te soek.

Alle neste wat nog in Suidelike Afrika ontdek is, het op nou rotslyste teen kranse voorgekom. In Europa broei die voëls soms in bome. In alle gevalle word die neste van stokke gemaak en is die platvormagtige struktuur in die middel skottelvormig uitgehol en met gras uitgelê. Normaalweg word drie eiers gelê wat, volgens inligting uit Europa, na 35-46 dae uitbroei. In skrille kontras met die volwassenes, is die kleur van die kuikens se donsvere spierwit. Donkerder vere verdring geleidelik die wit donsvere en wanneer die jong voëls die nes na sowat 9-10 weke verlaat, het hulle 'n dowwe swart kleur. Solank die jong voëls in die nes bly, behou hul snawels die kenmerkende heldergeel kleur. Nadat hulle die nes die eerste keer verlaat, kom hulle vir 'n tyd lank nog gereeld terug om deur hul ouers gevoer te word.

Dit bly nog steeds 'n raaisel waarom die Swart Ooievaar se getalle in Suid-Afrika so beperk is en bly. Daar bestaan voldoende broeiplekke vir veel meer voëls en kos is volop! Moontlik is daar nie voldoende voedsel binne bereik van geskikte nesmaakplekke beskikbaar nie? Tans word daar nog net oor verskillende moontlike bydraende faktore gespekuleer en veel meer navorsingswerk sal in die toekoms op dié interessante voëlsoort gedoen moet word. Alhoewel die voortbestaan van die Swart Ooievaar nog nie allerweë in Suid-Afrika as bedreig beskou word nie, bestaan daar geen twyfel oor die seldsaamheid van dié voëlsoort in die Republiek nie en word die voëls in die Transvaal, soos ook in die ander provinsies, ten strengste beskerm.

Besondere plantsoort ontdek en van uitwissing gered

M.J. VAN BILJON

Beheersuperintendent, Hartbeeshoek Provinsiale Kwekery,
Transvaalse Afdeling Natuurbewaring

rende 1964 is die ontdekking van 'n
seldsame broodboomsoort aange-
en dr. Dyer, 'n bekende plant-
ge, het dié besondere ontdekking
dr. van Hoepen soos volg beskryf:
finding of this species is one of the
botanical discoveries in South Africa
cent times".

e nuwe broodboomsoort is onverwags
e plaas "Onverwacht" by die same-
ng van die Steelpoort- en Olifants-
e ontdek en is baie gepas
phalartos inopinus (inopinus = on-
gs) gedoop.

wettige plantversamelaars het gou
e gebied toegesak om van die besondere boomsoort vir hul private versamelings te probeer bekom. Die gevaar het ontstaan dat *E. inopinus* uit die natuur sou verdwyn. Op 'n stadium was navorsers van net een vroulike plant in die wêreld bewus. Uitwissing het dié pas ontdekte en uiters seldsame plantsoort dus in die gesig gestaar. Daadwerklike optrede deur die Afdeling Natuurbewaring het dié dreigende gevaar egter net betyds afgeweer.

'n Paar bome wat van onwettige eienaars teruggeneem is, het die geleentheid gebied om dié besondere boomsoort beter te bestudeer en selfs kunsmatig te kweek. Stuifmeel wat van 'n manlike plant versamel is, is gebruik om 'n vroulike boom kunsmatig te bevrug. Die resultate was bo verwagting gunstig. Sowat 208 sade van diè seldsame boomsoort het ontkiem en die jong bome word tans by die Provinsiale Kwekery te Hartbeeshoek vertroetel en grootgemaak.

Die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring stel dit homself ten doel om seldsame en bedreigde plantsoorte te kweek en daaropvolgend in geskikte natuurlike gebiede te hervestig. Vir plantkundiges en talle plantliefhebbers sal die suksesvolle hervestiging van *E. inopinus* sekerlik 'n besondere mylpaal in die geskiedenis van die bewaring van seldsame plantsoorte verteenwoordig.

Kunsmatige bevrugting van 'n wyfie-broodboom by die Hartbeeshoek Provinsiale Kwekery.

Foto: E. Young



Baie min Encephalartos inopinus bome kom nog in die natuur voor.

Foto: Tvl. Afd. Natuurbewaring

'n blouwildebeesparasiet as entstof teen olifantvelsiekte van beeste ingespan

Dr R.D. BIGALKE

Adjunk-Direkteur, Veeartsenykundige
Navorsingsinstituut, Onderstepoort

asiete uit blouwildebeeste word op
derstepoort kunsmatig gekweek om as
stof teen olifantvelsiekte in beeste te dien.

: Onderstepoort — Navorsingsinstituut.

antvelsiekte van beeste is 'n bekende
bleem op beesplase in die Transvaalse
Natalse bosveld. Soos die naam van die
kte aandui, word die vel van besmette
este sodanig aangetas dat dit weens
arverlies, asook verdikking en oor-
tige plooiing van die vel, na die vel van 'n
ant lyk. Aangetaste beeste toon voorts
koors, verminderde eetlus en vermaer-
en mag soms vrek. Bulle kan selfs per-
nent steriel raak.

ot dusver is geen bevredigende ge-
smiddel vir die behandeling van siek
re gevind nie en dit beklemtoon die be-
grikheid van die voorkoming van die
kte. Die onlangse vrystelling deur
derstepoort, van 'n entstof teen olifant-
siekte, het dus vir beesboere in die
smette gebiede aansienlike verligting
oring.

Die ontdekking van die entstof het voortgevloei uit navorsingswerk wat deur Onderstepoort en die Afdeling Veeartsenydiens in die Krugerwildtuin onderneem is. Die navorsers het vasgestel dat parasiete in blouwildebeeste voorkom wat mikroskopies en op die oog af ooreenkom met dié wat olifantvelsiekte in beeste veroorsaak. Die besmette wildebeeste het egter geen tekens van siekte getoon nie.

'n Besondere bevinding met proewe, wat daarna deur 'n span navorsers op Onderstepoort onderneem is, was dat die wildparasiet geen gevaar vir beeste inhou nie, maar dat beeste wat daarmee ingespuit is, immuun was teen olifantvelsiekte. Die blouwildebeesparasiet was dus pasklaar om as entstof teen olifantvelsiekte gebruik te word. Die Onderstepoortse navorsers het ook daarin geslaag om die parasiet kunsmatig in die laboratorium in weefselkultuur te kweek. Sodoende kon die groot getalle parasiete, wat vir entstofbereiding nodig sou wees, geproduseer word.

Uitgebreide laboratorium- en veldproewe wat onderneem is, voordat die entstof vrygestel is, het getoon dat die entstof 'n baie bevredigende immuniteit verwek wat ten minste drie jaar lank duur.

Die rol wat wild in die oordraging van veesiektes kan speel word dikwels sterk beklemtoon. Hier is egter 'n goeie voorbeeld van hoe wilde diere hul deel kan bydra om siektes in ons plaasdiere te bestry. Die moontlikheid is glad nie uitgesluit dat verdere, soortgelyke veeartsenykundige navorsing tot dergelike belangrike ontdekkings kan lei nie.

▲'n Blouwildebeesbul sonder velletsels, maar moontlik besmet met 'n parasiet wat olifantvelsiekte in beeste kan help voorkom.

Foto: P. Barichievy



'n Afrikanerbeesbul met kenmerkende letsels van olifantvelsiekte. ▶

Foto: Onderstepoort — Navorsingsinstituut

lej. J. A. DEEKS

rligtingseksie,
nsvaalse Afdeling Natuurbewaring, Pretoria

NATUURBEWARINGS-VOORLIGTING

id-Afrikaners kan met reg trots wees op
e natuurskoon van ons pragtige land. Die
ke verskeidenheid aan plante en diere-
ve word egter toenemend deur land-
ukundige en industriële ontwikkeling
dreig. Die Transvaalse Afdeling Natuur-
waring besef die erns daarvan dat die
ortbestaan van ons besondere natuur-
enis alleenlik verseker kan word deur
e goeie samewerking en ondersteuning
n die publiek en veral grondeienaars
et seldsame plant- of diersoorte op hul
ase.

In 'n poging om 'n groter **bewustheid** vir
e skoonheid van die natuur en 'n groter
voel van **betrokkenheid** by 'n landwye
waringspoging by die algemene pu-
ek te kweek, het die Afdeling Natuurbe-
aring dit goedgedink om die personeel
aktiwiteite van sy voorligtingseksie uit te
ei. Drie toepaslik opgeleide dames is vir
e doel aangestel. Dit sluit twee ge-
adueerdes in Kommunikasiekunde en 'n
erde met 'n diploma in Natuurbewaring

Die Afdeling se bewaringspoging is se-
ert die begin van 1976 in meer as 'n hon-
erd persberigte en artikels bekend
emaak. Daar is ook aan verskeie radio-
ogramme deelgeneem. Die natuur-
ewaringsboodskap is veral doeltreffend

deur televisie versprei en die S.A.U.K. kan in die besonder vir hul daadwerklike hulp met dié bewaringspoging geprys word.

Die eerste film het oor die beskerming van 'n lewende fosiel, die broodboom, gehandel. Meer as 25 000 boompies van dié seldsame plantgroep is die afgelope paar jaar by die Hartbeeshoek Provinsiale Kwekery gekweek en versorg. Die vang, vervoer en hervestiging van kameelperde het vir verdere opwinding in 'n tweede televisie-film gesorg. Met 'n veiling van wapens van wilddiewe, het die S.A.U.K. die unieke geleentheid benut om natuurbewaring op 'n ander wyse uit te beeld. Die hoogtepunt van hierdie kort reeks, wat tans voortgesit word met die maak van verskeie ander natuurbewaringsfilms, is sekerlik die suksesvolle hervestiging van jagluiperds in die Suikerbosrand-natuurreservaat.

Drie verdere televisiefilms, in die Bill Price-reeks, is gebaseer op die Afdeling Natuurbewaring se navorsingswerk oor seldsame diersoorte, soos die swartwitpens, bastergemsbok en basterhartbees, wat van uitsterwing gered moet word. 'n Nuwe vorm van boerdery, tewete wildboerdery, is ook suksesvol aan die publiek bekend gestel.

Die Afdeling se personeel was voorts ook direk betrokke by die verfilming van die Norma Foster-reeks, ,,Wildlife in Crisis" en een van dié films verleen spesiale aandag aan die vang en versorging van wilde diere. Belangrike deurbrake deur Suid-Afrikaanse veeartse met die behandeling van siek wilde diere is in hierdie en ander films in dieselfde reeks, aan sowat 280 miljoen televisie-kykers oor die hele wêreld bekend gestel. Mej. Foster het nie alleenlik daarin geslaag om die belangrikheid van Suid-Afrika se bydrae tot natuurbewaring onder die aandag van die wêreld te bring nie, maar sy het ook onlangs die internasionale toekenning, ,,Best Location Documentary Series" by geleentheid van die elfde Hollywoodfees vir Wêreldtelevisie, verwerf. Altesaam 29 lande het bydraes vir dié toekenning ingeskryf.

Die natuurbewaringsboodskap is voorts ook by verskillende groot tentoonstellings oorgedra. By die Internasionale Voedsel Expo is inligting oor wildboerdery en die benutting van plaaswild verskaf. Die bewaring van seldsame en bedreigde plant- en diersoorte was, daarenteen, die hooftema op die Pretoria Skou. Behalwe die uitstallings en die vertoning van natuurfilms, is duisende navrae beantwoord. Die publiek se toenemende bewaringsbewustheid, wat duidelik by dié skoue ondervind is, is voorwaar bemoedigend!

Op spesiale versoek en indien omstandighede dit toelaat, kan die voorligtingseksie van die Afdeling Natuurbewaring lesings aanbied en vir filmvertonings aan georganiseerde groepe sorg. Daar word ook jaarliks by verskeie van die grotere landbou en soortgelyke skoue uitstallings gehou. Verder word daar, onder andere, ook deur die maak en beskikbaarstelling van kleurskyfiereekse, natuurbewaringsvoorligting aan die weermag en jeugbewegings verskaf. Weens beperkte personeel en fondse kan daar ongelukkig nie aan alle versoeke voldoen word nie. Desondanks wil ons tog graag 'n vriendelike uitnodiging aan belangstellendes rig om betyds met die Direkteur van Natuurbewaring in verbinding te tree indien u van die Afdeling se voorligtingsdienste gebruik wil maak.

NUWE HOOP VIR DIE BASTERGEMSBOK

Nadat die bastergemsbokgetalle die afgelope drie jaar in die Percy Fyfe-natuurreservaat verdubbel het, kan teelkuddes van dié seldsame boksoort nou ook in die Nylsvley en Doorndraaidam provinsiale natuurreservate gevestig word.

Foto: P. Barichievy



fauna & flora - 30

Transvaalse Afdeling Natuurbewaring

FAUNA & FLORA

TRANSVAALSE AFDELING
NATUURBEWARING

NOMMER 30 JULIE 1977

INHOUD

Wit leeus, swart springbokke en pienk olifante ii
Die tierboskat – 'n gespikkelde kat 4
Blyderivierspoort-natuurreservaat – paradys vir Suid-Afrikaanse primate 6
Suid-Afrikaanse watervoëls vlieg ver 9
Leeunavorsing in die Sabi-Sand-wildtuin 12
Die lammergeier 14
Die steenbok – kluisenaar van die veld 16
Die varswaterpaling – 'n besondere vissoort 18
Inheemse palms van die Transvaal . 20

Voorbladfoto: Die Kalkoenibis
Foto: Lorna Stanton

TRANSVAALSE PROVINSIALE ADMINISTRASIE - AFDELING NATUURBEWARING

Lid Uitvoerende Komitee:
D.S. v.d. M. Brink
Voorsitter van die Adviesraad:
Dr. A.J. Koen
Direkteur:
Dr. S.S. du Plessis
Assistent-Direkteur, Bestuur:
P.le.S. Milstein
Assistent-Direkteur, Navorsing & Voorligting:
Dr E. Young

FAUNA & FLORA:

Redaktrise: Dalene Delport
Uitleg: Dalene Delport

Fauna & Flora is 'n publikasie van die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring en word van tyd tot tyd in Afrikaans en Engels gepubliseer vanaf die Hoofkantoor van die Afdeling, Kerkstraat, Pretoria.

Intekening is gratis. Skriftelike aansoeke moet gerig word aan:
Die Direkteur, Transvaalse Afdeling Natuurbewaring, Privaatsak X209
Pretoria, Transvaal, Republiek van Suid-Afrika, 0001

ISBN 0 7991 0191 5

Gedruk in die Republiek van Suid-Afrika deur Heer Drukkers (Edms) Bpk

Wit leeus, swart springbokke en pienk olifante

Dr. E. Young
Assistent-direkteur, Navorsing en Voorligting, Transvaalse Afdeling Natuurbewaring
en
A.A.v.J. Groenewald
Assistent-direkteur, Nasionale Dieretuin. Pretoria



Wit leeu
Foto uit: *Wit leeus van die Timbavati deur Chris McBride.*
Uitgegee deur Ernest Stanton, Jhb.



Wit leeus en swart springbokke kom deesdae meer algemeen in internasionale sportspanne as onder wilde diere in die natuur voor. Die spreekwoordelike pienk olifant maak ook meer algemeen sy verskyning in die openbare lewe as wat dit in die natuur die geval is. Nietemin, daar bestaan wel wit leeus, swart springbokke en pienk olifante in die natuur en in meegaande foto's word voorbeelde van interessante kleurafwykings in verskillende wilde diersoorte weergegee.

Die kleure van diere ontstaan op verskillende maniere. Die besondere helder weerkaatsende kleure van poue, glansspreeus en gouemolle is, byvoorbeeld, te wyte aan ligweerkaatsing op spesiaal vervormde selle in dié diere se vere of hare. Sulke kleure word strukturele kleure genoem.

In soogdiere speel die kleurstof, melanien, veral 'n belangrike rol by die vasstelling van elke besondere diersoort se spesifieke kleur. Wanneer melanien in abnormale hoë of lae konsentrasies, of in

Albino-waterbok
Foto: Tvl. Afd. Nat.
<

Springbokke van vele kleure.
Foto: Tvl. Afd. Nat.
V





'n ander kleur as swart voorkom, is onnatuurlike dog interessante kleurafwykings soms die gevolg. Laat ons na 'n paar voorbeelde kyk.

Wanneer die dier se hare oormatige hoeveelhede melanien bevat en dié kleurstof pikswart is, word die toestand melanisme genoem. Swart luiperds, springbokke, rooibokke en klipspringers is al opgemerk. Gedeeltelike melanisme kom ook soms voor, soos in die geval van die Burchell se sebra op meegaande foto.

Soos by die mens kom albino's ook by ander wilde diere voor. Albinisme is die gevolg van 'n gebrek aan die melanien-pigment in die mens of dier se vel en hare. By ware albino's is die oë pienk. In gevalle van gedeeltelike albinisme kom 'n geringe hoeveelheid melanien nog voor en is die wit dier se oë, asook van die ander liggaamsdele, soms donkerder van kleur. By albino-olifante is die velkleur, soos by die mens, wit of lig rooskleurig.

Albinisme is nie 'n algemene verskynsel nie. Desnieteenstaande is daar, benewens 'n hele paar albino-olifante ook reeds wit waterbokke, bosbokke, rietbokke, blesbokke, rooibokke, springbokke, klipspringers, elande, seekoeie, kameelperde, blou-ape, geelmeerkatte, vlermuise, ystervarke en krimpvarkies opgemerk.

Albinisme is ook 'n bekende verskynsel by voëls, visse, reptiele en ongewerwelde diere. Die onlangse ontdekking van twee wit leeus in die Timbavati-privaatnatuurreservaat, langs die Krugerwildtuin, het veral besondere belangstelling uitgelok.

Rufinisme is 'n derde kleurvariëteit wat ontstaan wanneer 'n rooi of rooibruin vorm van melanien in groot hoeveelhede in die vel en hare voorkom. Die bekende "rooi" luiperd wat vir jare lank deur die Nasionale Dieretuin in Pretoria aangehou was, is 'n goeie voorbeeld van hierdie tipe kleurafwyking.

In latere uitgawes van Fauna en Flora sal die wonders, en besondere belang van kleure in die natuur, weer eens onder die soeklig geplaas word. Lesers word hiermee vriendelik versoek om enige kleurafwyking, wat nie in die artikel vermeld is nie, asook enige ander besondere en interessante natuurverskynsels, onder die aandag van die skrywers van die artikel te bring.

<

'n Buitengewone wit kameelperd.
Foto: E. Young

Burchell se sebra: meer as net swart strepies.
Foto: D. Wolff
>

Olifante wat in wit modder gebad het kan verkeerdelik vir albino's aangesien word.
Foto: W. Massyn
V

Die tierboskat ~ 'n gespikkelde kat

Dr. Reay H.N. Smithers, *Senior Navorsingsbeampte*
Soogdier-navorsingsinstituut, Universiteit van Pretoria

Die tierboskat is lid van die baie bekende katfamilie of Felidae. Dit sluit onder meer die leeu, luiperd en jagluiperd of die "groot katte", soos hulle algemeen bekend staan, in. Die ander vier lede van die familie, die "klein katte", is die vaalboskat, rooikat, swartpootwildekat en die tierboskat.

Die beperkte verspreiding van die tierboskat kan toegeskryf word aan die feit dat hy gewoonlik net in gebiede met volop water aangetref word. Gedurende die dag skuil die tierboskat in die lang grasse of ruiebos.

Weens die sierlike lyne en helder kleure van die tierboskat, word hy as een van die mooiste kleiner katte beskou. Die lang bene van die tierboskat stel hom in staat om sy prooi maklik neer te trek. Hoewel 'n nagdier, jag hy in die vroeë oggend of laat middag, maar soms gebeur dit ook dat hulle op bewolkte dae tot laat in die oggend jag.

Sy dieet bestaan hoofsaaklik uit kleiner soogdiere en voëls, en word met slange, akkedisse, insekte en paddas aangevul. Die tierboskat vang ook knaagdiere en is veral van groot waarde in landbougebiede.

Soos die rooikat, spring die tierboskat ook in die lug om 'n vlieënde grassprinkaan of 'n voël tussen sy voorpote te vang. Die prooi word in die lug katswink geslaan en dan gegryp.

'n Werpsel bestaan gewoonlik uit twee of drie kleintjies. Hoewel die kleintjies verder noord gewoonlik gedurende die laaste somermaande gebore word – Januarie tot April – kom geboortes so laat as Junie ook voor. Die wyfie is baie waaksaam en sodra sy gevaar gewaar, sal sy die kleintjies een vir een na 'n veiliger skuiling neem. Sodra die kleintjies op hulle eie kan beweeg, leer sy hulle om self te jag.

Hoewel tierboskatte in gevangenskap tot twaalf jaar oud word, kon hulle lewensduur in die natuur nog nie bepaal word nie. Pogings is aangewend om die tierboskat en vaalboskat in gevangenskap te laat verbaster en die nageslag is reeds volgroeid. Op tweejarige ouderdom het die baster die algemene bou van 'n vaalboskat gehad, met dié kat se kop, gesig en kort bene. Die pels is egter oorwegend donker grys en met kolle soos 'n tierboskat bedek.

Navorsing op die tierboskat maak deel van 'n groter projek oor die klein vleisetende diere van Suidelike Afrika uit.

Hierdie projek word geborg deur die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring en die WNNR. Die tierboskat is een van ons kleiner katsoorte wat die moeite werd is om te beskerm, nie alleen vir sy aantreklikheid nie, maar ook omdat hy nuttig is.

Verspreiding van die tierboskat in Suidelike Afrika.
V

Die tierboskat – een van die mooiste kleiner katte.
Foto: L. Stanton
>



Blyderivierspoort-natuurreservaat – paradys vir Suid-Afrikaanse primate

Cecilia Louw, *Voorligtingsbeampte*
Transvaalse Afdeling Natuurbewaring

Primaat, wat "eerste" beteken, is die naam wat Linnaeus gekies het om die diere-orde, wat die sowat tweehonderd soorte ape, bobbejane en die mens insluit, te benoem.

Vanweë die verskillende habitattipes waaroor die Blyderivierspoort-natuurreservaat beskik, word al ses Suid-Afrikaanse primate, te wete, die mens, die bobbejaan, blou-aap, samango-aap, bosaap en nagapie, in dié gebied aangetref.

Die bobbejaan, *Papio ursinus*, waarskynlik die mees bekende van die primate, kom hoofsaaklik in die rotsagtige hellings voor. Wanneer dié interessante diere kos soek, beweeg hulle in troppe. Dié bobbejaan is 'n omnivoor en benut 'n groot verskeidenheid voedsel.

Ander soogdiere maak, veral by drinkplekke, staat op die effektiewe opmerksaamheid van die bobbejaan. Die groot mannetjies is uitsonderlik sterk en baie vinnig van humeur.

Omdat die luiperd die bobbejaan orals kan volg, word hy as sy grootste vyand beskou en die teenwoordigheid van 'n roofdier kan 'n hele trop histeries van angs maak.

Klein bobbejaantjies kom met pienk gesiggies in die wêreld en klou aan die moeder se bors vas. Later ry hulle soos ruiters op haar rug rond. Die bobbejaan het nie 'n vasgestelde teelseisoen nie en kleintjies word dwarsdeur die jaar gebore. Die draagtyd is sewe maande.

Die blou-aap, *Cercopithecus aethiops,* kom oral in die Blyderivierspoort-natuurreservaat voor, hoewel dit lyk of dié dier beter in die bosgedeeltes aangepas is. Hulle leef van wilde vrugte, blare, voëleiers, spinnekoppe, insekte, sade en wilde plante. Die luiperd, groter valke en luislange is vyande van die blou-aap. Kleintjies word deur die jaar, na 210 dae

van swangerskap gebore. Wanneer die trop vinnig moet beweeg, klou die kleintjies aan die moeder se bors vas of ry op haar rug.

Die Samango-aap, *Cercepithecus mitis*, is in die Blyderivierspoort beperk tot die immergroen woud. Hoewel dié skaars aapsoort nie so lawaaierig soos die blou-aap is nie, het hy 'n kenmerkende geluid waarmee hy maklik geïdentifiseer kan word. Hulle kom in klein groepies voor en word deur verskillende roofdiere,

Die blou-aap beweeg in bome wat langs riviere groei.
Foto: D. Wolff
Λ

Die Samango-aap het 'n kenmerkende geluid waarmee hy maklik geïdentifiseer kan word.
Foto: L. Stanton
<

<<
Die bobbejaan word hoofsaaklik in die veld en op rotsagtige koppies in die reservaat aangetref.
Foto: D. Wolff

vaaronder grotere roofvoëls soos die roonarend, bedreig.

Die bosaap, *Galago crassicaudatus*, is 'n oomlewende nagdier en word in die lyderivierspoort-natuurreservaat in die erg- en rivierwoude aangetref. Die iertjie verraai sy lokaliteit deur die geveldige lawaai wat dit tydens hulle trooptogte in die nag maak. Een of twee leintjies word op 'n keer in neste van lare in hol boomstappe gebore.

Die nagapie, *Galago senegalensis*, is 'n nsekvretende primaat wat in die savanegedeeltes van die Blyderivierspoort-atuurreservaat voorkom.

Dié aantreklike lewendige diertjie, eweeg gemaklik, met asemrowende pronge, van tak tot tak. Hulle beweeg lleen of in klein groepe en slaap bedags n hol boomstamme of grasneste. Hoewel nuskeljaatkatte ook graag nagapies vang, vord uile as hulle grootste vyand beskou.

Vanweë 'n ooreenkoms in anatomie, isiologie en sosiale gedrag, word die nens saam met die primate geklassifiseer. Die Blyderivierspoort-natuurreservaat, vat ook deur mense bewoon en besoek vord, is in die unieke situasie om van die nin plekke te wees waar al ses die Suid-frikaanse primate voorkom.

Die nagaap beweeg met asemrowende sprongе, emaklik van tak tot tak.
oto: P. Barichievy
^

Die bosaap – 'n boomlewende nagdier.
oto: P. Barichievy
>

Suid-Afrikaanse watervoëls vlieg ver

Richard Dean, *Natuurbewaringsbeampte*
Transvaalse Afdeling Natuurbewaring

Gedurende sekere tye van die jaar, migreer talle voëls van een omgewing na 'n ander. Sommige voëls bly gedurende die broeiseisoen in een gebied en beweeg dan na ander gebiede gedurende ander tye van die jaar. Andere se bewegings word weer tot 'n groot mate deur die beskikbaarheid van kos en ander lewensbehoeftes bepaal.

Eende, *Anatidae,* migreer nie net gedurende die broei of ververingsseisoen nie, maar ook wanneer kos in ander gebiede beskikbaar is. Die eende in Suid-Afrika het geen gereelde seisoenale bewegings soos die eende van die noordelike halfrond nie. Gedurende hul ververingstydperk kan hulle nie vlieg nie en skuil dan gewoonlik by groter mere en damme.

Navorsing oor die beweging van drie plaaslike spesies naamlik die geelbek-

Die bruin-eend kom hoofsaaklik in die oostelike helfte van die sub-kontinent voor.
Foto: L. Stanton
V

end, *Anas undulata*, rooibek-eend, *Anas rythrorhyncha*, en bruin-eend, *Netta erythropthalma*, het getoon dat hierdie speies baie beweeglik is. Eende wat by die Ornitologiese Navorsingstasie te Barberspan met klein metaalringe gemerk is, s sover as Kenia in die Ooste en Suid-Angola in die weste waargeneem. Die ang afstand bewegings van die spesies word op die gepaardgaande kaart aangedui.

Geelbek-eende wat by Barberspan gemerk is, se bewegings was hoofsaaklik ot Transvaal, Vrystaat en Natal beperk. n Aantal van die voëls is ook in Kaaptad en selfs in Gobabis, in Suidwes-Afrika opgemerk.

Rooibek-eende het so ver noord as Sá da Bandeira in Angola beweeg. Van die gemerkte voëls is ook in Zambië en Mosambiek opgemerk. Die bruin-eend is vanaf die Meer Naivasha, Kenia tot sover as Kaapstad in die suide gevind.

Omgewingstoestande speel 'n belangrike rol by die beweging van dié drie spesies. Gedurende die droë seisoen word hulle gewoonlik by groot waters soos Barberspan aangetref. Gedurende die reënseisoen vertrek hulle weer na ander oorstroomde habitatte om te broei.

Sommige voëls verveer in een gebied, paar in dieselfde of 'n ander gebied, broei moontlik nog in 'n derde gebied en gaan oorwinter weer in 'n ander gebied. In sulke gevalle is dit noodsaaklik om die nodige beskerming aan sulke voëls in dié gebiede te gee. Dié trekvoëls bemoeilik hulle bewaring aansienlik en effektiewe bewaring is slegs moontlik indien die nodige samewerking tussen die betrokke lande bestaan.

Die geelbek-eend word hoofsaaklik in Transvaal, Natal en in die Vrystaat aangetref.
Foto: L. Stanton
>

Gedurende hulle ververingstydperk vlieg rooibek-eende na ander gebiede om daar te skuil.
Foto: L. Stanton
>>

Vliegafstande van Bruin-eende (Fig 1), Rooibek-eende (Fig 2) en Geelbek-eende (Fig 3), wat by die Barberspan Ornitologiese Navorsingstasie gemerk is.











Leeunavorsing in die Sabi-Sandwildtuin

Petri Viljoen, *Senior Vakkundige Beampte*
Transvaalse Afdeling Natuurbewaring

Deur al die eeue heen het die leeu 'n groot invloed op die tradisies en mites van die mens gehad. Dié grasieuse katsoort, wat reeds sedert die vroegste eeue as die koning van die diereryk beskou word, het oorspronklik wydverspreid deur Afrika voorgekom. Namate natuurlike gebiede deur die mens bevolk is, het die verspreidingsgebied van die leeu gekrimp.

Leeus is in Suider-Afrika hoofsaaklik tot die Kalahari-Gemsbok Nasionale Park, Nasionale Krugerwildtuin en Etosha-wildtuin beperk. Kleiner groepies kom in die Umfolozi-wildtuin en sekere van die natuurreservate, aangrensend aan die Krugerwildtuin, voor.

'n Omvattende ondersoek van die leeus in die Sabi-Sandwildtuin word tans deur die Transvaalse Afdeling Natuurbewaring gedoen. Dié reservaat, aangrensend aan die Krugerwildtuin, is in privaatbesit en beslaan 575 vk km. 'n Groot verskeidenheid wildsoorte, wat wissel van olifante en leeus tot 'n verskeidenheid boksoorte, word hier aangetref.

Hoewel dié opname hoofsaaklik gemaak word om die leeugetalle in die reservaat te bepaal, word hul verspreiding en bewegings ook bestudeer.

Omdat leeus in die nag meer aktief is, word hulle dan gevang en gemerk. Om die leeus nader te lok, word 'n bandopname van roofdiergeluide net na sononder gespeel. 'n Bokkarkas word ook in die omgewing geplaas om die leeus nader te lok. Terwyl die leeus aan die karkas vreet, kan hulle dus maklik vanaf 'n voertuig met 'n verdowingspyl geskiet word.

Na immobilisering word die leeus met oorplaatjies van verskillende kleure gemerk, sodat hulle maklik van mekaar onderskei kan word. Sodoende kan die bewegings van individuele leeus en leeutroppe gevolg word.

Die leeu is een van die meer sosiale katsoorte wat in redelike stabiele groepe voorkom. 'n Groep bestaan gewoonlik uit 'n kern van drie tot tien of meer volwasse leeuwyfies, vergesel deur 'n kleiner groepie volwasse mannetjies. Die trop sluit ook welpies en jong leeus in. Al die lede van die leeutrop is selde bymekaar. Enkeles dwaal dikwels vir lang periodes op hulle eie rond.

Elke leeutrop het 'n woongebied wat gewoonlik verskeie kilometers in deursnee is. Vreemde leeus word veral deur die mannetjies weggehou. Sulke woongebiede het geen duidelike afgebakende grense nie, en kan selfs na gelang van seisoene verskuif. Soms raak sekere leeus nomadies en volg dan die wildtroppe.

Omdat leeus so gewild onder toeriste is, bly dit een van die groot aantreklikhede in 'n reservaat. Daarby saam help leeus en ander roofdiere om 'n ewewig onder prooidiere te handhaaf en vervul hulle 'n baie belangrike rol in die natuur.

Mnr. Petri Viljoen besig om die mates van 'n leeu te neem tydens die populasiestudie in die Laeveld.
Foto: N. Zambatis
V

Koning van die diere.
Foto: D. Wolff
>

Warwick Tarboton, *Senior Vakkundige Beampte*
Transvaalse Afdeling Natuurbewaring

DIE LAMMERGEIER

Die Lammergeier of Lammervanger het 'n lang wigvormige stert wat kenmerkend gesprei is wanneer hy vlieg. Die lang, swart haaragtige vere wat sy oë omring en tot onder sy snawel in twee klosse hang, gee aan diè voël 'n bebaarde voorkoms. Dié reusagtige voël het 'n vlerkspan van 2,5–2,8 meter.

Sommige wetenskaplikes beweer dat 'n Lammergeier aan die aasvoël verwant is, maar die bewering kan nie bevestig word nie, omdat die Lammergeier ook karaktertrekke van die arend toon.

Lammergeiers woon gewoonlik in hoë bergreekse en hulle verspreiding deur Afrika, Europa en Asië word op die aan-

Hoewel lammergeiers vroeër jare volop voorgekom het, word hulle vandag baie selde gesien.
Foto: J. Jacques
>

Verspreiding van die Lammergeier deur die wêreld.
V



gehegte kaart aangedui. In Suidelike Afrika is hulle tot die hoë plato van Lesotho en die Natalse Drakensberge beperk. Hoewel hulle totale populasie hier op minder as honderd geskat word, is die voëls nie orals so skaars nie. In Ethiopië word hulle algemeen aangetref en in Tibet word hulle as "volop" beskryf.

Volgens die vroeë reisigers was Lammergeiers nie altyd so skaars in Suid-Afrika nie. Hulle het die voëls in Kaapstad, Durban en in groot dele van die Oos Kaap aangetref. As gevolg van 'n gebrek aan aas en uitwissing deur mense, het die getalle van dié voël so drasties verminder.

Lammergeiers kan in die algemeen as aasvreters beskou word en sal karkasse plunder nadat die aasvoëls daarmee klaar is. Hulle word maklik deur aasvoëls gedomineer en kry gewoonlik net die oorskiet stukke en bene.

Terwyl hulle hoog in die lug sirkel, is hulle die hele tyd op die uitkyk vir moontlike prooi. Gevalle is bekend waar hulle lewendige prooi, soos dassies, vang. Dit maak 'n belangrike deel van hulle dieet uit.

'n Interessante feit aangaande dié voël is dat hy stukke been uit die lug op rotse laat val om dit te breek. Lammergeiers het die gewoonte om bene op dieselfde rots te gooi sodat die rots later met beensplinters besaai is. Die lammergeier nader die rots gewoonlik wind af om sodoende sy spoed te vermeerder. Wanneer hy die been los verminder hy sy spoed en land. Die hele proses word gewoonlik 'n paar keer herhaal.

'n Geloofwaardige waarnemer vertel hoe 'n lammergeier 'n lewendige dassie so uit die lug laat val en toe gaan land het om dit te eet. Dit laat mens dink dat hulle dié tegniek ook gebruik om hulle prooi dood te kry.

Hoewel hulle in Suidelike Afrika gedurende die winter nes maak, geskied dit elders gedurende die somer. Die nes word gewoonlik op 'n beskermde lys onder 'n hoë rots gemaak en daar word baie keer jaar na jaar op dieselfde plek gebroei. Die broeityd duur gewoonlik vier maande. Hoewel een of twee eiers gelê word, word net een kuiken gewoonlik grootgemaak.

Die kuikens is gewoonlik roetagtig bruin en wanneer hulle begin vlieg, is hulle herkenbaar aan hulle bruin koppe en nekke. Die voëls ontwikkel eers op 'n ouderdom van vyf jaar vere kenmerkend van die volwasse voël. Daar is ook gevalle bekend waar voëls reeds gebroei het voordat hulle volgens hulle veredrag volwassenheid bereik het.

Indien dié manjifieke voël nie in die toekoms beskerm word nie, is dit te betwyfel of hy nog lank sal kan voortbestaan.

Die steenbok ~ kluisenaar van die veld

Michael Cohen
Vakkundige Beampte
Transvaalse Afdeling Natuurbewaring

Die bekoorlike ratse steenbokkie word nêrens anders in die wêreld as in Afrika aangetref nie. Hulle kom wyd verspreid in die Republiek voor en word vanaf die mees suidelike punt in die land tot by die noordelike grense aangetref.

Volgens dierkundiges is steenbokke lede van 'n bekende groep dwergbokke. Al die lede van dié groep is klein van gestalte. Lede van die groep sluit die grysbok, klipspringer, oorbietjie en dikdik in. Die kleur van die bok is 'n tipiese helder rooi-vaalbruin met 'n silwer skynsel. Die onderdele van die lyf en boude is spierwit. Dié fyn bok het 'n gemiddelde skouerhoogte van 52 cm en 'n massa van 11 kg. Die bok het 'n kenmerkende groot paar ore en sy stert is nie veel meer as 'n kwassie nie.

Die steenbok bly in 'n beperkte klein gebied en ander diere van dieselfde geslag en soort word nie toegelaat nie. Hierdie gedrag het tot gevolg dat steenbokkies 'n afsonderlike bestaan voer en dikwels alleen wei. Steenbokke is ware kluisenaars en hulle beweeg baie selde saam met ander diere.

Ten spyte van die afgesonderde leefwyse van die steenbok word hul dikwels in die nabye teenwoordigheid van ander steenbokke wat hulle òf kan ruik òf kan sien, aangetref.

Steenbokke word nie toevallig in sekere gebiede aangetref nie. Die steenbok baken vir homself 'n bepaalde loopgebied af, ook genoem 'n territorium, en maak seker dat daar in dié gebied voldoende weiding en skuiling vir hom of haarself en vir die lammertjies is. Steenbokke kom gedurende al die seisoene in dieselfde gebied voor en beweeg nie van een gebied na 'n ander nie.

Die territoriums word op verskillende maniere gemerk. Mishopies word rondom die gebied gemaak of so nie word klierafskeidings teen boomstamme en grasse afgesmeer. Dit dien as waarskuwing vir steenbokke van aangrensende gebiede dat dié gebied reeds beset is. Van die afskeidings kom uit die keel van die steenbok en is uniek aan die bepaalde diersoort.

Die steenbok word tans effektief in Suid-Afrika beskerm en net soos met baie ander van ons spesies, is besetting deur die mens skynbaar die enigste bedreiging vir hulle toekoms.

Die oorbietjie is ook lid van die bekende groep dwergbokke.
Foto: P. Viljoen
V

Die skugter steenbok.

Foto: L. Stanton
>

Die varswaterpaling – 'n besondere vissoort

Madagaskarbontpaling.
Anguilla marmorata.

Feltus Brandt
Senior Vakkundige Beampte
Transvaalse Afdeling Natuurbewaring

Hoewel varswaterpalings nie baie deur die hengelaar gevang word nie, vind die varswaterbioloog dit 'n besondere interessante kreatuur. Net so, verskaf die fynproewer 'n voortreflike mark wat tot ekonomiese ontginning van hierdie slangagtige vissoort lei.

Daar is sestien palingsoorte beskryf, waarvan drie algemeen in die oosvloeiende riviere van die Republiek van Suid-Afrika en Rhodesië aangetref word. Varswaterpalings kom nie aan die weskus van Afrika voor nie. Die lewenssiklus van palings in varswater is reeds goed bestudeer, maar hul lewe in die see bly nog steeds 'n raaisel vir die mens. Daar word van die veronderstelling uitgegaan dat palings in die diepsee by ongeveer 400–700 meter en in die geval van Suid-Afrikaanse palings, oos van Madagaskar, broei.

Die pas-uitgebroeide palings, ook genoem leptocephali, het 'n blaaragtige voorkoms en word in die somermaande deur seestrome na die vasteland aangedryf. By riviermondings ondergaan die larwes hul eerste gedaanteverwisseling om nou as klein volwaardige palings of elwers met hul lang trek, dikwels meer as 1 000 km, die binneland in te dring. Hul verblyf in varswater word aan voeding, groei en geslagtelike ontwikkeling gewy en kan selfs so lank as 10 tot 30 jaar duur.

Gedurende die laaste somer van hul verblyf in varswater ondergaan die "bruinpaling" – die naam is ontleen aan sy kleur tydens dié groeifase – 'n finale gedaanteverwisseling as voorbereiding vir sy lewe in die see. Die paling ontwikkel groot oë, 'n eienskap wat aan diepseevisse gekoppel word, die vel verkleur na 'n skitterende silwer glans en 'n wit glinsterende buikgedeelte kom ook te voorskyn. Wanneer riviere in vloed is, word die lewenssiklus afgesluit met die lang trek van die "silwerpaling" na die see waar hulle dan vermoedelik na die broeigronde van hul voorvaders terugkeer, 'n enkele broeisel voortbring en dan sterf.

Die massa-migrasie van silwerpalings is dikwels die basis waarop die Europese palingbedryf berus. Daar word jaarliks ongeveer 25 000 ton palings in natuurlike waters vir bemarking geoes. Europa vorm die grootste afsetgebied en verorber jaarliks nie minder as 22 000 ton palings nie. Suid-Afrika het nog nie dié bedryf betree nie. Oosterse lande, veral Japan, word genoodsaak om elwers in riviermondings te vang en in oop damme of damme met lopende water groot te maak.

Terwyl palings nog klein is, kan hulle op verbasende wyse hindernisse soos damwalle in riviere oorkom deur in rotsskeure en teen nat mosoppervlaktes op te wurm. Namate die palings groter word, vind hulle dit al hoe moeiliker om in riviere te beweeg en voedstrome bokant groot watervalle en besproeiingskemas word dan uitgesluit. Palings is vleisetend en daarvoor bekend dat hulle graag op varswaterslakke voed, waarvan sommiges die tussengasheer van bilharsia, 'n bloedparasiet in soogdiere is. Die vraag word nou gestel of daar 'n verband tussen die toename en verspreiding van die parasiet en die oënskynlike afname van palings in Suid-Afrika is.

Palings is uitstekende hengelvisse en kan effektief met erdwurms, krappe en klein vissies gevang word. Palings word gewoonlik gedurende die nag gevang en omdat hulle 'n massa van 10–20 kg bereik, is sterk hengelgerei nodig om dié groottes aan te keer.

>
Die lewenssiklus van die varswaterpaling.

Die lewenssiklus van die varswaterpaling


1. Leptocephali in see
vervoer d.m.v. seestrome
Broeigronde
2. elwer in riviermonding
aktiewe migrasie na die binneland
Hou op met voed
4. Silwerpaling migreer in massas terug na die see om te broei
3. Bruinpaling wat voed en groei in varswater



Nick Zambatis
Natuurbewaringsbeampte
Transvaalse Afdeling Natuurbewaring

Inheemse palms van die Transvaal

Die palm-familie, wat uit sowat 1 000 spesies bestaan, word wydverspreid in die tropiese en sub-tropiese dele van die wêreld aangetref.

In die tropiese dele is dié bome tot nut van die mens en vervaardig hulle produkte daarvan. Slegs twee inheemse palms word in die Transvaal aangetref, tewete, die wilde dadelpalm, *Phoenix reclinata,* en die ilala of waaierpalm, *Hypaene natalensis.*

Die wilde dadelpalm, is in sekere gevalle 'n stamlose veeragtige bos terwyl ander weer baie kort stamme het. In die meer tropiese dele is dié plant meerstammig met lang gebuigde stamme. Dit gee aan dié boom 'n baie aantreklike voorkoms. Die palm groei dikwels op rivieroewers, maar kom ook meesal in die sandbeddings voor.

Die eiervormige dadel, wat ooreenstemming met 'n gewone dadel toon, is ietwat kleiner met 'n enkel, diep gegroefde saad. Dié saad is met 'n dun vleisagtige laag bedek. Bobbejane en ape is baie lief om beide die dadel en die sagte nuwe uitloopsels te eet. Verskeie soorte voëls eet ook die dadels en help sodoende om die saad te versprei. Olifante op hulle beurt eet behalwe die dadels, die blare en wortels. Die larwes van 'n groot bruin skoenlapper, die Palmboom Nagvegter, *Zophopetes dysmephilia,* leef van die blare.

Vir die swartman is die palm ook van nut op verskeie maniere. Die hart van die kroon word geëet en die hoofnerf word gebruik om matte en mandjies te weef. Die ou bloeiwyses word as besems gebruik. Besems en borsels word ook van die stamvesels vervaardig.

Tydens die jong Xhosa-seuns se inisiasieseremonie dra hulle bedekkings wat van die blare van die palm gemaak word. 'n Alkoholiese drank, wat soos gemmerbier smaak voordat dit gegis het, word van die sap gemaak.

In die Transvaal word die wilde dadelpalm volop in die Oostelike Laeveld en die Nasionale Krugerwildtuin aangetref. Die palm groei ook in die effens hoër dele van die Oostelike Provinsie, Transkei, Natal en Zululand. Verder kom dit ook in tropiese Afrika tot in Egipte voor.

Die ilala of waaierpalm verkies laagliggende gebiede in die somerreënvalstreke. Dié palm groei hoofsaaklik in die droë sandgrond op die oewers van riviere. Dié boom word ook in vlaktes aangetref. In die Nasionale Krugerwildtuin vorm die bome bosse. Andersins is die palm ook in Natal, Swaziland en tropiese Afrika aanwesig. Die plant het waaiervormige blare en is grys-groen van kleur. Palmwindswawels maak hul neste op die onderkant van die blaar en die nes word met 'n speekselgom aan die blaar vasgesit. Dié palm het 'n eetbare vrug wat peervormig is met 'n donkerbruin kleur. Die vrug neem sowat twee tot drie jaar om ryp te word. Die soet vleis van die vrug smaak soos gemmer en vorm 'n dun laag oor 'n harde veselagtige pit. Dié laag is ongeveer 4 mm dik. Binne die vrug is 'n harde wit pit wat soos ivoor lyk. Daarom word daar soms ook na die palm as die "ivoor neutpalm" verwys.

Die Swartman gebruik die vrug op verskillende maniere. Van die harde wit saad word ornamente en knope gemaak, terwyl die vleis deur hulle geëet word. Die vrug word ook deur bobbejane en ape geëet, terwyl olifante weer die uitloopsels en jong blare verkies.

Mandjies, matte, hoede en toue word van die blare gemaak en dit word ook as dekstrooi gebruik. Die sap word gebruik om 'n drank met 'n hoë alkoholiese inhoud te maak. Dié sap word uit die afgesnyde groeipunt gekry. Dit laat die palm egter doodgaan. 'n Boom met 'n gemiddelde grootte produseer sowat 68 liters vloeistof.

Palms word reeds vir eeue vereenselwig met 'n idealistiese lewe van rus en vrede. Hierdie pragtige dog primitiewe bome is 'n aanwins vir enige landskap.

Die waaierpalm met sy waaiervormige blare.
Foto: N. Zambatis
∧

>
Die wilde dadelpalm wat op verskillende maniere deur die Swartman gebruik word.
Foto: N. Zambatis

O pragtig die kleur wat die skemeraand spre